DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE GEMEENTE STELLENBOSCH-NOORD:

’n SKUIWENDE IDENTITEIT

Theunis Johannes Henn

“Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch”

Studieleier: Prof. H. Jurgens Hendriks

Desember 2009

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 12 Oktober 2009.

Kopiereg © 2009 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Opsomming

Die hipotese van hierdie studie is dat die identiteit van die NG Kerk Stellenbosch-Noord geskuif het van ʼn gemeente wat gerig was op haar voortbestaan as ʼn ideologies-gedrewe gemeenskap binne ʼn bepaalde bevolkingsgroep, na ʼn gemeente wat missionaal begin dink het op grond van ʼn nuwe verstaan van wie God is, en in die lig hiervan, wat kerk behoort te wees . Sy het haar roeping nuut ontdek in en deur haar betrokkenheid met 'die ander' wat in haar omgewing in nood verkeer.

Drie teologiese konstrukte is gekies om die besluitnemingsproses in die tydlyn van die gemeente teologies te evalueer, naamlik:

- die onderskeiding van wie die Drie-Enige God is, bepaal die manier van kerkwees;
- die werking van die Heilige Gees in die onderskeiding van die *missio Dei*; en
- die inkarnasie van Jesus as riglyn vir die uitleef van die *missio Dei*.

Die bespreking van die tydlyn van die gemeente vorm ʼn sentrale deel van die studie. Die teologiese konstrukte sowel as die makro- en mesokontekste is bespreek en dan in verband gebring met die tydlyn om te evalueer in hoeverre die besluitnemingsproses ideologies of missionaal gedrewe was.

Verder is ʼn etnografiese studie in die gemeente gedoen om die identiteit van die gemeente aan die einde van 2007 te bepaal. Hierdie studie het metodologies konstruktiewe replikasie verskaf vir die bevindinge in die tydlyn, en die hipotese dat daar wel ʼn paradigmaskuif plaasgevind het, as waar bewys. Die skuif hét plaasgevind: van ʼn ideologies-gedrewe gemeente, na ʼn gemeente wat die *missio Dei* onderskei om die *missiones ecclesiae* te vorm.

Abstract

The hypotheses of this study is that the identity of the Dutch Reformed Church Stellenbosch North shifted from a congregation focusing on her existence as an ideologically driven community within a specific population group, to a congregation starting to think missionally from a new understanding of the Triune God. In the discernment thereof, she discovered what the church should be. She discovered her vocation anew through her involvement with the need of the 'other' in the neighbourhood.

Three theological constructs were chosen, namely:

- the discernment of who the Triune God is defines the manner of being church,
- the work of the Holy Spirit in the discernment of the *missio Dei*; and
- the incarnation of Jesus as guideline for the praxis of the *missio Dei*.

The three theological constructs were used to evaluate the decision making processes in the congregation.

The discussion of the timeline of the congregation forms a central part of this study. The three theological constructs as well as the macro and meso contexts are discussed, and then related to the timeline to evaluate if the decision making processes were ideologically or missionally driven.

Furthermore, an ethnographic study was conducted in the congregation to establish her identity towards the end of 2007. This study gave a methodological constructive replication of the findings from the timeline and further proved the hypotheses correct that a paradigm shift did take place. The paradigm did shift from an ideologically driven congregation to one that discerned the *missio Dei* and became the *missiones ecclesiae*.

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 1
   - 1.1 Doel en probleemstelling 1
   - 1.2 Motivering vir die studie 1
   - 1.3 Metodologie 2
   - 1.4 Tentatiewe hipotese 3
   - 1.5 Verduideliking van begrippe 4
   - 1.6 Oor die navorser en sy hermeneutiese lens 5
2. Drie teologiese konstrukte 8
   - 2.1 Inleiding 8
   - 2.2 Die onderskeiding van wie die Drie-Enige God is, bepaal die manier van kerkwees 8
     - 2.2.1 Inleiding 8
     - 2.2.2 Die belangrikheid van die kerk as 'instituut' 9
     - 2.2.3 Die belangrikheid van 'strukture' 10
     - 2.2.4 Die belangrikheid van 'waardes' 16
     - 2.2.5 Samevatting 17
   - 2.3 Die werking van die Heilige Gees in die missionale onderskeiding 17
     - 2.3.1 Inleiding 17
     - 2.3.2 Die rol van die Heilige Gees 19
     - 2.3.3 Samevatting 20
   - 2.4 Die inkarnasie van Jesus as riglyn vir ʼn missionale roeping 21
     - 2.4.1 Inleiding 21
     - 2.4.2 Verhoudingsliefde 23
       - 2.4.2.1 Implikasie vir die kerk 29
     - 2.4.3 Ontfermingsgenade 30
       - 2.4.3.1 Implikasie vir die kerk 33
     - 2.4.4 Meelewingsliefde 34
       - 2.4.4.1 Implikasie vir die kerk 37
     - 2.4.5 Samevatting 38
3. Die huidige makro- en mesokonteks wat ʼn invloed het op die onderskeiding al dan nie van die *missio Dei* 43

3.1 Inleiding 43
3.2 Die huidige makrokonteks 45
3.3 Die huidige mesokonteks 48
3.4 Samevatting 55

4. NG Kerk Stellenbosch-Noord – ŉ Tydlyn 57
4.1 Inleiding 57
4.2 Waar kom die gemeente vandaan? 58
4.2.1 Die tradisionele gemeentegrense van die NG Kerk Stellenbosch-Noord 59
4.2.2 1953 tot 1963 63
4.2.3 1963 tot 1980 81
4.2.4 1980 tot 1988 86
4.2.5 1988 tot 1994 93
4.2.6 1994 tot 2008 97
4.3 Samevatting van die hoofstuk 123

5. Hoe lyk die gemeente aan die einde van 2008? 124
5.1 Inleiding 124
5.2 Stellenbosch-Noord: Leesverslag 126
5.3 Samevatting 131

6. Samevatting 132

Bronnelys 133

HOOFSTUK 1
INLEIDING

1.1 Doel en probleemstelling

Die studie is beskrywend van aard en as sodanig hipotese genererend. Die vraag wat op die voorgrond van die studie figureer, is: "Wat het alles verander?" Op die agtergrond figureer ŉ vermoede dat verandering missionaal[1] geïnspireer is.

Die dramatiese demografiese veranderinge in die noordelike deel van Stellenbosch het die NG Kerk Stellenbosch-Noord (afgestig in 1953) in ŉ lang oorlewingstryd gedompel. Die sinvolheid van die gemeente se bestaan het onder die soeklig gekom. Die gemeente se verstaan van die identiteit van gemeentewees en die doel van kerkwees is voortdurend op die spits gedryf.

Die doel van die studie is dus om die veranderinge in die gemeente en die gemeenskap te beskryf en dit dan teologies te analiseer en te evalueer. Om te weet waarheen die gemeente op pad is, is dit belangrik om te weet waarvandaan die gemeente kom. Daar moet uit die foute van die verlede geleer word om die gemeente se roeping in die hede beter te kan onderskei. Die vraag: "Wat is aan die gebeur?" help (eintlik dwing) die gemeente dus om vrae soos: "Wie is God?", "Wie is ons?" en: "Waarvoor is ons hier, wat is ons roeping?" te beantwoord.

1.2 Motivering vir die studie

Die navorser vermoed dat dit die hermeneutiek van die gemeente is wat verander het en nie net die struktuur nie. Daar het vermoedelik ŉ nuwe geestelike 'kultuur' in die gemeente begin leef wat so geleidelik inbeweeg het dat dit nie dadelik merkbaar was nie. Tog het die gemeente verander. Moontlik was dit nie net die demografiese verandering wat die gemeente gedwing het om anders oor die bediening te dink nie,

[1] Die woord *missionaal* word op p. 2 omskryf.

maar daar was heel waarskynlik ook ander faktore. Die navorser sal poog om hierdie faktore te onderskei en uit te wys.

Die navorser vermoed dat ŉ sameloop van omstandighede gepaardgaande met ŉ nuwe besinning oor die Woord en die *missio Dei* ŉ verandering in die leierskap en die gemeente veroorsaak het. In aanloop daartoe wil die navorser die waarde van die hermeneutiek van ŉ gemeenskap kortliks beskryf.

Die navorser het die vermoede dat die hernude besinning oor die Drie-Eenheid, die inkarnasie van Jesus en die hede teen die lig van die ewigheid die leierskap gehelp het om nuut te dink oor hulleself. Dit het bygedra tot die besef dat dit belangrik is om die missionale gehoorsaamheid in die hede te verstaan, en sodoende die *missio Dei* (die sturing van God) en die *munis Dei* (die roeping van God) te onderskei.

Die genoemde demografiese veranderinge het plaasgevind te midde van dramatiese politieke en ekonomiese ontwikkelinge. Die gemeente het in die hoogbloei van apartheid die eerste gestalte van haar identiteit gevind, en gegroei op grond van die demografiese verskuiwings wat daardeur teweeggebring is. Met die uitloop van apartheid het die teenoorgestelde demografiese verskuiwings gekom wat die samestelling van die gemeenskap en die voortbestaan van die gemeente in terme van haar ou strukture en kerkbegrip, radikaal uitgedaag het.

Die doel van die studie is om hierdie proses teologies te beskryf en om die gemeente te help om die grense wat sy besig is om oor te steek, teologies te verstaan om sodoende haar roeping ook helder te kan begryp. Navorser en gemeente wil opnuut oriënteer aan die *missio Dei* ten einde die roeping van God (*munis Dei*) te verstaan om sodoende hoop te hê vir die toekoms (Efesiërs 1:18 – *Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter* ***hoop*** *sy roeping inhou ...*).

1.3 Metodologie

Die metodologie wat gevolg gaan word, werk met ŉ hermeneuties sensitiewe dialoog tussen verskillende perspektiewe op die werklikheid van die gemeente. Dit wil begin

deur sistematies ’n omskrywing van missionale teologie te gee aan die hand van drie teologiese konstrukte, nl:

- die Drie-Eenheid (in soverre die onderskeiding van wie God is, ’n missionale invloed het op die struktuur, die institusionaliteit en die waardesisteem van die kerk);
- die inkarnasie van Jesus (in soverre die onderskeiding hiervan die missionale praksis van die gemeente help vorm het, al dan nie); en
- die werking van die Heilige Gees in die missionale onderskeiding.

Die navorser vermoed dat die prediking en die besinning oor hierdie drie konstrukte die gemeente gehelp het om haar veranderende omstandighede te interpreteer en om ‘n missionale gemeente te word. Dit is die basisteorie waarmee navorser die gemeente wil evalueer.

Voorts wil ’n historiese perspektief en beskrywing van die gemeente se geskiedenis teen die agtergrond van die sosio-ekonomiese veranderinge wat die konteks sedert 1953 bepaal het, die hermeneutiese dialoog met die basisteorie struktureer.

Hierdie dialoog sal prakties-teologies beskryf word na aanleiding van die metodologie wat die gemeente se identiteit help verwoord. Dit sal die verskillende gestaltes van die gemeente se identiteit en die kerkbegrip wat die onderbou daarvoor verskaf het, krities-analities aantoon en bespreek.

Die navorser sal poog om vas te sel wat die identiteit van die gemeente toe was en wat dit nou is en wat die oorsaak van die verandering is, indien enige. Vir die bepaling van die huidige identiteit van die gemeente sal ’n etnologiese studie gedoen word.

1.4 Tentatiewe hipotese

Die NG Kerk Stellenbosch-Noord se identiteit het geskuif

- *van ’n gemeente wat gerig was op haar voortbestaan as ’n ideologies-gedrewe gemeenskap binne ’n bepaalde bevolkingsgroep*
- *na ’n gemeente wat begin om missionaal te dink*
- *en begin om op grond van ’n nuwe verstaan van wie God is en wat die kerk is,*

- *haar roeping nuut te ontdek*
- *in en deur haar betrokkenheid met 'die ander' wat in haar omgewing in nood verkeer.*

1.5 Verduideliking van begrippe

Missio Dei: *'n Latynse uitdrukking wat min of meer 'die missie van God' beteken. Die term word sedert die tweede helfte van die 20ste eeu in ekumeniese kerkkringe geassosieer met 'n teologie waarin die klem daarop val dat 'missie' nie in eerste instansie die* kerk *se roeping of taak is nie, maar 'n eienskap van* God. *God se missie in die wêreld is veel groter is as die kerk, net soos die koninkryk van God veel groter is as die kerk. Tog is die kerk, asook baie ander instansies, nodig om God se missie in die wêreld uit te voer.*[2]

Die Christen-geloof is *intrinsically missionary*[3]. Die Christen-geloof begin met God wat op 'n missie is na alle mense en die hele skepping deur Jesus Christus.

Die *missio Dei* is waar God en mens in so 'n verhouding is dat die mens sy gestuurdheid ontdek. Gehoorsame gemeentes neem deel aan die *missio Dei* deur betrokke te raak by die gebrokenheid van 'n sondige wêreld om dit te lei na herstel volgens die wil van God.

Munis Dei: 'n Latynse uitdrukking wat min of meer 'die roeping van God' beteken. Die term dui op die missionale onderskeiding wat plaasvind as die roeping van die Drie-Enige God ontdek word. *God roep ons omdat Hy die noodkreet uit die wêreld hoor en mense wil red.*[4]

The missio Dei *has always been the gospel, good news about God's goodness revealed in God's Word through Israel's experience, leading up to its climax and culmination in Jesus Christ ... The Father sends the Son.*[5] Dit is die Vader wat die

[2] Keifert. *Ons is nou hier*, 150
[3] Nussbaum. *Transforming Mission*, 9
[4] Burger. *Ontmoetings met die lewende God*, 163
[5] Bevans *Constants in Context 294*

Seun stuur en dan die Vader en die Seun wat die Gees stuur en dan die Vader, Seun en Gees wat die kerk stuur.

Die *missio Dei* en die *munis Dei* is nie skeibaar nie, maar het elk ’n ander klem. In sy alomteenwoordigheid roep God ons na die plek/ke waarheen Hy ons stuur.

Missionaal: Die begrip *missionaal* dui op ’n gerigtheid op die onderskeiding en die uitlewing van die voortgaande *missio* en *munis Dei.*

1.6 Oor die navorser en sy hermeneutiese lens

Die navorser was leraar van die NG Kerk Stellenbosch-Noord vanaf 1988 tot 2009 en het saam met die gemeente die uitdagings en die stryd om oorlewing en transformasie beleef. In die beskrywing van die gemeente se tydlyn, veral vanaf 1988 toe die navorser as predikant daar bevestig is, sal baie van **deelnemende waarneming** gebruik gemaak word. Die funksie van die navorser in hierdie metode sal wees om as bron te dien vir die objek van studie,[6] naamlik die gemeente Stellenbosch-Noord. Hierdie benadering impliseer dan ook dat die navorser as instrument sal dien om verandering te fasiliteer.

Die gemeente was van haar ontstaansjare vasgevang in die wurggreep van oorlewing en moes haarself daarvan bevry in die strewe om aan die *missio Dei* gehoorsaam te wees. Daar was baie pogings om strategies te beplan en sodoende die gemeente te bou, maar hierdie mooi planne op papier wou nie in die praktyk werk nie. Baie faktore het die gemeente vasgehou, en met hierdie studie sal die navorser poog om dit uit te wys. Die navorser sal poog om vas te sel wat die identiteit van die gemeente toe was en wat dit nou is en wat die oorsaak van die verandering is, indien enige.

Die navorser vermoed dat dit die hermeneutiek van die gemeente is wat verander het en nie net die struktuur nie. Daar het vermoedelik ’n nuwe geestelike identiteit in die gemeente begin leef wat so geleidelik inbeweeg het dat dit nie dadelik merkbaar was nie. Tog het die gemeente verander. Moontlik was dit nie net die demografiese

[6] Babbie. *The practice of social research*, 296

verandering wat die gemeente gedwing het om anders oor die bediening te dink nie, maar daar was heel waarskynlik ook ander faktore. Die navorser sal poog om hierdie faktore te onderskei en uit te wys.

Die navorser vermoed dat ŉ sameloop van omstandighede gepaardgaande met ŉ nuwe besinning oor die Woord en die *missio Dei* ŉ verandering in die leierskap en die gemeente veroorsaak het. In aanloop daartoe wil die navorser die waarde van die hermeneutiek van ŉ gemeenskap kortliks beskryf.

Die navorser het die vermoede dat die hernude besinning oor die Drie-Eenheid, die inkarnasie van Jesus en die hede teen die lig van die ewigheid die leierskap gehelp het om nuut te dink oor hulleself. Dit het bygedra tot die besef om die belangrikheid van die gehoorsaamheid in die hede te verstaan, en die *missio Dei* (sturing van God) en die *munis Dei* (roeping van God) te onderskei. Die *missio Dei* en die *munis Dei* is nie skeibaar nie, maar het elk ŉ ander klem. Die *missio Dei* is waar God en mens in so ŉ verhouding is dat die mens sy gestuurdheid ontdek. Die *munis Dei* is wanneer die gelowige met ander oë na die wêreld om hom/haar kyk en so onderskei waar God aan die werk is en sy roepstem (*munis*) hoor. *God roep ons omdat Hy die noodkreet uit die wêreld hoor en mense wil red.*[7]

ŉ Missionaal gerigte kerk neem deel aan die voortgaande *missio Dei*. Die begrip *missionaal* verwys na die missie van God na die wêreld, wat alles wat die kerk is en doen, bepaal. Dit staan teenoor die verwagting dat die kerk die *ultimate self-help group*[8] is wat ingestel is op die vervulling van *own needs.*[9] In die Westerse wêreld het daar ŉ skuif plaasgevind in die verstaan van die woord *missionaal*, sodat wegbeweeg is van die Bybelse narratief. Dit het al hoe meer gegaan oor hoe God die menslike nood en begeertes dien. Missionaal volgens die Bybelse narratief *is about God's mission in, through, and for the sake of the world and how God has called human beings to be part of God's reaching out to that world for God's purpose of saving it in love.*[10] Volgens Roxburgh moet die missionale kerk die alternatiewe gemeenskap

[7] Burger. *Ontmoetings met die lewende God*, 163
[8] Roxburgh. *The sky is falling*, 12
[9] Roxburgh. *The sky is falling*, 12
[10] Roxburgh. *The sky is falling*, 12

vorm wat 'n voorsmaak moet wees van die hemel.[11] Kritzinger sluit hierby aan deur die woord *missionaal* te omskryf as die *cutting edge*[12] van die kerk van Christus. Dit is die aktivistiese sy van die kerklike lewe wat nie die wêreld wil aanvaar soos wat dit is nie, maar dit aanmoedig om te leef volgens God se waarheid en genade.

Hulle neem deel aan die *missio Dei* deur betrokke te raak by die gebrokenheid van 'n sondige wêreld om dit te lei na herstel volgens die wil van God. *The faith community consists of disciples participating in God's ongoing mission, his ongoing praxis, his ongoing involvement with this world, with the poor and the sick, with the rich and the powerful, with earth and sky.*[13]

Hierna bespreek die navorser drie teologiese konstrukte wat vermoedelik die praktyk van die gemeente se bediening help skaaf het.

[11] Roxburgh. *The sky is falling*, 13
[12] Kritzinger. *A Question of Mission,* 4
[13] Hendriks. *Studying congregations*, 25

HOOFSTUK 2
DRIE TEOLOGIESE KONSTRUKTE

2.1 Inleiding

In aanloop tot die besinning oor die transformasie in Stellenbosch-Noord bespreek die navorser dan nou die drie teologiese konstrukte wat hy vermoed die praktyk van die gemeente se bediening help skaaf het. Die derde, wat handel oor die inkarnasie van Christus, was ʼn reeks van drie preke wat in hierdie verhandeling teologies uitgebrei word. Die genoemde teologiese konstrukte word nou onder die volgende hoofde bespreek:

1. Die onderskeiding van wie Drie-Enige God is, bepaal die manier van kerkwees;
2. Die werking van die Heilige Gees in die onderskeiding van die *missio Dei*; en
3. Die inkarnasie van Jesus as riglyn vir die uitlewing van die *missio Dei*

2.2 Die onderskeiding van wie Drie-Enige God is, bepaal die manier van kerkwees

2.2.1 Inleiding

Die geloof in die heilige Drie-Eenheid van God is die hermeneutiese sleutel wat die ekklesiologie dikteer. Vanuit hierdie **geloof** vind die kerk haar identiteit en leer sy om haar missionale roeping te onderskei. Vanuit die **wese** van God se Drie-Eenheid onderskei die kerk hoe om institusioneel en struktureel volgens God se wil in die wêreld aan sy Koninkryk gestalte te gee. Vanuit die **heiligheid** van God leer die kerk hoe om volgens God se wil in die wêreld te leef, en sodoende ontdek sy haar waardesisteem.

In die besinning oor die geskiedenis van die NG Kerk Stellenbosch-Noord vermoed die navorser dat die makro- en mesokontekste so ʼn oorheersende invloed op die gemeenteleiers gehad het dat dit die Bybelse riglyne vir die kerk as instituut in diens van die *missio Dei* verdof het. Dit het dan ook die inrigting van die kerklike struktuur dikteer en eweneens daartoe gelei dat die Bybelse riglyne nie altyd gevolg is nie.

Voorts vermoed die navorser dat die waardesisteem van die gemeente baie moralisties was en nie die dieper waarde van herstelde verhoudings onderskei het nie.

2.2.2 Die belangrikheid van die kerk as 'instituut'

Sommige teoloë handhaaf die standpunt dat die kerk as instituut staan teenoor die vryheid wat deur die Gees van God kom. Dié wat hierdie standpunt huldig, gebruik ter stawing hiervan 2 Kor 3:17 – *waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.*[14] As hierdie standpunt korrek is, dan sou die enigste struktuur van die kerk 'charismatiese anargie' wees.

As die karakter van die kerk is dat die kerk bestaan uit 'n groep mense wie se lewenslyne eenmaal in die ewigheid ontmoet, of dat hulle slegs gereeld op 'n bepaalde tyd ontmoet, kan dit as instituut nie bestaan nie, want dit is nie 'n sosiale eenheid nie. Waar die kerk egter gemeenskappe vorm, is dit as instituut aanvaarbaar. Die vraag is nie of die kerk 'n instituut is nie, maar watter soort instituut dit is.[15] Volgens die navorser is dit nie die institusionele karakter van die kerk wat die *missio Dei* bedreig nie, maar dit is leiers binne die struktuur wat die struktuur rig sodat dit nie missionaal is nie. *The* missio Dei *institutes the missiones ecclesciae. The church changes from being the sender to the one sent.*[16] Die *missio Dei* is dus *essentially ecclesial.*[17] *The term 'missional' ... drews attention to the essential nature and vocation of the church as God's called and sent people*.[18] Die *munis Dei* (*called*) en die *missio Dei* (*sent*) van die kerk word hier deur Gibbs beklemtoon.

As *instituut* verstaan word as 'n sosiale interaksie, dan sou die stelling gemaak kon word dat God 'n instituut is.[19] God is die God van verhoudings en die eenheid tussen die drie persone van God is volmaak. Daarom is verhoudings in die kerklike instituut, wat die *missio Dei* weerspieël, belangriker as reëls en modelle.

---

[14] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[15] Volf. *After our likeness*, 235
[16] Bosch. *Transforming mission*, 370
[17] Bosch. *Transforming mission*, 370
[18] Gibbs. *Church next*, 55
[19] Volf. *After our likeness*, 239

As die drie persone van God gesien word as in ŉ hiërargiese struktuur waar die Vader die hoof is van die Seun en die Gees, kan die hiërargiese orde in die kerk as instituut ook verdedig word. Ratzinger en Zizioulas volg hierdie weg. Hiervolgens sal die ampte ŉ deurslaggewende rol in die funksionering van die gemeente speel en die lidmate onderdanig moet wees aan die ampte.[20]

Die verhouding in die Drie-Eenheid is egter dié van gelykwaardigheid. Daarom staan die gawe van die een in diens van al die ander lede van die kerk, en die kerk in diens van die *missio Dei*, en al die lede is eenparig daarby betrokke via die kerklike *instituut*. Die onderlinge liefde en aanvaarding van mekaar as gelykwaardig voor God, bly die samebindende faktor. Deur die *instituut* word alternatiewe gemeenskappe binne die samelewing gevorm. Dan ook nie maar net gemeenskappe soos alle ander nie, maar ŉ gemeenskap waarin liefde die grootste wet is. Dit kan ook alleen geskied as gelowiges meeleef in die liefde van God. Gelowiges wat deel is van die gemeente wat die nuwe orde van God in die wêreld demonstreer, word deel van God se liefde vir die wêreld. Hulle het dan die motivering om te doen wat hierdie liefde beveel.

Die gevaar is dat instituut verstaan kan word as ŉ afgegrensde gemeenskap binne die samelewing, met rigiede grense. Dit kan dan misbruik word om mense te groepeer. Die *missio Dei* beteken nie dat daar geen grense is nie, maar die enigste grense is dié tussen gelowiges en ongelowiges, tussen dié wat deel is van die volk van God en dié wat nie daarvan deel is nie. Die doel van hierdie grens is dan ook anders as etniese of klasse-grense. Laasgenoemde is vaste grense wat nie maklik oorgesteek word nie. Die grense van die kerklike instituut is nie daar om verdedig te word nie, *but to cross it in mission.*[21]

2.2.3 Die belangrikheid van 'strukture'

Die kerk is ŉ struktuur wat die individuele lede saambind tot ŉ alternatiewe gemeenskap van liefde en eenheid soos hulle dit in die Drie-Eenheid van God onderskei.

---

[20] Volf. *After our likeness*, 246-251
[21] Nussbaum *Transforming Mission* 31

Die kerk kan alleen sy bestaan op aarde regverdig vanuit ʼn verhouding met die Drie-Enige God. *The mission of God flows directly from the nature of who God is. God's intention for the world is that in every respect it should show forth the way he is.*[22] *Therefore to speak about* missio Dei *is to indicate, without any qaulification, the* missio Trinitaris[23]. Die eenheid in die kerk is ʼn reaksie op die misterieuse eenheid wat daar in die Drie-Enige God is. Aan die een kant is die Drie-Eenheid van God ʼn geheimenis wat die mens slegs kan aanbid, maar nie verstaan of nadoen nie. Volf verwys in sy boek After our Likeness na ʼn aanhaling van Erik Peterson: *The mystery of the triunity can be found only in the deity itself.*[24]

Aan die ander kant is die hele geskiedenis van God se handeling met die wêreld en die aanbidding van God deur die kerk daarop gemik dat Hy aan hierdie wêreld bekend sal word. Volf verwys in dié verband weer na Peterson: *Any reflection on the relation between the Trinity and church must take in account both God's uniqueness and the Word's purpose in becoming the dwelling of the Triune God, which correspond to the Triune God Himself.*[25]

God is na sy Drie-Eenheid die God van verhoudings waarin die drie persone van God so heilig en heg is dat Hy slegs as ʼn *eenheid* bely kan word. Die een is nie belangriker as die ander nie. Ons kan nie van een persoon in die Goddelike Drie-Eenheid praat sonder die ander nie. Eenheid en meervoudigheid is in die wese van God in algehele balans. Daarom is God die grond van eenheid ten spyte van die verskeidenheid. *Because God is a community, humankind and faith communities cannot be any different.*[26] Geloofsgemeenskappe moet die Drie-Eenheid van God proklameer en demonstreer. *Sin is a refused relationship with God that spills over onto a wrong relationship with others*.[27] Gehoorsaamheid aan die Drie-Enige God het alles te make met verhoudings – *it is personal or nothing*.[28] In ʼn geloofsgemeenskap is die uitdaging van geloof en gehoorsaamheid juis om nie net binne die eendersheid te funksioneer nie, maar juis die verskeidenheid te omarm.

---

[22] Engelsviken. *Missio Dei*, 485
[23] Engelsviken. *Missio Dei*, 485
[24] Volf. *After our likeness*, 191
[25] Volf. *After our likeness*, 192
[26] Hendriks. *A change of heart.*
[27] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 316
[28] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 316

Dit is juis in die verskeidenheid wat daar tussen Christene bestaan dat daar veel te leer is van mekaar – *diversity is a working of the Spirit*[29]. *Denominational diversity should be seen as a blessing in disguise*.[30] In die strukture van die kerk sal daar hiermee rekening gehou moet word.

Die heilige liefde van God wat in die geskiedenis van die mens handel met die doel om by die mens in te woon, is die grondslag van die *missio Dei* van die kerk. Daarom sal transformasie in ŉ gemeente alleen kan kom as die gemeente saam begin luister na mekaar, na die wêreld en na God deur die Woord. Hierdie voortdurende wisselwerking lei ons om die *missio Dei* te onderskei (*the triune God who reveals himself as a fountain of sending love*[31]).

Om meerderheidsbesluite te neem, is nie noodwendig die regte besluite nie. Soms is dit nodig dat die meerderheid na die minderheid moet luister bloot op grond van die uitleg en besinning oor die Woord en die soeke na die wil van God. *Geloofsonderskeiding is om sáám te luister en die geduld aan die dag lê om sáám, luisterend, op die Here te wag*.[32] Die verhouding van die 'baie' in die kerk wat tog in liefde ŉ eenheid vorm, sal dan die volwasse liefde van die Drie-Eenheid reflekteer.[33] So bid Jesus dan ook in die hoëpriesterlike gebed: *Ek bid dat hulle almal* ***een*** *mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het* (Joh 17:21)[34].

God is die God van verhoudings en daarom is verlossing en die belewing daarvan nie ŉ persoonlike saak tussen ŉ individu en God nie. Die gemeenskap van gelowiges in ŉ kerk moet nie net die uitvloeisel wees van die besluite van individue nie, maar die refleksie van die Drie-Enige God in die lewens van die gemeentelede. Dit gaan dus nie meer oor die individu nie, maar oor Christus wat in die gelowiges woon. In Gal 2:20 word hierdie waarheid geleer: *... en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar*

[29] Sundermeier. *Missio Dei today*, 567
[30] Hendriks. *Studying congregations*, 22
[31] Hendriks. *Studying congregations*, 21
[32] Marais. *God praat*, 35
[33] Volf. *After our likeness*, 195
[34] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.

Christus wat in my lewe.[35] As Jesus bid, dan bid Hy ook vir hierdie eenheid (Joh 17:21).[36]

Ons moet baie duidelik besef dat geen kerklike struktuur die volle wese van God kan uitbeeld of demonstreer nie (1 Tim 6:16 – *Hy woon in ontoeganklike lig. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie. Aan Hom kom toe eer en ewige mag! Amen.*)[37]. Die gemeente kan alleen maar God aanbid en dien namate hulle Hom ontdek en leer verstaan vanuit 'n verhouding met Hom. God openbaar genoeg van Homself vir ons aardse bestaan en missie.

Theo Sundermeier sê dat die geheimenis van God juis nie ontoeganklik bly nie, maar toeganklik raak deur die Bybel as Woord van God – *the mystery becomes text, and assessible to all. ... The mystery remains a mystery, but it is no langer a "secret"; it is interpreted and espoused.*[38] In Joh 1:14 staan daar dat die heerlikheid van God aanskou is.[39] *The bearer of revelation is not a text but a person.*

As people around the world hear God's Word proclaimed and accept it as their own they develop a new awareness of the dynamic interaction between the God who speaks, the text that records God's message, the communicator who brings the word, and the audience that attaches new understanding to the communication.[40]

Die soekende liefde van die Drie-Enige God is openbaar gemaak deur Christus en sy kerk en die werking van die Heilige Gees. Dit vorm deel van die geskiedenis van die mens. Dit is stories wat vertel kan word. *It is meant to be told; it seeks public attention. It becomes an "open secret".*[41] 'n Goeie voorbeeld van so 'n storie word gevind in Handelinge 8.[42] Die Heilige Gees was reeds aan die werk in die lewe van die Ethiopiër, want hy was op soek na God. Hierdie soeke het die weg oopgemaak vir Filippus om die verlossingsboodskap te verkondig. *For a person that is trying to find Faith the messenger is and can become an interpreter of holy scripture and, despite*

---

[35] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[36] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[37] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[38] Sundermeier. *Missio Dei today*,562
[39] *Die Bybel Nuwe Vertaling.*
[40] Shaw. *Communicating God's Word.* 209
[41] Sundermeier. *Missio Dei today*,562
[42] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.

any weakness, an assistant who helps transmit the faith.[43] Die geloof in die Drie-Eenheid bring die kerk by die aanvaarding dat God lank voordat die Christene opdaag om van Jesus te getuig, reeds onder mense aan die werk is.[44] Die strukture in die kerk is die draers wat die waarheid wat God se liefdesguns aan die wêreld moet openbaar.

Die strukture van die kerk in verskillende kerkgenootskappe het oor die jare baie gebreke getoon. Die poging om die Drie-Enige God te aanbid en sy heilige liefde aan die wêreld te demonstreer om sodoende die wêreld te transformeer, het soms meer van die wêreldorde vertoon as van die Drie-Eenheid.

Beide die Katolieke en Ortodokse kerke sien die biskop as 'n noodsaaklike persoon vir die handeling van die gemeente as instrument vir die verlossing van mense. Volf spreek sy kritiek hierteen uit: *the Church is constituted by the Holy Spirit not so much by the way of the institution of office as through the communal confession in which Christians speak the word of God to one another.* [45] Efesiërs 4 is 'n bevestiging van wat Volf sê: *Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon. Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.*[46]

Die charismatiese kerke beklemtoon die werk van die Gees en die verskeidenheid van gawes, maar loop weer die gevaar dat hulle die waarde van die kerk as georganiseerde liggaam onderskat. Die waarde van die eenheid kom baie maal in gedrang as gevolg van die oorbeklemtoning van die individu en die gawes van die Gees in die enkeling. Die Woord is hier baie duidelik dat die gawes gegee word sodat almal daarby baat – 1 Kor 12:7 – *Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.*[47] Gawes word gegee vir die opbou van die gemeente in diens van die missionêre opdrag. Volf stel dit ook duidelik: *The characteristic feature of the charismata is their fundamental interdependence.*[48] Een lid van 'n gemeente het nie al

[43] Richebacher. *Missio Dei*, 596
[44] Kritzinger. *A Question of Mission,* 8
[45] Volf. *After our likeness*, 224
[46] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Efes. 4:4-7
[47] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[48] Volf. *After our likeness*, 231

die gawes van die Gees nie, en so het een gemeente ook nie al die gawes nie. *The church is a community of mutual give and receive.*[49]

Strukture help gemeentelede om hierdie interafhanklikheid uit te leef. Dit moet egter in diens staan van die *missio Dei* en nie ŉ doel in sigself raak nie.

Dit sal dan ook die uitdaging van ŉ kerkraad in hierdie tyd wees om die gemeente saam met hulle onder weg te neem op ŉ missionale reis en nie outonome besluite te neem nie. Almal moet saam kan besin oor die *missio Dei* om te kom tot die punt van eenstemmigheid. Dan kan ŉ gemeente dit begin waag om te sê: *die Heilige Gees en ons het besluit ...*[50] Die *missio Dei* wat die gemeente onderskei het as haar taak, kan nie 'uitgekontrakteer' word deur dit aan individue of ander organisasies oor te gee nie. Die gemeente as liggaam moet rentmeester bly van dit wat God aan haar toevertrou het. Daarvoor is die verskeidenheid van gawes in die gemeente onverhandelbaar belangrik.

Die gemeente moet ŉ **alternatiewe** gemeenskap vorm wat die God van verhoudings, die Drie-Enige God, sigbaar maak in ŉ wêreld wat Hom nie ken nie. Byvoorbeeld in Rom 16:16, 1 Kor 16:20, 2 Kor 13:12 en 1 Tess 5:26 word melding gemaak van ŉ soen waarmee die gemeentelede mekaar moet groet.[51] Dit het heel waarskynlik ŉ opskudding veroorsaak toe die Jode en die Grieke, en die eienaar en die slaaf mekaar met ŉ soen groet – met ander woorde mekaar op gelykwaardige manier groet. Dit was ongehoord en anders, maar dit het die eenheid wat Christus gebring het, sigbaar gemaak en ŉ alternatiewe gemeenskap gevorm.

Die uitreik na ander is nie in die eerste plek om die gemeente te bou of om haar programme aan die gang te hou nie, maar om hulle met die liefde van God te bedien en aan hulle sy genade bekend te maak. Programme en strukture staan dan in diens van die opdrag. *Mission cannot mean in the first place to go and change people or to*

---

[49] Volf. *After our likeness*, 231
[50] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Hand 15:28
[51] Rom 16:16 – *Groet mekaar met ŉ soen van Christelike broederskap.*
1 Kor 16:20 – *Groet mekaar met die soen van Christelike broederskap.*
2 Kor 13:12 – *Groet mekaar met die soen van Christelike broederskap.*
1 Tess 5:26 – *Groet al die medegelowiges met ŉ soen van Christelike broederskap.*

turn their world upside down.[52] In die boek van Lois Y. Barrett word daarna verwys dat die kerk nie vir die kerk self bestaan nie, maar vir die deelname aan God se sending van rekonsiliasie na die wêreld.[53] *Mission is the character of the church in whatever context it exists.* [54] *A missional church is a church that is shaped by participating in God's mission.*[55]

2.2.4 Die belangrikheid van 'waardes'

Waardes is bepalende faktore in die sosiale strukture van gemeenskappe deurdat dit soms onbewustelik die lewens van mense beïnvloed. Waardes lê baie dieper as strukture, daarom sal programme en strukture in die gemeente nie werk as die waardes van daardie gemeente dit nie ondersteun nie.

Moraliteit is die grondslag van Christen-waardes, maar moraliteit is ook deel van realiteit – *right and wrong are embedded in creation.*[56] Peterson sê moraliteit is *glorious and necessary – fundamental and non-negotiable*.[57] Moraliteit werk van binne af, vanuit 'n verhouding met God, en het 'n sigbare uitkoms in die waardesisteme van die kerk. Moralisme, daarenteen, werk van buite en forseer 'regte optrede' af op die self en op ander. Sonde is eintlik 'n *refused relationship with God,*[58] wat sigbaar word in 'n verkeerde verhouding met ander en in verdraaide waardesisteme.

Die uitleef van Christelike waardes is die manier waarop ons ons verhouding met God demonstreer in die wêreld waarin ons die evangelie proklameer. *God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*[59] 'n Missionale roeping moet dus prakties in die wêreld uitgeleef word. God is nie net geïnteresseerd in die vergewing van ons sondes nie, maar Hy wil die mens herstel – *God wants to make us into the people we were originally created to be.*[60]

---

[52] Kritzinger. *A Question of Mission,* 6
[53] Barrett. *Treasure in clay jars*, ix
[54] Barrett. *Treasure in clay jars*, x
[55] Barrett. *Treasure in clay jars*, x
[56] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 145
[57] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 145
[58] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 316
[59] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. Efes 2:10
[60] Bell. *Velvet Elvis*, 108

Christelike waardes word gevorm deur ŉ verhouding met die lewende God. Hiervoor is geestelike dissipline noodsaaklik, en dit behels stilwees voor God en kennis van die Woord. Alleen in die verhouding met God word God 'ontdek'.

2.2.5 Samevatting

Die kerk as instituut kan en mag nie verontagsaam en verruil word vir individualisme nie. Die kerklike instituut is dan ook die *missiones ecclesciae.* Hierdie *missiones ecclesciae* kry gestalte deur die strukturele inrigting en uitbeelding daarvan. ŉ Bybelse waardesisteem help die leiers om nie so in moralisme te verval dat hulle nie die roeping na die herstel van verhoudings as ŉ waarde herken nie.

2.3 Die werking van die Heilige Gees in die missionale onderskeiding

2.3.1 Inleiding

The Holy Spirit is the searching, questioning, discerning Spirit, moving believers to ask questions in order to descern and understand what is going on in the world.[61]

In die missionale onderskeiding is die werking van die Heilige Gees onontbeerlik. *Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.*[62] Om dus die leiding van God in gebed te vra, is om die aktiewe betrokkenheid van die Heilige Gees in die kerk as die liggaam van Christus te erken.[63]

A missional theology believes that theology is about discernment[64] *- Fil 1:9-11 - Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.*[65]

---

[61] Kritzinger. *A Question of Mission,* 9
[62] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh 16:13
[63] Barrett. *Treasure in clay jars*,120
[64] Hendriks. *A change of heart.*
[65] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Fil 1:9-11

'n Praktiese teologie verstaan hierdie missionale onderskeiding as 'n korrelatiewe en hermeneutiese aktiewe dialoog waarin die volgende as parameters dien:

- In die eerste plek vra dit na die **Drie-enige God** wat verhoudings georiënteerd is en Homself aan die wêreld openbaar deur die Bybel.
- Die tweede vraag hou verband met **identiteit**. Dit soek na die identiteit van God wat die mens geskep het na sy (die Drie-enige God se) beeld en as sy verteenwoordigers op aarde. *People are the stewards of God's creation and of his mission.*[66] Die *missio Dei* het dus nie net te make met die mens nie, maar die hele skepping. Ekologie en missionologie staan dus in 'n noue korrelasie met mekaar. *Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak.*[67] Die *missioDei* vorm die basis van die ekklesiologie.
- Die derde vraag hou verband met die **wêreld**. *God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het.*[68] *God is focused on this world and as such theology should teach students and church members to be actively engaged in understanding this world and serving it.*[69]
- Die vierde vraag is na die **Bybel**. Vir die Gereformeerdes staan die Woord van God altyd sentraal (*sola scriptura*) en is normatief oor en teen alle ideologieë.[70]
- Die vyfde vraag is na die **Koninkryk van God**. Die Bybel beskryf dit as 'n situasie *where peace and righteousness will reign supreme.*[71]

Teologie het dus nie net te make met die mense nie, maar met die hele skepping as geheel (holisties). *Theology thus implies a discernment process that takes place when we obediently participate in transformative action and service at different levels: personal, ecclesial, societal, ecological and scientific. (It is a doing, liberating, transformative theology that leads to strategy formation, implementation and an evaluation of progress - a theological praxis.)*[72] Onderskeiding van die *missio Dei* is

[66] Hendriks. *A change of heart.*
[67] *Die Bybel Ou Vertaling*, Gen 2:15
[68] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh 3:16
[69] Hendriks. *A change of heart.*
[70] Hendriks. *A change of heart.*
[71] Hendriks. *A change of heart.*
[72] Hendriks. *A change of heart.*

nie net ŉ teologiese refleksie nie, en ook nie net ŉ bekeringsveldtog nie. Dit is eerder ŉ biddende en luisterende navolging van Jesus. In die proses word foute gemaak, maar deur die foute kom ook die onderskeiding.

Om gestuurde gemeente te wees is baie meer as net die vermeerdering van die lidmaattal. ŉ Missionale gemeente vra na die karakter en die skeppingsdoel van God. Hierdie onderskeiding ontstaan nie vanuit die strukture van die kerk nie. Missionale gemeentes vind hulle roeping in ŉ voortdurend vernuwende ontmoeting met die missionêre God.

2.3.2 Die rol van die Heilige Gees

Die Heilige Gees is die organiseerder en die konstrueerder van die kerklike instituut. Dit is dan ook vanuit hierdie onderskeiding dat die gelowiges al luisterend na die Gees, na mekaar, en na die nood van die wêreld die *missio Dei* ontdek. Die Gees is deur die gawes werksaam in elke lid van die gemeente, en so dien die lede mekaar en reik hulle uit na die ongelowiges deur die liefde van Christus. Die Heilige Gees maak gelowiges dus nie eenders nie, maar bind hulle saam tot ŉ eenheid in liefde ten spyte van die verskeidenheid.[73] In Markus 9:38-40 is die volgende gesprek tussen Jesus en die dissipels opgeteken: *Johannes het toe vir Hom gesê: "Here, ons het iemand gesien wat in u Naam bose geeste uitdrywe. Ons het hom probeer keer, omdat hy ons nie volg nie." "Moet hom nie keer nie," sê Jesus, "want daar is niemand wat ŉ kragtige daad in my Naam sal doen en net daarna minagtend van My sal kan praat nie. Wie nie téén ons is nie, is vir ons."*[74] Jesus draai die orde van die wêreld om. Die wêreld redeneer dat as mense nie aan ons kant is nie, is hulle teen ons, terwyl Jesus leer dat as mense nie teen ons is nie, is hulle aan ons kant.

Dit is dus belangrik dat gemeentes hulle roeping ten opsigte van die gemeenskap waarin hulle bestaan, duidelik sal verstaan. Dit is dan die taak van die hele gemeente[75] in samewerking met die breë gemeenskap van gelowiges. So moet daar ook in medewerking met ander gemeentes en denominasies na gehoorsaamheid aan die *missio Dei* gestreef word. Hierdie geestelike strukture word gekenmerk deur die

[73] Volf. *After our likeness*, 185-189
[74] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[75] Barrett. *Treasure in clay jars*,85

manier waarop mense tyd maak om na mekaar te luister, mekaar te help, mekaar te verdra, oor grense te gaan om ten spyte van verskille met mekaar saam te werk en mekaar lief te hê. Vader Ryan Karvelis van die "Transfiguration Parish" sê: *We don't have all the fancy first-rate programs, just the experience of being loved.*[76]

Daar is egter dié, soos Ratzinger, wat glo dat die Gees net deur die *pneumatic character of the ministries*[77] kan werk. Die Heilige Gees is volgens Ratzinger gebonde tot die ampte in die kerk. Dit is slegs deur die ampte dat die Gees met gesag werk.

Dan is daar in die ortodokse kringe diegene soos Zizioulas wat van mening is dat die Gees deur die ampte sowel as die lede werk. Die ampte kan nie funksioneer sonder die gemeente nie, en die gemeente nie sonder die ampte nie. *The congregation can do nothing without the bishop, and the bishop nothing without the 'amen' of the congregation.*[78]

Dit is egter so dat die Gees onafhanklik in enige gelowige kan werk en ook deur die eeue heen so gedoen het. Die kerk as instituut is nie noodsaaklik vir die werk van die Gees nie. Tog sien ons en lees ons dat die Gees nie met mense slegs individueel werk nie, maar altyd ook in gemeenskap met ander en tot diens van die geheel. Dit maak die kerk as instituut noodsaaklik. So is die een nie belangriker as die geheel nie, en die geheel nie belangriker as die individu nie. Tog is die werk van die Heilige Gees altyd groter as die kerk. *The Holy Spirit is the power in the faith communities, but is not bounded by these communities.*[79]

Verhoudings is belangriker as reëls en wette. Reëls en wette is egter ook belangrik solank dit nie die uitgangspunt is nie, maar in diens staan van die verhoudings en die *missio Dei*. Strukture en reëls en ampte in die kerk is nie die enigste kanaal waardeur die Heilige Gees die evangelie van Christus in opdrag van die Vader kan uitvoer nie. Dit is egter kragtige instrumente in diens van die Gees om die nuwe eskatologiese gemeenskap wat aan die kom is na die wêreld en deur Jesus ingelyf is, sigbaar te

[76] Barrett. *Treasure in clay jars*,86
[77] Volf. *After our likeness*, 239
[78] Volf. *After our likeness*, 239
[79] Hendriks. *Studying congregations*, 21

maak. Dit is ’n nuwe gemeenskap met ’n ‘omgekeerde’ orde, ’n gemeenskap waar liefde en verhoudings die deurslaggewende norm is, waar daar liefde is vir die vyand (Matt 5:44[80]; Luk 6:27[81]) en waar werk ’n ander einddoel het (Efes 4:28[82]).

2.3.3 Samevatting

Die drang by leiers om in beheer te wees, kan hulle traag maak om na die Gees te luister. Sodoende word vergaderings gehou en besluite geneem sonder om al luisterend na die Gees die *missio Dei* te onderskei. Die Heilige Gees, of ook anders genoem die Gees van Christus, gee aan die kerk, wat die liggaam van Christus op aarde is, die onderskeiding om missionaal te wees.

2.4 Die inkarnasie van Jesus as riglyn vir ‘n missionale roeping

2.4.1 Inleiding

*God’s involvement in history was made concrete in Jesus of Nazareth. Through Him, God is revealed, not as interfering in human life and curtailing human freedom, but as calling people to greater and more abundent life. As both truly divine and truly human***.**[83]

Die menswording van Christus word met die teologiese term *inkarnasie* beskryf. In die Easton’s Bible Dictionary word die inkarnasie beskryf as *that act of grace whereby Christ took our human nature into union with his Divine Person, became man. Christ is both God and man. Human attributes and actions are predicated of him, and he of whom they are predicated is God. A Divine Person was united to a human nature (Acts 20:28; Rom. 8:32; 1 Cor. 2:8; Heb. 2:11–14; 1 Tim. 3:16; Gal. 4:4, etc.). The union is hypostatical, i.e., is personal; the two natures are not mixed or*

[80] Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê - *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[81] Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; - *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[82] hy moet deur harde werk op ’n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee. - *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[83] Bevans *Constants in Context* 286

onfounded, and it is perpetual. [84] Anders gestel, *the incarnation of the Son of God, then, was not a deminishing of deity, but an acquiring of manhood.*[85]

Die inkarnasie van Christus vorm die basis vir die *missio Dei* (Latyn vir *missie van God)*[86]. Die *missio Dei* is:

- *The salvific mission of God toward the world, centering in the sending of the Son in Incarnation;*
- *Missionary work as orchestrated and guided by the triune God, in continuation of the Incarnation;*
- *Missionary work as the visible expression of the salvific work of Jesus Christ.*[87]

In die perikoop Johannes 1:1-18 kan onder andere drie wesenskenmerke van God onderskei word, asook die invloed wat dit op die kerk as missionêre gemeenskap kan hê. Hierdie wesenskenmerke is verhoudingsliefde, ontfermingsgenade, en meelewingsliefde**.**

Die navorser vermoed dat die besinning oor hierdie Skrifgedeelte een van die elemente is wat die leiers van Stellenbosch-Noord met nuwe oë na die gemeenskap laat kyk het en gehelp het om hulle *missio Dei* te ontdek.

Namate die gemeente bewusgeraak het van die *missio Dei* wat haar roep na die omgewing waarbinne sy haarself bevind, het sy getransformeer van ’n mark-georiënteerde gemeente wat grootliks gerig was op oorlewing en gemeentegroei, na ’n gemeente wat al hoe meer missionaal geword het. Die *missio Dei* het die identiteit van die gemeente gevorm.

Die teks waarop daar gefokus gaan word, is vers 14: *Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.*[88]

---

[84] *Easton's Bible Dictionary.*
[85] *The New Bible Dictionary*, 560
[86] *Nelson's New Christian Dictionary*
[87] *Nelson's New Christian Dictionary*
[88] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh. 1 : 14

Deur die inkarnasie het *Jesus God aan ons kom bekendstel as 'n liefdevolle, genadige God wat vir sy mense omgee en hulle in sy ewige koninkryk wil insluit.*[89] Die kerk word opgeroep om hierdie *openbaring van God in die wêreld voort te sit, sodat almal die ware God kan leer ken [en] gered kan word.*[90] Hierdie genade word deur die navorser beskryf as :

- ***verhoudingsliefde*** *(liefde na die aard van God wat ons nie net in 'n nuwe verhouding met Hom plaas nie, maar ook met mekaar en ander);*
- ***Ontfermingsgenade*** *(genade wat die wese van God is en wat die gelowige transformeer); en*
- ***Meelewingsliefde*** *(hierdie eienskap van God wat deur sy Gees die verhoudingsliefde en ontfermingsgenade prakties uitstort oor die wêreld).*
    - **Meelewing** respondeer met ontfermingsgenade, om met ontferming en genade mee te leef met hulle wat ly.
    - **Liefde** respondeer met verhoudingsliefde, dit is tot God en die naaste.

Die gemeente het in die besinning oor hierdie begrippe al hoe meer besef dat hulle grense sal moet oorsteek en daadwerklik hierdie Godgegewe genade en waarheid moet uitdeel en uitleef.

2.4.2 Verhoudingsliefde

We are called by God to be God's and each other's companions.[91]

God is in sy wese verhoudingsliefde. Dit is in die hegtheid van verhoudings dat ons die Drie-eenheid van God verstaan. Die liefdesverhouding tussen die Vader, die Seun en die Gees is 'n onafskeidbare hegte eenheid. Dit is dan ook hierdie wesenskenmerk van God wat ons bestaan moet dikteer in die nastrewing van die *missio Dei*.

God word in Christus Jesus 'n menslike persoon (*die Woord het mens geword)*[92] as iemand wat liefhet en in 'n verhouding staan met die Vader en die Gees sowel as met die mens (die ander). Soos wat 'n verliefde persoon soek na maniere om die ander se

[89] Du Toit. *God?* 134
[90] Du Toit. *God?* 134
[91] Frost *Exiles* 16
[92] *Die Bybel Nuwe Vertaling,* Joh 1:14

hart te wen, so is die liefde van God in Jesus aan die wêreld geopenbaar. Dit is nie 'n oorrompelende liefde nie, maar een wat deur vryheid 'n weg na die hart soek. *Love can arise and grow only in the space of freedom. ... That is the way of the* missio Dei. *Jesus, the first missionary, came to people like that. The way of the* missio Jesu *is also the way of the* missio hominum.[93] Verhoudings respekteer die vryheid van ander en is 'n belangrike deel van die *missio Dei*. *Mission cannot help relating to the other, to the stranger.*[94]

Hoe ons God verstaan, het 'n groot invloed op ons lewens. Paulus sê nie verniet in Romeine 12:2 nie: *laat God julle verander deur julle denke te vernuwe*.[95] Dit is dus nie reëls en wette wat mense se lewens verander nie. Die denke oor God bepaal grotendeels die lewenswyse van sy kinders en van die kerk. As die Drie-Enige God in Jesus onder ons kom woon, is dit die openbaring van sy liefde en sy *missio* en *munis Dei*. Hy stuur ons vanwaar Hy ons roep. Hy is dus die alomteenwoordige God, die Een in wie se genade ons voortdurend wandel. As Hy ons stuur, dan is dit omdat Hy reeds gekom het na die plek waarheen Hy ons stuur. Volgens die navorser kan die *missio Dei* nie losstaan van die *munis Dei* nie. Die vleeswording van Jesus het 'n kosmiese implikasie omdat die Drie-Enige God nie aan tyd of plek gebonde is nie. *Van 'n selfstandige Christus, los van die sonde van die mens, los van sy Middelaars- en herskeppingstaak is daar in die Skrifopenbaring nie sprake nie.*[96] *Sonder die agtergrond van 'n gebroke kosmiese werklikheid en die doel om dit te herstel, kan die sin van die inkarnasie nooit Bybels gevul en geïnterpreteer word nie.*[97]

Die kerk is nie die bouer van die Koninkryk van God nie, want dan sou dit die koninkryk van die kerk genoem moes word. Die Koninkryk van God, wat die einddoel van die *missio Dei* is, is altyd groter as die kerk. Die kerk word dus nie gestuur na waar God nog nie is nie, maar gestuur na waar God reeds werk.

Die kerk se bestaan is 'n reaksie op die *missio Dei*, maar die *missio Dei* is meer as die kerk.[98] Johannes 1 help ons om hierdie verhouding en sodoende ook ons plek in die

---

[93] Sundermeier. *Missio Dei today*,563
[94] Sundermeier. *Missio Dei today*,565
[95] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[96] Heyns. *Dogmatiek*, 231
[97] Heyns. *Dogmatiek*, 231
[98] Engelsviken. *Missio Dei*, 481-497.

koninkryk van God te verstaan. J.A Heyns beskryf die *missio Dei* soos volg: *omdat die Sending aan die kerk vóórafgaan, daarom volg die sending op die kerk. Die missio Dei is die diepste grond vir die missio ecclesiae. Die kerk is met sy verkondigende en eksemplariese of vóórbeeldige bestaan en handelinge deur God self opgeneem as 'n beslissende faktor in die geskiedenis van sy ryk op aarde*.[99]

Verse 1-3 van die perikoop lees soos volg: *In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.*[100]

Die Griekse woord *Logos* word in Afrikaans vertaal met *Woord*. Die woord *Logos* is nie uniek aan die Bybel nie, want die Griekse filosoof, Heraklitus van Efese ca. 500 v.C[101] het geleer dat die *Logos* die siel van die heelal is – die skeppende energie waaruit alles ontstaan het, wat alles orden, en wat alles in stand en in balans hou. Die *Logos* was vir hom die onveroorsaakte oorsaak van alle dinge. Johannes het dit geweet en sluit daarby aan. Hierdie Skepper van die grootheid en die wonderlikheid van die skepping het Homself aan ons openbaar. Hy (die Woord) het mens geword (die OAV vertaal die Griekse woord *sarx* met *vlees*) en onder ons kom woon. Die woord *woon* laat ons dink aan die tabernakel of die tempel, wat beskou was as die woonplek van God.[102]

Ons moenie aan die vleeswording dink as die ontstaan van ons Verlosser nie. As die Woord was Hy van ewig af, en was sy geboorte dus nie die begin van sy Persoon nie.[103] Nee, Hy wat geen begin gehad het nie, het nie opgehou om te wees wat Hy van ewigheid af was nie, maar Hy het begin om vir die ewigheid daarná te wees wat Hy nooit vantevore was nie. En in Hom sien ons die wese van God, sien ons die Vader en ontvang ons die Gees. Vers 18 sê: *Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.*[104]

---

[99] Heyns. *Dogmatiek*, 374
[100] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh. 1:1-3
[101] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 24
[102] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 35-36
[103] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 36
[104] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh. 1:18

Ook vir die Jode was die woord *Logos* nie ’n vreemde term nie. Ps. 33:6, 9 sê: *Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur sy bevel al die hemelliggame ... want Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar.*[105] Dit herinner ook aan Gen. 1: *God het gesê.*[106] En Johannes sluit hierby aan wanneer hy sê dat alles deur die Woord ontstaan het.[107]

Die Woord verwys na Jesus as die Seun van God. Die Woord is nie die Vader nie en tog is die Woord ook nie ’n skepsel nie. Daar is baie verduidelikings van die Drie-Eenheid van God, maar baie daarvan is nie bevredigend nie. Wat wel sin maak, is dat God die God van verhoudings is in wie die verhouding tussen die Vader, Seun en Heilige Gees in so ’n heilige hegtheid vas is dat daar net van een God gepraat kan word.

In die teksgedeelte *die Woord was by God,*is die woord *was* (Grieks ε□μί) in die perfektum, wat dui op tydsverloop in die verlede. Met ander woorde, toe die tyd en alles wat bestaan, begin het, was Hy reeds daar. Hy was van ewigheid af daar. Daar is dus ’n ewige intieme assosiasie/verhouding tussen die Woord en God. *Die Woord is ten volle God ... en net soos God is Hy ook ewig.*[108]

Wanneer die Drie-Enige God dus deur die Gees in ons as sy kinders kom woon, kom woon die God van verhoudings in ons. As Hy in ons woon, dan word ons meer en meer soos Hy. Ons word mense vir wie verhoudings meer werd is as reëls en programme. Reëls het wel ’n belangrike plek in die samelewing, want sonder reëls is daar nie orde nie, maar reëls en wette mag nie belangriker raak as verhoudings nie. Dit maak dat ons eerder vrede sal maak as om te twis; dat ons mekaar sal liefhê; dat ons mekaar se laste sal dra en met mekaar sal saamwerk.

Om die missionale taak te onderskei, sal vereis dat ons voortdurend na die Woord (die Bybel) moet luister, na mekaar moet luister, na die wêreld moet luister en so probeer hoor wat die *missio Dei* behels soos ons meer en meer daarin slaag om die *munis Dei* te hoor.

---

[105] *Die Bybel Nuwe Vertaling.*
[106] *Die Bybel Nuwe Vertaling.*
[107] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 25
[108] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 23

Verhoudings is dus nie iets waaroor ons ŉ eie keuse het nie. ŉ Verhouding met God roep ons tot ŉ hegte eenheid waarin daar nie plek is vir skeuring of individualisme nie. Hierdie verhouding is nie ŉ doel op sigself nie, maar in die onderlinge gemeenskap (eenheid) wat daar onder ons moet wees, lê ook ons *missio Dei, ... sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*[109]

Die verhoudingsliefde is deel van God se wese, en hierdie liefde reik uit na die wêreld in nood. Die Vader wil deur die versoening van die Seun en deur middel van die Gees een met ons wees, *sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.*[110]

Die grootste uitdaging van die kerk is om in die wêreld ŉ gemeenskap van gelowiges te vorm wat volgens ŉ ander orde leef, ŉ gemeenskap met ŉ ander styl van doen, ŉ gemeenskap met Jesus as die hoof. Dit is in hierdie gemeenskap dat ons baie maal ŉ wêreldvreemde styl van doen handhaaf. Dit is ŉ nuwe gemeenskap wat gebou is op die riglyne van die Woord en die leiding van Jesus as die Hoof deur die werking van die Gees tot eer van die Vader. Hier het ons die vyand lief en draai ons die ander wang. Hier aanvaar ons mekaar en soek ons na eenheid eerder as na ŉ meerderheidstem. Hier is die 'mekaar' meer belangrik as die 'ek'.

Ons verhouding met God is bepalend vir ons verstaan van die waarde van lewe en roeping. In die openbaring van God aan ons staan Jesus sentraal. In Hom sien ons die liefde van die Vader. Deur die geloof in Jesus het ons ŉ lewende hoop op ŉ ewige heerlikheid waar daar geen pyn of lyding sal wees nie, geen trane nie, geen ongelowiges of armes nie. Openb 21:4: *Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.*[111]

Dit is ŉ wonderlike vooruitsig, maar dit laat ons met nuwe oë kyk na hierdie lewe. Net in hierdie teenswoordige lewe, hierdie klein venstertjie in ons ewige bestaan, het ons nog ŉ geleentheid om iets vir ander te beteken, iets van Jesus se gebed uit te leef. Slegs in hierdie bestaan is daar nog armes om te versorg en siekes om by te staan en

[109] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh 17:21
[110] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh 17:23
[111] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.

voor te bid, ongelowiges teenoor wie ons kan getuig. In kort, dit is net nóú nog vir ons moontlik om mense lief te hê al is hulle sondaars soos ons. Ons tyd en geskiedenis bestaan alleen *because God has patiently granted time for mission.*[112]

Hierdie geloof en insig is bepalend vir die *missio Dei*. Die navorser vermoed dat dit veral vanuit die besinning van hierdie waarheid is dat ʼn gemeente dit regkry om oor die grense te gaan en die 'veilige hawens' te verlaat. Dit is waarom Paulus ook in Fil. 1:20 ev. sê: *Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. Ek is in ʼn tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe.* [113]

Omdat ons ʼn vaste hoop het op dit wat ons glo – ʼn ewige lewe in die vooruitsig – is die jare op aarde min en die nood groot. In die lig van die ewigheid is die opoffering op aarde gering. Dit is waarom Jesus die Heilige Gees na ons stuur om ons met krag en energie te vul vir ons roeping. ʼn Roeping wat nie net ʼn taak is nie, maar ʼn identiteit. Ons verhouding met God stuur ons na ʼn nuwe verhouding met die wêreld. Om voluit en goed te lewe lê aan die hart van ernstige spiritualiteit. Die Gees wat in ons is, gee aan ons die ingesteldheid van God en dit is die kern van die Christen se bestaan. Die *missio Dei* is nie iets waaraan ons deelneem nie, maar dit vorm ('shape') ons bestaan. In Psalm 116:9 staan daar: *Ek kon voor die Here bly wandel in die land van die lewendes.* [114]

Spiritualiteit is nooit ʼn selfstandige onderwerp nie, maar altyd ʼn handeling van die lewende God wat ons by sy *missio* intrek. Ware spiritualiteit is ʼn lewende verhouding met God. Dit beskerm ons daarvan om nie self planne te maak en dan God by ons planne te probeer betrek nie, maar om so by God te leef dat ons by sy planne betrokke raak. Peterson sê: *Because the ideas and projects have the name of God attach to them, it is easy to assume that we are involved with God.*[115]

---

[112] Sundermeier. *Missio Dei today*, 570
[113] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Fil. 1:20-24
[114] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[115] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 31

In die gemeente moet daar ’n lewende verhouding met God wees. Lidmate en veral die leierskap moet Hom ken – nie uit wat daar van God gelees of gehoor word nie, maar vanuit ’n persoonlike verhouding met Hom.

2.4.2.1 Implikasie vir die kerk

In ons moet die wêreld God leer ken as die God van liefde, die God van verhoudings. Hulle moet sien dat ons die wesenskenmerke van God in ons dra. Daarom moet ons ons voortdurend vra, in ons huise, in ons werke, in ons vergaderings: ‘Straal ons die lig van God uit? Is die verhoudingsliefde van God in ons sigbaar?’ In ’n wêreld waar daar beweer word dat die meerderheid Christene nie aan ’n gemeente wil behoort nie, is hierdie wesenskenmerk van God van kardinale belang. Geen mens kan groei in die kennis van God en in die heerlikheid van sy Gees as hy/sy dit op sy/haar eie wil doen nie. Ons kan Hom wel in die natuur en uit eie studie van die Woord leer ken, maar ware kennis kom waar ons leer om ander gelowiges lief te hê en in ’n verhouding met hulle te staan. Om selfs oor die grense van ons eie voorkeur te gaan en mekaar lief te hê, selfs al hou ons nie van die persoon nie. Dit verbaas ons dus nie om te hoor dat Jesus twee dinge uitlig as riglyne vir die gelowiges nie.

- Verhouding met God (Mat. 22:37: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.*)[116]
- Verhouding met ander mense (Mat. 22:39: *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*)[117]

As ons dus as ’n gemeente saam is, moet die wêreld kan sien dat ons ’n verhouding het met God (in eerbied en in lof en in aanbidding en in gehoorsaamheid). Hulle moet ook sien dat hierdie God ons lewens verander sodat ons in liefde met ander saamleef. Dat ons vir mekaar omgee en mekaar se laste dra. Dat ons kan vergewe en vrede maak. As iemand as vreemdeling in die gemeente kom, moet hy/sy in ons samesyn die nuwe lewensstyl van verhoudings leer ken en naleef. So sal hulle ook God leer ken. Nie deur wette en reëls, deur moets en moenies nie, maar deur verhoudings van liefde.

[116] *Die Bybel Nuwe Vertaling.*
[117] *Die Bybel Nuwe Vertaling.*

Die ongelowige wêreld of die buitekerklike mens moet nie ervaar dat die kerk met bybedoelings na hulle toe uitreik nie. Buitekerklikes moet nie gesien word as potensiële ondersteuners van bedieninge nie, maar as mense met bepaalde behoeftes. Daar moet in liefde na hulle uitgereik word as diensknegte wat in ʼn verhouding staan met mekaar en so ook in ʼn verhouding met God. Uitreike en diens moet daarop gemik wees om nuwe verhoudings met mense te bou, sodat hulle God kan leer ken. Die kerk moet dan op sy beurt vertrou dat God sal seën en onderhou omdat hulle gehoorsaam is. Die kerk word gebou in sy gehoorsaamheid aan die *missio Dei*.

Die moderne tendens in ʼn sekulêre lewe is dat mense geneig is om die belangrikheid van verhoudings mis te kyk. Hulle soek dié op wat soos hulle dink en voel en sodoende het hulle die minste spanning met verhoudings. Dit is egter so dat die geestelike groei beperk word as daar nie ook geluister word na ander wat nié soos ons dink nie. ʼn Gemeenskap van gelowiges wat in ʼn godgegewe verhouding met mekaar en God staan, waar daar eenheid is ten spyte van verskille, is ʼn lamp wat helder skyn in die wêreld. Dit gee hoop en bring vrede. Gemeentes wat leer om nie vas te klou aan die ou manier van doen nie, maar werklik verhoudings met hulle omgewing opbou, is gemeentes wat aansluiting vind by *missio Dei*.

2.4.3. Ontfermingsgenade

Ontfermingsgenade dui op God se onwankelbare en vasbeslote toewyding aan die mense. Heyns noem dit ʼn *bewoënheid en ontferming*[118] vir die mens in sy nood en verwys na Matt. 9:36 – *Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie ʼn wagter het nie.*[119] Ander tekste soos Matt. 14:14, Mark. 8:2 word ook in die verband aangehaal.[120]

Johannes sê dat hulle die heerlikheid (Grieks *Doxa*) van God in Jesus, die vleesgeworde Woord, gesien het: *Ons het sy heerlikheid gesien.*[121] Hy was *vol van* ***genade*** *en* ***waarheid***, dus genoegsaam in genade en waarheid.[122]

---

[118] Heyns. *Dogmatiek*, 242
[119] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[120] Heyns. *Dogmatiek*, 242
[121] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh 1:14
[122] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 37

God is dus nie net die Drie-Enige God van verhoudings nie, maar ook vol van genade en waarheid. God wil nie net ŉ gemeente saambind nie, maar ook ŉ lig maak vir die wêreld. Deur die gemeente sal die wêreld Hom ook leer ken as ŉ God vol genade en waarheid.

Dit is betekenisvol dat die woord *genade* (Grieks *Charis – the merciful kindness by which God, exerting his holy influence upon souls, turns them to Christ, keeps, strengthens, increases them in Christian faith, knowledge, affection, and kindles them to the exercise of the Christian virtues.*[123]), ten spyte daarvan dat dit aan die hart van die Nuwe Testamentiese boodskap lê, slegs vier maal in die hele Johannes-evangelie voorkom[124], en wel in Joh 1:14, 16 en 17. Daar sal dus eerstens uit hierdie verse ŉ afleiding gemaak moet word, en tweedens uit die res van die Skrif. Die woord *waarheid* (Grieks *Aletheia – the true notions of God which are open to human reason* [125]) daarenteen is een van die uitstaande begrippe in hierdie evangelie. Johannes gebruik dit 26 keer, en daarbenewens is dit swaar gelaai met betekenis.

Tog moet ons hierdie twee begrippe, *genade* en *waarheid,* nie los van mekaar probeer verklaar nie. Kennelik loop hulle saam, en dra hulle saam-saam één boodskap. ŉ Boodskap met verreikende gevolge vir dié wat dit deel maak van hulle lewe. Hierdie genade en waarheid is die uitbeelding van die liefde van God vir die mens – *"Mercy and truth," denoting the whole fruit of God's purposes of love towards sinners of mankind.*[126]

In die teks gaan dit oor God se selfopenbaring aan ons in die Persoon van die Woord (Jesus), en oor die vertoning van sy heerlikheid in wonderlike liefde, nederigheid en diensbaarheid.

Een van die mooiste begrippe in die Bybel om God mee te beskryf, is *genade*. Dit is nie maar ŉ onpersoonlike soort liefde nie – liefde op ŉ afstand nie, nie die liefde van die liedjie 'God is watching us from a distance' (Beth Midler) nie. Dit is **ontfermingsgenade**. Hierdie genade word ten nouste geassosieer met die idee van ŉ

[123] Strong. *The Exhaustive Concordance of the Bible,* G5485
[124] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 37
[125] Strong. *The Exhaustive Concordance of the Bible,* G225
[126] Jamieson. *A Commentary,* Joh 1:14

verbond.[127] In die geval van God is dit dus sy liefde vir sy geroepe volk en vir diegene daarin wat erns maak met die verbondsbepalinge. Heyns sien die inkarnasie as verbondsvervulling. God sit die verbond voort en belowe om ŉ ander mens te stuur wat sou doen wat Adam moes doen, maar nie gedoen het nie.[128]

Die twee woorde *genade en waarheid* herinner aan die Hebreeuse woorde *hesed* en *emet,* wat vertaal kan word met 'troue liefde'.[129] Die begrip impliseer persoonlike betrokkenheid en toewyding wat bo die eise van plig, konvensie of wet uitstyg.

God se genade is sy vrye en ongedwonge liefdesguns waardeur Hy in Christus die ewige lewe gee aan skuldige sondaars wat nie alleen dit nié verdien nie, maar wat eintlik die teenoorgestelde daarvan verdien, nl. die ewige oordeel.

God se genade is dus sy soewereine en spontane goedheid. Dit is deel van sy wese. Hierdie genade het Jesus aan ons bekend gemaak. Die karakter van die bruid van Jesus (die kerk) word daardeur gevorm. Dit is ook bepalend in die kerk se verstaan van die *missio Dei* en haar gehoorsaamheid daaraan – ŉ *missio Dei* wat die kerk stuur na ŉ onwankelbare en vasbeslote toewyding aan die medemens. So word die ontfermingsgenade van God nie ŉ gawe vir eie gebruik nie, maar die *uitvoerproduk* van die gemeente.

Paulus sluit hierby aan in 1 Kor. 5:14-15 – *Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het vir almal gesterwe sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.*[130]

Gehoorsaamheid aan die *missio Dei* word aangevuur deur ŉ heilige respek vir die God wat aan ons hierdie genade bewys. Peterson verwys daarna as *Fear-of-the-Lord*[131] en bedoel dan nie dat daar vrees moet wees nie, maar respek. Heilige respek vir die heilige God bring ons tot verwondering en aanbidding en gehoorsaamheid,

---

[127] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 38
[128] Heyns. *Dogmatiek*, 230
[129] Groenewald. *Die Evangelie van Johannes,* 38
[130] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, 1 Kor 5:14-15
[131] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 41

eerder as kreatiewe denke oor wie God is. Hierdie respek vrywaar ons ook van familiariteite en lei ons tot gehoorsaamheid.

2.4.3.1 Implikasie vir die kerk

ʼn Gemeente moet onderling die onverdiende en onvoorwaardelike spontane goedheid van God daadwerklik weerspieël. Dit is nie net die verkondiging van die evangelie wat lewens raak nie, maar ook die ontfermingsgenade.

Die volgende storie word vertel: ʼn Egpaar het sendingwerk in die ooste gedoen as gestuurdes van ʼn gemeente in die VSA. Toe hulle verslag doen, was die gemeente ontsteld, want die egpaar het ʼn kleuterskool begin sonder om mense met Jesus te konfronteer. Die gemeenteleiers was van mening dat hulle die gemeente se geld misbruik het.

Die man en vrou het toe verduidelik dat dit teen die wette van daardie land was om met mense oor geloof te praat as hulle nie daarna vra nie. Hulle het toe navraag in die omgewing gedoen en verneem dat daar nie voldoende kleuterskole is nie. ʼn Kleuterskool is begin waar baie aandag en liefde aan die kinders gegee is. Die ouers is besoek en waar moontlik is hulp verleen. Hulle woorde was: *We loved them so much that they started asking us why. Then we told them about Jesus.*

Rondom die skool het daar ʼn gemeente ontstaan van mense wat geraak is deur die ontfermingsgenade van God. Hierdie genade is nie ʼn paar druppels wat val nie. Dit is nie genade met beperkings nie. Dit is *genade op genade*[132] – dit is strome van seën. Dit is soos branders wat golf na golf dag na dag oor die rotse spoel, sonder om moeg te word. Soos wat die rotse se vorms gekerf en die strande gevorm word, so vorm die genade van Christus die gemeente en daardeur die gemeenskap rondom haar.

ʼn Gemeente wat toelaat dat hulle gevorm word deur die ontfermingsgenade van God, sal nie bedreig word as die wêreld rondom hulle verander nie. Hulle sal voortdurend

[132] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh 1:16

vra en soek na dit wat God in sy genade in die wêreld aan die doen is en hulle haas om daarby aan te sluit.

Hoewel dit in die eerste instansie ŉ karaktertrek van God in die Skrif is, moet dit ook ŉ karaktereienskap van al sy kinders wees. Hulle oor wie sy troue guns soos branders spoel, moet dit deurgaans aan ander betoon. En soos Hy, moet ook hulle die menslik onmoontlike beoefen. Ook hulle trou moet nie afhang van ander se prestasie nie. Hoe sal ŉ mens dit regkry? Die Here se *hesed*-genade sal hulle daarvoor toerus – daarop moet die gemeente staatmaak. Rob Bell onderstreep die feit dat God, wat die mens gemaak het, glo dat die mens in staat is tot groot dinge. *I have been told that I need to believe in Jesus. Which is a good thing. But what I am learning is that Jesus believes in me.*[133]

Dit is alleen in die lig van God se verlossing deur genade en die geloof in die ewige lewe as die vaste komponent van haar bestaan dat ŉ gemeente werklik meelewend kan raak en werklik die *missio Dei* kan omarm. Dit is net hier en nou dat Christus in sy vleeswording gevolg kan word en soos Hy in hierdie wêreld in te beweeg om as gestuurdes te dien.

2.4.4. Meelewingsliefde

Preach the gospel always, and if necessary, use words.[134]

Die meelewingsliefde is ŉ woord wat die navorser geskep het om iets van die begrip van *kom bly by die mense in hulle nood* onder woord te bring. Die Griekse woord εσκηνωσεν (afgelei van σκηνόω, ŉ werkwoord, wat 'bly' of 'woon' beteken)[135] kan vertaal word met *Hy het kom woon.* Die sin και εσκηνωσεν εν ημιν kan dan vertaal word met *en Hy het onder ons kom woon (*Hy verwys dan na die *Woord,* naamlik na Christus).

Soos verduidelik, bepaal ons begrip van wie die Drie-Enige God is, ons lewe en die lewe in die gemeente. Dit is nie planne en programme nie (ja, dit het ook waarde),

[133] Bell. *Velvet Elvis*, 134
[134] Frost *Exiles* 75 (Franciskaanse mantra)
[135] Els. *Grieks-Afrikaanse Woordeboek,* G4637

maar dit is Hy wat in ons woon, wat ons lewensgang bepaal. Hy wat ons geroep het, maak ons bekwaam vir ons roeping. Sy lig bring lewe en dit verdryf die duisternis in en om ons. *Die duisternis kon dit nie uitdoof nie*.[136]

'n Gemeente wat kenmerke van God in hulle het – die heerlikheid soos deur Jesus geopenbaar, die verhoudingsliefde en die ontfermingsgenade – sal nie anders kan as om meelewend lief te hê nie. 'n Verhouding met die God van verhoudings sal die gemeente uitdryf na die wildernis van mense sonder God, na mense in nood en wanhoop, na hulle wat soek en in sonde vasgevang is. Rob Bell stel dit soos volg: *For Jesus, the question wasn't, how do I get into heaven? but how do I bring heaven here?*[137] Omdat die gelowige reeds seker is van sy/haar ewige toekoms, behoort die lewensvraag nie te wees *how do I get in there?* nie, maar *how do I get there, here?*[138] Dit sal die beplanning bepaal, die programme dikteer, en die meelewingsliefde sal daaruit vloei.

Die gevaar van so 'n stelling is dat as dit op sy eie bly staan, dit die spore van humanisme kan volg wat die noodsaaklikheid van geloof en wedergeboorte verontagsaam. Die ware uitleef van die genade en waarheid vloei vanuit 'n innerlike geloofsverhouding met die drie-enige God wat in heerlikheid na die wêreld kom in Christus. Die God wat in die tuin van Eden roep na Adam en Eva wil weer die gebroke verhouding herstel en iets van die hemel terugbring in die hel van vrees en selfverwyt, wat gespook het in die harte van die mense toe hulle as gevolg van die sonde tussen die plante probeer ontvlug het. So is dit dan ook met die missionale gemeenskap van gelowiges: hulle bring iets van die hemel na die hel waarin baie mense hulleself bevind.[139] 'n Moralistiese veroordeling van die wêreld was nie die bedoeling van God nie – *God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word*.[140]

Die teks onder bespreking lui: *Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon.* Peterson vertaal Joh. 1:14 soos volg:

---

[136] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh 1:5
[137] Bell. *Velvet Elvis*, 147
[138] Bell. *Velvet Elvis*, 147
[139] Die navorser glo dat daar 'n ewige eindbestemming 'hemel' is (nuwe aarde en nuwe hemel) en 'n ander ewige bestemming 'Hel'.
[140] *Die Bybel Nuwe Vertaling,* Joh 3:17

The Word became flesh and blood
And moved into the neighborhood
We saw the glory with our own eyes
The one-of-a-kind glory
Like Father, Like Son
Generous inside and out
True from start to finish[141]

Die Woord het in ons omgewing ingetrek en tussen ons kom woon sodat ons sy heerlikheid kon aanskou, vol van genade en waarheid. Hy was daar waar die nood was en het hoop en genesing gebring. Die nood en lyding van mense is konstant rondom ons, *every neighbourhood is surrounded by invisible barriers separating prosperity from poverty.*[142] Die kerk is die liggaam van Christus, die kerk moet dit doen wat Jesus gedoen het en hierdie grense konstant oorsteek, sodat God verheerlik kan word. Dit is in hierdie tydelike en gebroke wêreld dat die kerk die verbondsliefde en ontfermingsgenade moet uitleef deur naby mense te kom om meelewingsliefde te bewys. Jesus het niemand uitgesluit nie, maar almal ingesluit, en hulle genader met genade en waarheid.

Die vleeswording van Jesus roep ons nie weg van die '*humdrum*'[143] van die wêreld nie, maar juis om ons sin daarin te vind, ons roeping daarin uit te leef. *The way of Jesus is not about religion; its about reality. It's about lining yourself up with how things are. Perhaps a better question than who's right, is who's living rightly.*[144] Dit kom alles daarop neer dat die kerk die liggaam van die vleesgeworde Woord is wat met meelewingsliefde in die wêreld (*neighborhood*), vol van allerhande vorme van lyding, ingetrek het.

Dit is beperkte tyd, want na hierdie tydelike lewe is daar nooit weer vir 'n verloste die moontlikheid om God te dien deur by die nood (hel) van die wêreld uit te kom nie. Dit is net nou die geleentheid om die hemel by mense uit te bring, en dan vir alle

[141] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 104
[142] Gittins. *Ministry at the margins,* 5
[143] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 86
[144] Bell. *Velvet Elvis*, 21

ewigheid nie weer nie. Vanuit hierdie geloof moet die gemeente aangevuur word om die *missio Dei* uit te leef. Die meelewingsliefde is ook ʼn imperatief en die verontagsaming daarvan is sonde. Die gelykenis van die ryk man en Lasarus onderstreep hierdie stelling. Die ryk man land in die ewige hel omdat hy Lasarus op aarde in 'hel' laat leef het, sonder om meelewingsliefde te bewys, al was hy net buite sy voordeur. *Jesus wants his followers to bring heaven, not hell, to earth.*[145]

God het ons so lief dat dit Hom selfs 'kwesbaar' maak. Ons kan Hom bv. bedroef of verheug. God het ons so lief dat dit vir Hom na sy wese noodsaaklik is om dit aan ons te betoon. Keifert noem ook God die *self-giving God. God seeks to communicate and to give God's self, not only in the past, but also now, in the present, and in the next moment.*[146]

Soos wat dit vir ʼn kunstenaar noodsaaklik is om beelde of skilderye te maak om uitdrukking aan sy wese te gee, so is dit ook vir God noodsaaklik om sy verbondstrou aan ons te wys, maar so ook sy ontfermingsgenade. Hy doen dit deur tussen ons te kom woon (meelewingsliefde). Die kerk doen dit deur tussen die mense op aarde te woon.

As God dan sy genade so aan ons bewys deur tussen ons te kom woon, het dit vir die kerk belangrike missionale implikasies.

2.4.4.1 Implikasie vir die kerk

Soos wat God Homself kwesbaar maak in sy meelewingsliefde, so moet die kerk dit ook waag om kwesbaar te wees. Gemeentes sal moet leer om te waag in gehoorsaamheid aan die *missio Dei* wat hulle onderskei het.

Dit is die genade van God in Jesus wat die kerk sal uitdryf die wildernis van die wêreld in om die heerlikheid van God se koninkryk te laat kom in die lewens van mense en in die natuur. Die omgewing moet nie gesien word as ʼn bedreiging nie, maar as die plek waarin ons moet woon, waarin ons die bure moet wees, die genade

[145] Bell. *Velvet Elvis*, 149
[146] Keifert. *Welcoming the stranger*, 61

en waarheid moet sigbaar maak. *We cannot live God's gifts of salvation history and holy community apart from God's creation conditions. Jesus didn't and we can't.*[147]

Vir die kerk is dit belangrik om die demografiese verskuiwings en veranderings in die omgewing te sien as 'n geleentheid om as alternatiewe gemeenskap te leef, vol genade en waarheid. Vol van die verhoudingsliefde, ontfermingsgenade en die meelewingsliefde.

2.4.5 Samevatting

Die *missio Dei* moet nie verstaan word as 'n heengaan na die wêreld in gehoorsaamheid aan die God voor wie ons stil was nie. Dit is eerder God wat aan ons, wat voor Hom is, insig gee in sy werk en ons dan roep na waar Hy reeds besig is. Die *missio Dei* is dan 'n *roeping* sowel as 'n *sending*. God stuur ons na plekke waarvandaan Hy ons roep, na plekke waar Hy reeds aan die werk is en waarby Hy ons wil betrek.

Dit is nodig om te weet en te glo dat God aan die werk is in die hele skepping en dat Hy nog nie opgehou het om te skep nie. Nie alleen is wetenskaplikes oortuig dat daar voortdurend in die heelal nuwe sterre gebore word nie, maar die Woord leer ons dat God voortdurend besig is om uit niks iets voort te bring. In Gen. 21:1 word Isak vir die onvrugbare Abraham en Sarah gebore. Uit 'n barre niks skep God nuwe lewe. So is daar ook Manoag en sy kinderlose vrou uit wie Simson gebore is (Rig. 13:3). Ook Samuel uit Elkana en die onvrugbare Hanna (1 Sam. 1:19-20). So is Johannes die Doper uit die kinderlose Sagaria en Elisabet gebore (Luk. 1:7, 13, 24) en dan Jesus uit die maagd Maria (Matt. 1:18).[148]

Die Skepper-God is skeppend aan die werk in die skepping. As die sondige mens tot geloof kom, vind daar wedergeboorte plaas. Dit is 'n skeppende handeling van God. Deur Jesus wil God ons wat reeds wedergebore is, betrek by hierdie wonderlike en voortdurende skepping. Ons word geroep om hiervan te getuig met woord en daad.

---

[147] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 88
[148] *Die Bybel Nuwe Vertaling.*

Godsdienstigheid het alles te make met ʼn nuwe 'herskepte' lewensingesteldheid of geestelike kultuur. Dit het dus alles te doen met wat ons sê en doen en dink. Dit is dáár, in ons leef-omgewing, al is dit nie ideale omstandighede nie, waar ons hierdie wonder van ons herskepping en die genade van God moet uitleef. Dit is hier waar mense God in ons moet sien en leer ken en van Hom hoor, want so wil God mense na Hom trek. So wil Hy mense versorg en ons deel maak van sy skeppingswerk. In Joh 1:14 staan daar: *Die Woord het mens geword en onder ons kom woon...* Dit wil sê Jesus het in ons buurt ingetrek. Hy het na ons in ons lewensomstandighede toe gekom. En so gaan die kerk in gehoorsaamheid na die lewensomstandighede van ander.

Om op so ʼn manier deel te wees van God se werk vra voortdurende toewyding en dissipline. Die mens is die enigste skepsel wat die vryheid ontvang om te kies. Adam en Eva moes kies en kon kies om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie. Ons kan ja of nee sê. Om te kan kies, is Godgegewe, en Hy neem dit nie van ons weg nie. Ons kan glo of nie glo nie. Ons kan doen of nie doen nie. Daar is ʼn Gees wat ons na God toe lei, maar daar is ook ʼn gees wat ons van Hom af weglei.

Geloof kan nie afgeforseer word nie, ook nie diensbaarheid nie. Die *missio Dei* het alles te make met ons keuse. Ons verhouding met God vra dat ons sal kies om nie self te besluit wat reg en verkeerd is nie – om spreekwoordelik nie te eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. Ons moet God so ken dat ons sal weet wat Hom behaag, dat ons die vermoë van onderskeiding sal hê om te weet waar om deel te word van die werk wat God reeds aan die doen is in die omgewing en situasie waarin ons onsself bevind.

Jesus het in ons wêreld ingekom en onder ons kom woon en ons het sy heerlikheid aanskou, *vol van genade en waarheid* (Joh. 1:14). So word ons as wedergeborenes geroep tot beelddraers van God volgens die voorbeeld van Jesus. So moet ons as sy liggaam op aarde ook in die gemeenskappe waarin ons leef, ingaan, sodat mense Jesus kan leer ken. Dit is nie ʼn saak van individue wat getuig en woon en werk nie, maar die liggaam van Jesus (die kerk) het baie lede, elk met sy spesifieke funksie. Dit is deur ons onderlinge liefde en gemeensaamheid dat mense uit ons gemeenskap die God van verhoudings kan sien – *Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan*

hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.[149] God beweeg in ons lewensruimte in sodat ons en ander Hom kan ken.

Om te verstaan waar God ons wil betrek by sy werk in die wêreld, moet ons tot ruste kom voor Hom. Ons moet stilword en luister. Peterson sê: *Quit ... Stop ... Take a break.* Hy gaan voort deur te sê: *Whatever you are saying, shut up ... sit down, take a look around you ... Don't do anything ... Don't say anything ... Fold your hands ... Take a deep breath.*[150] Ons moet toelaat dat God ons aanspreek en insig gee in dit wat Hy aan die doen is. Afsondering en stiltyd met Woord en gebed is een van die dissiplines wat ons moet aanleer en toepas.

Ons eer en ontsag vir God (*Fear-of-the-Lord*)[151] kom tot uiting in ons stilwees voor Hom. Sodoende kan Hy ons in Jesus Christus vorm na sy wil. Om dus God te verstaan is nie net om allerhande doktrines oor Hom te wete te kom of te bedink nie, maar om in so 'n verhouding van aanbidding en eer tot Hom te leef dat sy gestalte en karakter al meer in ons sal wees. Doktrines help ons om diepte en woorde te gee vir wat ons glo, maar *they aren't the point.*[152] Doktrines is net die platvorm waarvandaan ons in ons missionale gehoorsaamheid vertrek en land. Kritzinger sê dat die geloofsgemeenskap *roots and wings*[153] nodig het. Die vraag volgens hom is nie net wie Jesus is nie, maar wat doen ons nou dat ons sê wie Hy is.[154] Die doktrines is die *roots* en die missionale praksis is die *wings* van die kerk. Die kerk is 'n gemeenskap van mense wat vanuit hulle toenemende verstaan van God leer *how to be certain kinds of people wherever they find themselves.*[155] Gaandeweg leer hulle om iets van die hemel te bring na die plekke waar hulle woon, werk en speel.

Vanuit die regte hermeneutiek kan ons onderskei tussen reg en verkeerd, tussen wat ons moet doen en nie moet doen nie. Die wandel met die lewende God is nie 'n dan-en-wan-gebeurtenis waar ons so nou en dan ons batterye weer wil laai nie, maar 'n

---

[149] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Joh 17:22-23
[150] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 109
[151] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 41
[152] Bell. *Velvet Elvis*, 22
[153] Kritzinger. *A Question of Mission,* 2
[154] Kritzinger. *A Question of Mission,* 2
[155] Bell. *Velvet Elvis*, 85

leefwyse, ’n styl wat deel is van wie ons is en deel word van ons identiteit. Soos Henog van ouds moet dit bekend wees dat ons met God wandel, en ons moet dit doen as deel van ons daaglikse bestaan. Dit en dit alleen verhelder die sondige mens se geestesoog sodat hy/sy kan sien watter hoop sy/haar roeping inhou: Efes 1:18-23 – *Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.”*[156]

Wanneer God werk, doen Hy dit op ’n wonderbaarlike manier. Hy is die Skepper en kragtige wonderwerke is te wagte. As sy kinders is ons in ’n konstante staat van verwondering. Ons kan hoop én verwag dat Hy, wat ons intrek in sy werk, ook wonders deur ons sal doen in ons omgewing. Dwarsdeur die geskiedenis van God se handeling met die mens, soos ons dit ook in die Woord lees, sien ons en leer ons dat verlossing God se werk is: *Salvation is God doing for us what we cannot do for ourselves.*[157]

Verlossing betrek ons hele lewe en dit het alles te make met ons totale bestaan. Ons leer as verlostes rondom die Woord en in die gemeente om akkuraat oor God te dink, morele kodes toe te pas, passievol te preek, met oorgawe te sing, opreg te bid en aan ons geloof vas te hou. Hierin is baie lidmate en leiers in die kerk soms baie bedrewe. As ons egter sommer in ’n bediening inloop sonder om voortdurend in gespek te bly met God, loop ons dalk weg van wat God wil doen. Ons kan alleen deel word van wat God doen as ons soekend voor Hom bly in die Woord en in gebed.

Om geanker te bly in die Woord en in voortdurende afhanklikheid van God te lewe, is ’n geestelike kultuur wat ons beskerm teen totale ontsporing. Dit beskerm ons teen ’n

[156] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Efes 1:18-23
[157] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 177

vorm van kerkwees wat hunker na groter vermaak of selfgedrewe pogings om die wêreld se laste te dra en die evangelie te probeer verkondig.

Alle pogings waarin die inisiatief van die mens sentraal staan, is ʼn vorm van hoogmoed wat Jesus se eer probeer steel. In die Woord staan Jesus altyd sentraal. Alles draai om Hom wat die Verlosser is, maar ook die Hoof van die kerk hier op aarde. Die storie van verlossing en hoop in die geskiedenis van die wêreld is ʼn storie oor Jesus.

In Johannes 3:27-30 leer ons iets van ons plek voor God en in die wêreld. Daar staan die volgende geskryf: *Johannes het hulle geantwoord: "Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie uit die hemel aan hom gegee is nie. Julle is self my getuies dat ek gesê het: 'Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom uit gestuur.' Die bruidegom is die een aan wie die bruid behoort; maar die vriend van die bruidegom staan en luister of hy kom en is baie bly wanneer hy die stem van die bruidegom hoor. Daarom is ek nou met blydskap vervul. Hy moet meer word en ek minder".*[158]

Ons is in alles van God afhanklik. Ons het geen eie bevoegdheid nie. Die enigste bevoegdheid in die koninkryk van God wat ons hoegenaamd kan hê, moet uit die hemel aan ons gegee word. Jesus moet in alles wat ons doen, sentraal staan. Ons is slegs diensknegte in die Koninkryk van God, omdat die Koninkryk groter is as die kerk.

Wanneer Jesus die Hoof is, staan individue nie uit nie. Dan is nederigheid voor die Verlosser die Geesvervulde karaktereienskap soos ons dit ook in bogenoemde teks bespeur. Ons sien ook dat Jesus in ʼn wanordelike en sondige gemeenskap waarin mense die hoofrol probeer speel, ʼn nuwe gemeenskap vorm deur die dissipels en later die gemeentes waarin Hy die hoofkarakter is: *Community, not the highly vaunted individualism of our culture, is the setting in which Christ is at play.*[159]

---

[158] *Die Bybel Nuwe Vertaling*.
[159] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 226

HOOFSTUK 3
DIE HUIDIGE MAKRO- EN MESOKONTEKS WAT 'n INVLOED HET OP DIE ONDERSKEIDING AL DAN NIE VAN DIE MISSIO DEI

3.1 Inleiding

In die Wes-Kaap is daar 'n duidelike verskil in die vier seisoene van die jaar. Somers kan lekker warm word, die herfs is 'n heerlike afwisseling, en die winter het sy eie bekoring. Die lente breek die greep van die koue en dan is die heerlike somer weer daar. Elke seisoen bring ook sy eie styl van lewe en voorkeure. Selfs die styl van klere verander met die seisoen. Dit sal nie werk as jy mense wil lei om in die winter te gaan swem nie, of om in die somer voor 'n kaggel te kuier nie. Elke seisoen het sy eie karakter en sy eie invloed op mense. Daar moet rekening gehou word met die seisoene om relevant te wees en te oorleef in 'n bepaalde tyd. Die mens word onwillekeurig ten opsigte van sy/haar wêreld en lewensbeskouing beïnvloed deur die gees van die tydperk waarbinne geleef word.[160]

Iets hiervan is ook waar vir die tydperke waarin mense leef. Elke tydperk het 'n bepaalde invloed. Hierdie invloed is oor geslagte heen en die transformasie van die een paradigma na die ander is stadig en nie altyd so duidelik nie, veral die skuif van moderne[161] na postmoderne tyd[162]. Hierdie tydperke het lang geskiedenisse en is geneig om mense vas te gryp in allerhande sentimente. Daarom bring die oorgang altyd spanning en skeuring tussen dié wat transformeer en dié wat stagneer. Leierskap moet die bepaalde tyd ken en die samestelling van die gemeenskap om relevant en sinvol te bly. In die gemeente moet die missie in hierdie tye goed en duidelik verstaan word om die vrywilligers opgewonde te maak en te hou oor die rigting waarin beweeg moet word. Dit sal hulle help om hulle verskille te oorbrug.

---

[160] Du Toit. *God?,* 10

[161] Moderniteit: Die periode in die Europese/Amerikaanse geskiedenis (1650-1950) wat gekenmerk is deur die konsep van 'n moderne nasionale staat, deur die verminderde invloed van die kerk op die staat, deur die opkoms van 'n middelklas en deur die eksponensiale groei van die invloed van die Europese/Amerikaanse kultuur oor die hele wêreld heen. Die moderniteit is bekend vir die oorheersende invloed van die epistemologie (hoe ons iets kan weet), wat geneig was om 'n skeiding te maak tussen feite en waardes. – Keifert. *Ons is nou hier*, 151.

[162] Postmodern: 'n Beskrywing van die periode in die geskiedenis wat gevolg het op die modernisme. In hierdie era is daar begin om baie van die basiese aannames van die modernisme te bevraagteken. Dit verwys na meer as 'n spesifieke kultuur of posisie, maar slaan eerder op 'n verskeidenheid vrae en navorsing oor die moderniteit. – Keifert. *Ons is nou hier*, 151.

Die grootte van die gemeente en ook sy beperkinge moet in ag geneem word. Daar moet gekonsentreer word op die gawes van die gemeente en nie op die tekortkominge nie. Minder, maar meer haalbare doelwitte moet onderskei word.

ʼn Belangrike aspek van ʼn gemeente se identiteit wat in ag geneem moet word, is die effek wat groei of afname in die lidmaattal op die karakter van die gemeente het. Soos wat gemeentes groter word, verander hulle karakter en identiteit noodgedwonge. Die omgekeerde is natuurlik ook waar. Dit is doodgewoon onmoontlik om die karakter van ʼn klein gemeente, waarin almal mekaar ken, te dupliseer in ʼn gemeente met meer as ʼn 1 000 lidmate.

Praktiese teoloë soos Alice Mann maak in dié verband ʼn onderskeid tussen sogenaamde familiegrootte gemeentes (50 lidmate), pastor of pastorale grootte gemeentes (50-150 lidmate), program grootte gemeentes (150-350 lidmate) en korporatiewe grootte gemeentes (350+ lidmate) ten einde die verskille in hulle identiteit en karakter te verduidelik.[163]

- *Familie grootte gemeentes* – Almal ken vir almal. Baie natuurlike families. Beskik gewoonlik oor ʼn deeltydse leraar, maar nie ʼn eie kerkgebou nie.
- *Pastor grootte gemeente* – Het een leraar wat almal ken en ʼn eie kerkgebou met ʼn intieme karakter.
- *Program grootte gemeentes* – Beskik oor ʼn groot kerk en het baie bedieninge met twee of meer leraars wat die programme bestuur. Matige spesialisasie kom onder die leraars voor en daar is gewoonlik ʼn groot kerkraad wat die leiding neem.
- *Korporatiewe grootte gemeentes* – Groot kompleks, baie leraars en personeel met diverse bedieninge.

Die gemeente Stellenbosch-Noord het deur hierdie tipes heen en weer beweeg en die navorser sal die effek daarvan ook probeer onderstreep in die tydlyn van die

[163] http://www.congregationalresources.com/ShowOne.asp?RID=153&TC=109 - **The In-Between Church: Navigating Size Transitions in Congregations** (Book) Alice Mann, Author. Herndon, VA: Alban Institute, 1998. Laaste besoek op 25 Augustus 2009

gemeente. Hierdie bewegings was lang prosesse en die transformasie was pynlik en het gepaard gegaan met baie konflik.

Vir ’n besinning oor die gemeente Stellenbosch-Noord is die noodsaaklik om met die huidige makrokonteks en die mesokonteks van Stellenbosch rekening te hou. Om haar *missio Dei* te onderskei, sal dit nie net nodig wees om die hede te verstaan nie, maar ook die verlede (hoe het ons tot hier gekom).

Die navorser gee ’n samevattende verslag van die huidige makro- en mesokontekste van Stellenbosch. Die uitdaging is om in hierdie tyd kerk te wees. Vanuit die verlede moet geleer word, en in die hede moet fyn geluister word. So word die *munis Dei* gehoor en die *misso Dei* gehoorsaam.

3.2 Die huidige makrokonteks

Godsdiens-verspreiding

Volgens die 2001-sensus is 79,8% Suid-Afrikaners Christene, waarvan die Afrika Zioniste die grootste is, nl. 15,3% van die bevolking.

GODSDIENSTE: ALLE SUID-AFRIKANERS[164]		
	Aantal	Persentasie
Christendom	35 750 641	79.8%
Islam	654 060	1.5%
Hindoeïsme	551 668	1.2%
Judaïsme	75 549	0.2%
Ander gelowe	283 815	0.6%
Geen godsdiens	6 767 165	15%
Onseker	610 974	1.4%

[164] http://www.mediaclubsouthafrica.com - 2001-sensus Laaste besoek op 24 Augustus 2009.



CHRISTENDOM: ALLE SUID-AFRIKANERS[165]		
	Aantal	Persentasie
Katolieke kerke	3 181 332	8.9%
Metodiste kerke	3 035 719	9.5%
Pinkster / Charismatiese kerke	3 695 211	10.3%
Anglikaanse kerke	1 722 076	4.8%
Lutherse kerke	1 130 983	3.2%
Presbiteriaanse kerke	832 497	2.3%
Zion Christelike kerke	6 859 078	19.2%
Apostoliese kerke	5 873 513	16.4%
Gereformeerde kerke	3 232 196	9%
Ander Christelike kerke	6 188 036	17.3%

[165] http://www.mediaclubsouthafrica.com - 2001-sensus. Laaste besoek op 24 Augustus 2009.



In terme van die bevolkingsgroepe is 86.8% van wit en bruin Suid-Afrikaners, 79.9% van swart Suid-Afrikaners en 24.4% Indiërs Christene. Swart Suid-Afrikaners het die hoogste persentasie ongelowiges – 17.5% is a-godsdienstig.[166]

GODSDIENSTE VOLGENS BEVOLKINGSGROEPE[167]				
	Swart	Wit	Bruin	Indiërs
Christendom	79.9%	86.8%	86.8%	24.4%
Tradisionele godsdienste	0.4%	0%	0.02%	0%
Islam	0.21%	0.2%	7.4%	24.7%
Hindoeïsme	0.05%	0.06%	0.13%	47.3%
Judaïsme	0.03%	1.4%	0.03%	0.06%
Ander gelowe	0.64%	0.73%	0.5%	0.4%
Geen godsdiens	17.5%	8.8%	3.8%	2.3%
Onseker	1.3%	2%	1.3%	0.94%

[166] http://www.mediaclubsouthafrica.com - 2001-sensus. Laaste besoek op 24 Augustus 2009.
[167] http://www.mediaclubsouthafrica.com - 2001-sensus. Laaste besoek op 24 Augustus 2009.

Die grootste persentasie wit Christene behoort aan die Gereformeerde kerke, nl. 42.8%. Wit Suid-Afrikaners het die tweede hoogste persentasie ongelowiges – 8.8%. By die bruin Christene is die dominante kerke Apostolies (18.6%), gevolg deur Pinkster/Charismaties (14.2%), Anglikaans (10.4%) en Katoliek (10.2%).

Sosio-ekonomiese omstandighede

25% van Suid-Afrikaners is werkloos, 57% leef in armoede, 45% het minder as R14 per dag om van te leef, 86% het geen mediese versekering nie, 20% van die volwasse bevolking het HIV/Vigs, en 35% van die kinders woon nie skool by nie.[168]

Opmerking deur die navorser: Aangesien die Christendom by verre die dominante godsdiens in Suid-Afrika is, sal die kerk moet vra waarom misdaad, die wanverspreiding van rykdom en swak moraliteit so prominent in die samelewing is. In die boek van Louis Fourie en JP Landman, "Hoe lyk dit, Suid-Afrika?", word vermeld dat Suid-Afrika die land is waar die meeste moorde ter wêreld gepleeg word.[169]

3.3 Die huidige mesokonteks

Inligting soos hieronder aangedui, is verkry uit die verslag van HL Zietsman, Recent changes in the population structure of Stellenbosch Municipality, *uitgegee in 2007. Syfers van sensusopnames vanaf 1970 tot 2001 is gebruik om projeksies te maak vir 2006, aangesien die volgende sensus eers vir 2011 beplan word.*[170]

Geskatte bevolking van Stellenbosch teen 2006[171]					
	Swart	Bruin	Asiate	Wit	Totaal
1970	293	43 170	65	19 629	63 157
1980	6 140	48 180	40	23 900	78 260
1991	14 754	73 096	184	34 081	122 115
1996	17 514	65 967	299	28 655	112 435
2001	24 145	67 528	235	25 797	117 705
2006	31 975	74 496	283	29 121	135 875

[168] Spier Sustainability Report 2007 – www.spier.co.za. Laaste besoek op 24 Augustus 2009.
[169] Fourie. *Hoe lyk dit Suid-Afrika*?, 64
[170] Zietsman. *Recent changes*, 8
[171] Zietsman. *Recent changes*, 12



Verandering in bevolkingsamestelling van Stellenbosch – 1970-2006[172]				
	Swart	Bruin	Asiate	Wit
1970	0.5%	68.4%	0.1%	31.1%
1980	7.8%	61.6%	0.1%	30.5%
1991	12.1%	59.9%	0.2%	27.9%
1996	15.6%	58.7%	0.3%	25.5%
2001	20.5%	57.4%	0.2%	21.9%
2006	23.5%	54.8%	0.2%	21.4%



Ouderdomsverspreiding in elke bevolkingsgroep				
	Swart	Bruin	Asiate	Wit
0-4	9.55	7.85	11.1	2.9
5-14	16.65	20	16	8.95
15-34	49	33.3	25.2	48.95
35-64	22.6	34.15	46.5	29.7
65+	2.2	4.7	1.2	9.5

[172] Zietsman. *Recent changes*, 14



Volgens die beraamde syfers vir 2006 is 12% van die bevolking van Stellenbosch werkloos. In terme van die potensiële werkersmag kan dit omskryf word na 26%. Hierdie syfer is kommerwekkend, veral omdat die swart bevolking meer werklose volwassenes het as werkendes. Die projeksie is dat die werkloosheid onder die swart bevolking teen 2006 30% is.[173]

Die familie speel nog 'n groot rol in die sosiale samestelling van die gemeenskap. 78% van die gemeenskap behoort aan 'n familie. 55% van voorskoolse kinders is tuis gedurende die dag. 37% van werkloses word deur ander lede van die familie versorg.[174]

'n Paar interessante statistieke:

** Toerisme is verantwoordelik vir R 650m bruto inkomste, dit is 15% van die totale bruto inkomste van Stellenbosch.*[175]

** Die totale bruto inkomste van die dorp is R 4.6 biljoen per jaar.*[176] *Die dorp en omgewing toon die vinnigste groei vir 'n medium-grootte dorp in die land. Daar is egter 'n geweldige wanbalans in inkomste, soos blyk uit Zietsman se verslag*[177] *- sien tabel en grafiek hieronder.*

** Die geraamde gemiddelde inkomste is R1 097 per capita per maand, maar 95.2% van die swart bevolking verdien minder as R612 per maand.*

[173] Zietsman. *Recent changes*, 34
[174] *Social Survey 2005*, ii
[175] www.spier.co.za
[176] www.spier.co.za
[177] Zietsman. *Recent changes*, 44

	Maandelikse per capita inkomste 1996	Maandelikse inkomste as % van 1996-gemiddelde	Maandelikse per capita inkomste 2001	Maandelikse inkomste as % van 2001-gemiddelde	% Bevolking wat minder verdien as 1996 totale gemiddelde inkomste	% Bevolking wat minder verdien as 2001 totale gemiddelde inkomste	Verandering in %-punte (1996-2001)
Swart	R 486	44.3	R 612	29.1	86.1	95.2	9.0
Bruin	R 592	54.0	R 968	46.1	82.7	88.2	5.5
Asiate	R 1 296	118.1	R 1 792	85.3	69.6	78.9	9.3
Wit	R 3 042	277.3	R 6 463	307.6	51.6	63.8	12.2
Tot. gemiddelde	**R 1 097**	**100.0**	**R 2 101**	**100.0**	**76.6**	**84.3**	**7.7**





Die navorser is van mening dat die kerke in Stellenbosch beslis van bogenoemde statistieke moet kennisneem in die besinning oor toekomstige bedieninge. Stellenbosch-Noord sal waarskynlik eerste deur hierdie veranderinge geraak word as gevolg van die geografiese ligging van die gemeente.

Stellenbosch het ’n baie hoë vlak van sosio-ekonomiese wanhoop as gevolg van grootskaalse armoede en werkloosheid. Wanhoop en frustrasie word aangewakker deur die ongelyke verspreiding van rykdom van die omgewing. Die noordelike dele van Stellenbosch is arm en oorbevolk, terwyl die suidelike deel uitermate ryk is.

As gevolg van hoë werkloosheid beland veral die jeug in die versoeking om op allerhande onwettige maniere geld te bekom. Saam hiermee neem diefstal en dwelmmisbruik toe. Omdat die SAPS orde en reg moet handhaaf, beskou die jeug hulle as die vyand.

Onderwys word deur die meeste ouers gesien as ’n manier vir hulle kinders om uit die armoede te ontsnap, maar die omstandighede tuis is nie altyd ideaal vir studie nie. Die ouers is gewoonlik self ongeskoold en kan nie die kinders help met huiswerk nie. Verder is daar nie voldoende toesig tuis nie en kinders is baie maal aan hulleself oorgelaat.

Die navorser het gesprekke gevoer met verteenwoordigers in die politiek, die munisipaliteit, die maatskaplike werk en die SAPS, en drie vrae gevra:
a. Gee u mening oor die gemeenskap van Stellenbosch.
b. Watter probleme identifiseer u in die samelewing?
c. Watter oplossings is daar volgens u mening?

Hieronder volg ’n opsomming van die respons.

Een van die grootste tendense in die gemeenskap die afgelope tyd is dat mense minder by mekaar betrokke is. Elkeen is met sy eie dinge besig en geneig om apaties te wees teenoor ander. Nog ’n tendens is die geweldige verskil tussen ryk en arm. Mense wie se lewensstyl en inkomste dramaties verskil, woon geografies nie ver van mekaar nie. Daar is ’n gebrek aan voldoende weë om die rykes wat ’n verskil wil maak, te help om by die armes uit te kom. Daar is ook wantroue by sommige welgesteldes, omdat hulle nie weet of die fondse vir die regte doel aangewend word nie. (Maatskaplike werker, ACVV)

In die arm gemeenskappe van die dorp verloor die mense al hoe meer hoop. Onder hulle is daar nie ’n positiewe toekomsverwagting nie. Daar is in sommige gemeenskappe min of geen kinders wat matriek slaag. Hulle het nie die vermoë nie, of hulle verloor moed omdat hulle maats wat matriek geslaag het, nie werk kan kry nie. Tuis is daar nie altyd die gunste omstandighede om te studeer nie. Werkloosheid neem toe en daar is nie voldoende inisiatief om dit te verbeter nie. Mense in die arm en selfs middelklas is al hoe meer daarop ingestel om net ’n bestaan te maak. Informele plakkershuise neem toe met hulle eie problematiek. (Maatskaplike werker, ACVV)

Die SAPS meld dat hulle al hoe meer te doen het met die misbruik van alkohol en dwelms en dat dit versprei na jong tieners. Die gebruik van tik neem onrusbarend toe, veral in die arm gemeenskappe. Die SAPS en ander sekuriteitsdienste in die dorp meld dat misdaad aan die toeneem is, veral huisbraak en diefstal uit motors. Dwelmverwante geweld neem toe. Vir baie armes is misdaad ’n opsie om te oorleef. Die potensiële inkomste uit misdaad gee hoop waar hulle andersins geen hoop op ’n beter lewe het nie. Verslaafdes moet steel om dwelms te koop. Soos tik onder die arm jeug toeneem, so neem die gebruik van kokaïene onder die meer gegoede studente toe. (SAPS Woordvoerder)

Daar is bykans geen programme wat tydens die vakansies vir die jeug aangebied word nie. Die kinders van welgesteldes het nie so ’n behoefte daaraan nie, maar die armes het dit dringend nodig, maar hulle het nie die vermoë om dit te organiseer of te finansier nie. (Maatskaplike werker, ACVV)

Daar moet fasiliteite geskep word vir die naskoolse versorging van kinders om ’n omgewing te skep waar hulle aangemoedig en gestimuleer word om huiswerk te doen. Daar moet ook mense wees wat hulp verleen. Vir die armes is die versorging van voorskoolse kinders onvoldoende en onbekostigbaar. As die ouers albei moet werk of waar daar enkelouers is, word klein kindertjies soms van die een huis na die ander geneem om ‘opgepas’ te word. Hierdie

voortdurende wisseling van oppassers verwar die kleintjies en kan later gedragsprobleme tot gevolg hê. (Maatskaplike werker, ACVV)

Die boere van die omgewing sorg wel vir hulle werkers, maar die uitgebreide gesinne woon ook in hierdie huise sonder dat hulle op die plaas werk. Hierdie groter konsentrasie mense skep allerlei sosiale en maatskaplike probleme. Alkoholmisbruik en geweld neem toe. (SAPS Woordvoerder)

Die HIV/Vigs-pandemie word vererger deur die klimaat van armoede, dwelms en misdaad. Die gebrek aan hoop maak dat mense nie werklik omgee nie. (Maatskaplike werker, ACVV)

Onder inwoners van Stellenbosch is daar ŉ groeiende verbruikers-mentaliteit. Individue en organisasies wil weet hoe hulle self daarby kan baat voordat hulle betrokke raak by enige maatskaplike of opheffingsprogram – is dit belastingvoordelig, is dit ŉ bemarkingsgeleentheid, ens. Selfs kerkleiers sien maatskaplike betrokkenheid as ŉ manier om hul eie gemeente te bemark. Politieke leiers is soms so behep met die handhawing van hul eie posisies en die bevordering van hul politieke partye dat hulle nie altyd voldoende aandag gee aan belangrike sake in die gemeenskap nie. (Politieke leier)

Aan die positiewe kant is daar tog ŉ groeiende bewuswording onder inwoners en leiers dat hulle by die nood in die samelewing betrokke moet raak. Heelwat inisiatiewe kom vanuit kerklike en munisipale kringe. Aandag word gegee aan straatkinders, ŉ tweede nagskuiling vir haweloses is gebou, werkskepping word ondersoek, en laekoste huise word gebou. Hierdie pogings is egter nog nie genoeg nie, want uit verskillende oorde word verneem dat maatskaplike probleme toeneem. (Politieke leier)

Die respondente stel die volgende oplossings voor:

- Welgesteldes moet meer betrokke raak.
- Geleenthede geskep word sodat die meer gegoede gemeenskap makliker betrokke kan raak.

- Daar moet voorskoolse en naskoolse versorging geskep word.
- ’n Skool waar kinders wat nie akademies kan vorder nie, een of ander ambag kan aanleer, is dringend noodsaaklik.
- Beter en meer bekostigbare behuising is noodsaaklik. Ontwikkelaars van luukse ontwikkelingskemas en sekuriteitskomplekse moet aangemoedig word om by te dra tot die oprigting van bekostigbare behuising vir armes.
- Daar moet meer van plaaslike arbeid gebruik gemaak word.
- ‘Beskermde’ werkskepping moet geïnisieer word. Baie mense het die vaardighede om produkte te vervaardig of om ’n diens te lewer, maar hulle kan nie ’n besigheid bedryf of hulle produk of diens bemark nie. Vrywilligers sal hierdie hulp moet verleen.
- Meer toeganklike en bekostigbare rehabilitasie is nodig.

Vir die navorser bevestig hierdie statistieke en menings dat die kerk ’n bepalende rol het om te speel in die versorging en ontwikkeling in die gemeenskap. In die besinning oor die toekoms en die missio Dei *sal die leierskap van die gemeente hierdie inligting moet bestudeer in ’n poging om na die wêreld rondom hulle te luister.*

Die feit dat 87.8% van die bevolking hulle met die Christen-geloof assosieer, beklemtoon dat die kerk opnuut moet vra na sy roeping in hierdie tyd, omdat hy steeds ’n groot rol het om te speel in die vestiging van Christen-waardes. Hierteenoor vermeld die Raad vir Kerklike Samewerking (bestaande uit 33 gemeentes) op hulle webwerf[178] *dat ongeveer 20,000 van die 135,874*[179] *inwoners lidmate is van hierdie gemeentes. Die kerk weet dus slegs van 14.7% van die bevolking van Stellenbosch! Die gemeentes sal moet vra waar al die Christene hulle bevind, en waarom hulle nie deel vorm van die erkende gemeentes op die dorp nie.*

3.4 Samevatting

Die uitdaging van die gemeente is om binne hierdie kontekste missionaal te wees. Die leierskap sal die Heilige Gees moet vertrou om hulle te lei in die onderskeiding van die *missio Dei*. Hulle sal die drang om laer te trek moet weerstaan en meelewend

[178] http://www.stellenbosch.co.za/story.php?clientfolder=churches&navid=88. Laaste besoek op 24 Augustus 2009.
[179] Zietsman. *Recent changes*

uitreik na die gemeenskap. Die leierskap sal onwankelbaar in hierdie tyd moet vashou aan die geloof dat hulle van God afhanklik is en dat God ook in hulle glo. Die bestaan van die gemeente sal bepaal word deur hulle missionale onderskeiding en hulle gehoorsaamheid daaraan. As die gemeente weer terugdraai na die ou spore van selfgerigte strewe na oorlewing, sal sy waarskynlik oplos in die ander gemeentes van die dorp.

Om haar identiteit en missionale roeping te onderskei, is dit noodsaaklik om die verlede te beskou, na die hede te luister en God se roepstem vir die toekoms te hoor en dan onverskrokke daarop te reageer in die hede.

HOOFSTUK 4
NG KERK STELLENBOSCH-NOORD – 'n TYDLYN

4.1 Inleiding

Aan die hand van die voorafgaande sal die navorser poog om die transformasie in die gemeente te beskryf en om die *missio Dei* te evalueer. In die bespreking sal die navorser kommentaar lewer, maar nie teregwysende kritiek nie. Die navorser wil sekere tendense in die geskiedenis van die gemeente uitlig, en dit dan teen die agtergrond van die makro- en meso-tendense bespreek.

Die tydlyn is nie 'n volledige bespreking van die geskiedenis van die gemeente nie, maar slegs 'n weergawe van die hoofgebeure. Die navorser soek dus die besluitnemingsproses se merkers sedert die begin van die gemeente se bestaan tot en met 2008.

Die navorser wil ter wille van die geheelbeeld die leraars van die gemeente kortliks voorstel, sonder om op hulle persoonlikhede en bedieningsstyle te konsentreer.

- Ds. P.W.J van Jaarsveld van Albertinia (1954-1962) was die eerste leraar van Stellenbosch-Noord. Hy was 'n sterk leier en herder wat die belange van die gemeente op die hart gedra het.
- Ds. G.S.J. Möller (1963-1970) van Namakwaland het hom opgevolg. Hy was 'n baie akademiese persoon en geen vreemdeling op Stellenbosch nie. Hy was vir drie jaar deeltyds en daarna vir 'n verdere drie jaar voltydse lektor in Filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch. Vanaf 1947 was hy 'n voltydse leraar[180].
- Ds. P.J. Human (1970-1988) van Hartswater volg ds. Möller op. Hy het 'n passie gehad vir woonstelbediening en ontvang 'n M.Th. met die tesis 'Kerklike bediening van die woonstelmens.' In 1985 het sy vrou hom verlaat, maar die kerkraad het aanbeveel dat hy as leraar aanbly. Hy sterf in 1988 aan kanker.

[180] Möller. *Gedenkbrosjure*, 48

- Ds. J.O. de Waal (1972-1977) is as die eerste mede-leraar beroep.
- Ds. A.C. Loubser (1978-1988) het ds De Waal opgevolg. Hy was ’n geliefde leraar en goeie pastor.
- Ds. T.J. Henn (1988-2009) van Kleinmond (die navorser*)* volg ds. Loubser op en dien vir ’n paar maande as medeleraar saam met ds. Human. Ds. Henn was tydens sy studentejare diaken in die gemeente. Sy vrou is in 2002 aan kanker oorlede.
- Ds. B. Gilmour (1988-2001) van Bloemfontein volg ds. Human op. Hy was ook ’n diaken tydens sy studentejare en dus ’n ou bekende in die gemeente. Hy was ’n charismatiese persoon met groot invloed onder gemeentelede. Hy het in 2001 gesterf aan kanker.

Soos die geskiedenis gelees word, word dit duidelik dat sekere tendense deur bepaalde leraars beïnvloed is. Hulle persoonlikhede en die periodes waarin daar konflik tussen medeleraars was, het ’n groot rol in die gemeente se bestaan gespeel, maar die navorser wil nie in daardie detail ingaan nie en eerder oorhoofs probeer vasstel watter faktore die kerkraad se besluitnemingsproses beïnvloed het.

Almal word deur die tendense en gees van ons tyd beïnvloed en kan nie maklik neutraal daarvan funksioneer nie. Die leiers van die gemeente het gedoen wat hulle op daardie stadium beskou het as die beste manier om as gemeente te funksioneer. Wat die navorser egter wil poog om te doen, is om die gevaar van hierdie *status quo* en aanvaarde institusionele praktyke se invloed op die onderskeiding van die *missio Dei* van die gemeente uit te wys.

4.2 Waar kom die gemeente vandaan?

- *Tell me the paths you have trodden and I will tell you who you are.*[181]
- *Yet the actual teacher is not the past but the future.*[182]
- *Christians are ‘swimmers in the present’.*[183]

[181] Sundermeier. *Missio Dei today*,**565**
[182] Sundermeier. *Missio Dei today*,**571**
[183] Sundermeier. *Missio Dei today*,**574**

4.2.1 Die tradisionele gemeentegrense van die NG Kerk Stellenbosch-Noord

- Suidelike grens (sien Kaart 1): Vanaf die kruising van Merrimanlaan en Birdstraat tot by Banghoekweg. Met Banghoekweg tot by Joubertstraat en vandaar met ’n reguit lyn na Leliestraat. Met Leliestraat tot by Rustenburgpad en dan met hierdie pad tot waar dit oor die Kromrivier gaan. Met die Kromrivier tot by die munisipale dam en daarvandaan tot by die hoogste punt van Simonsberg.[184]
- Oostelike en Noordelike grense (sien kaarte 2 en 3): Die *bestaande grense tussen Stellenbosch en Franschhoek en Paarl*[185]
- Westelike grens (sien kaart 1): *Die bestaande grense tussen Stellenbosch en Kraaifontein en Kuilsrivier en Stellenbosch-Wes tot weer by die hoek van Merriman-laan en Birdstraat*.[186]

[184] Möller. *Gedenkbrosjure*, 13
[185] Möller. *Gedenkbrosjure*, 13
[186] Möller. *Gedenkbrosjure*, 13

Kaart 1 (Garmin Mapsource)



Kaart 2 (Garmin Mapsource)



Kaart 3 (Garmin Mapsource)



4.2.2 1953 tot 1963

4.2.2.1 Inleiding

Dit was ʼn stormagtige tyd in die geskiedenis van die land en ook in die gemeente. Dit was ʼn tyd waarin die krisis van die Afrikaner en die gepaardgaande Afrikaner-Nasionalisme en die implementering van Apartheid die missionale onderskeiding van die gemeente verdof het. Dit was ʼn tyd waarin reëls en ordereëlings sterker gefunksioneer het as die verhoudingsliefde van God. Inteendeel, die gemeente het meegedoen aan die verbrokkeling van verhoudings met die *ander*. Meelewing met die *ander* is nie te bespeur nie. Die kerklike instituut en struktuur is gesien as ʼn doel in sigself. Dit is nie gesien as ʼn instrument tot die vorming van ʼn alternatiewe gemeenskap waarbinne die verhoudingsliefde, ontfermingsgenade en meelewings-liefde funksioneer en uitvloei nie.

Die missionale taak van die kerk was beperk tot 'sending'-ondersteuning tot die mate wat daar fondse was. Dit was iets wat gedoen is aan ander om hulle dan in ʼn sogenaamde 'eie ontwikkeling' te bedien. Die *missio Dei* was nie deel van die karakter van die gemeente nie.

Die gemeente-getalle groei in hierdie tyd, maar net met dié wat hulle assosieer met die denominasie en kultuur van die gemeente. In die soeke na identiteit en oorlewing is die gemeente vir baie ʼn hawe.

4.2.2.2 Die storie

Makrokonteks

In die politieke arena was die proses van staatkundige apartheid teen 1948 al sterk op dreef. Minimale sosiale integrasie moes bewerkstellig word om die ideologie van apartheid volhoubaar te maak. Die terreine waar persoonlike kontak kon plaasvind, is stelselmatig onderwerp aan wetlike voorskrifte.[187] *Alle terreine van kontak wat aanleiding sou gee tot verbastering is deur wette*

[187] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 27

geminimaliseer. Dit het gelei tot die verbod op gemengde huwelike (maar nie tussen verskillende nie-blanke groepe nie[188]). *Om te verhoed dat kinders saam grootword, is die groepsgebiedewetgewing daargestel. So ook dié van aparte skole, geriewe, werkplekke, winkels, openbare vervoer, restaurante, ens. Gesamentlike aanbidding moes ook verhoed word. Dit het op sy beurt gelei tot die ontwikkeling en vestiging van 'n teologiese onderskrywing van apartheid deur o.a. die Ned. Geref. Kerk.*

Op sosio-ekonomiese vlak het dit met die blanke Afrikaners nie goed gegaan nie. Na die Anglo-Boereoorlog en die wêreldwye ekonomiese krisis van 1929[189] was baie Blanke Suid-Afrikaners vasgevang in 'n geleidelike proses van verarming. Dit is vererger deur die groot droogte in die vroeë dertigerjare. Baie boere van die platteland het uitgeboer en moes 'n landelike bestaanswyse verruil vir 'n industriële bestel. Hulle landelike opvoeding en agtergrond het hulle slegs as handearbeiders nuttig gemaak.[190] *Dit het tot gevolg gehad dat baie 'base' in 'klase' verander het. Baie van die swart bevolkingsgroepe het ook in hierdie tyd na die stede gestroom en as handearbeiders het hulle met die blankes om werk meegeding. Die swart arbeiders kon met kleiner salarisse oorleef omdat hulle families meestal in die landelike gebiede agtergebly het. Vanuit 'n oorlewingsoogpunt kan daar verstaan word dat die blankes die situasie gesien het as die* swart gevaar van die naturelle.[191] *Die sogenaamde 'armblanke-vraagstuk' het ontstaan. Volgens die Carnegie-kommissie was daar in 1931, uit 'n totale blanke bevolking van net minder as 'n miljoen, 300 000 baie arm blankes in die land.[192] Die meeste van hierdie mense was Afrikaanssprekend en die navorser vermoed dat 'n groot persentasie aan die Ned. Geref. Kerk behoort het.*

Dit was dan ook in hierdie tyd dat D.F. Malan sy opspraakwekkende toespraak op 16 Desember 1938 maak. Hierdie toespraak het die gemoed van die Afrikaner onder woord gebring.

'Ons Bloedrivier lê in die stad en ons Voortrekkers is ons arm mense wat onder die mees knellende omstandighede teenoor die aanrollende donker vloedgolf in

[188] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 27
[189] Muller. *500 jaar SA geskiedenis*, 371
[190] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 52
[191] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 52
[192] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 52

die bres moet staan ... Meedoënloos draai die raderwerk van die ekonomiese masjien in die stad met onverbiddelike gevolg dat die armblanke in die agterbuurte beland om daar huis aan huis ... te lewe en te swoeg tussen gekleurd en swart wat dit beter het as hy.'[193]

Die bewindsverandering van 1948 was vir baie blankes 'n oomblik van verlossing.[194] *Apartheid met die gepaardgaande wetgewing is gaandeweg geimplimenteer. Hierdie politieke bestel en denke saam met die teologiese verdediging van apartheid en aparte ontwikkeling, het 'n groot invloed op die lewens en wêreldbeskouing van die blanke Afrikaner en sodoende ook op die lidmate van die N.G. Kerk Stellenbosch-Noord gehad.*

Met die koms van rassisme as ideologie is die bevolkingsproblematiek herdefinieer. Waar dit vroeër 'n kwessie van kultuur- en/of geloofsverskil was, het die klem nou op biologiese verskille geval. Kultuursegregasie word rassesegregasie.[195] *Die Nazi-denke in Duitsland het duidelik oorgespoel na die blankes in Suid-Afrika. Menslike waarde is bepaal deur ras. 'n Wetenskaplike dissipline getiteld* Eugenetika[196] *is ontwikkel wat moes help om beter mense te skep. In Duitsland is die blanke Germaan (waarby die Afrikaner aanklank gevind het) as die* kanon *van rassuiwerheid verklaar.*[197] *'n Tipiese voorbeeld van die vestiging van hierdie rassuiwerheidsdenke is te bespeur in die publikasie van die Afrikanerbond met wie die Federale Sendingraad*[198]*op 'n tydstip saam gewerk het. In hierdie publikasie word die blanke verhef op grond van sy intellektuele, estetiese en morele eienskappe as sou dit beter wees as dié van die swart bevolking. Daarom moet vermenging nie plaasvind nie.*[199]

*Leiers is vertrou, tradisies en status quo is verdedig met 'n ons-teen-hulle-lewensbeskouing (**ons** die blankes teen **hulle** die bruin en die swart Suid-Afrikaners. Ander denominasies is ook as die **hulle** beskou). Teen hierdie*

[193] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 53
[194] Die Nasionale Party kom aan bewind
[195] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 54
[196] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 54
[197] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 54
[198] Voordat daar 'n algemene sinode vir die NG Kerk was, was daar 'n Federale Raad van die NG Kerke. Die raad het 'n koördinerende funksie gehad. Hieruit het o.a. die Federale Sendingraad sy ontstaan gehad. – Kinghorn p. 3
[199] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 54

agtergrond is dit verstaanbaar (alhoewel nie verskoonbaar) dat die onmenslikheid van apartheid die meeste blankes nie geraak het nie, want dit was onafwendbaar en moes gebeur. Hulle het dit selfs as hulle plig en roeping beskou om apartheid te ondersteun. Sommige teoloë het hulle beswaar uitgespreek teen die skriftuurlike regverdiging van apartheid, maar daar is nie op daardie tydstip werklik na hulle geluister nie.

Die groepsgebiedewet en die implementering daarvan het 'n ingrypende impak gehad op die omgewing waarin die gemeente Stellenbosch-Noord haar bevind het. Baie mense in Suid-Afrika wat nie as wit *geklassifiseer is nie, is dramaties deur die apartheidswette geraak, veral deur die groepsgebiedewet. In 1977 het 'n segsman van die destydse regering met trots gesê dat daar nie verskoning gevra sal word vir die bykans 600 000 Kleurlinge en Indiërs wat deur die groepsgebiedewet geaffekteer is nie.*[200]

Die gemeente se beginjare na afstigting moet verstaan word teen die agtergrond van die armblankevraagstuk wat voortslepend was uit die depressie na die Tweede Wêreldoorlog. Baie lidmate van die destydse noordwyke van N.G. Kerk Stellenbosch (hierna genoem Moederkerk) was ontnugterd, verslae en soms gebroke. Baie het werk en eiendom en selfs plase verloor en moes nou eenvoudige werke aanvaar om te oorleef. Hulle het 'n tuiste in Moederkerk se mooi geboue en tradisie gevind en toe afstigting ter sprake kom, het hulle dit as nog 'n verwerping ervaar.

Die oorlewingstryd as gevolg van die verarming, asook hierdie gevoel van verwerping sou vir baie lank die karakter van die gemeente bepaal. Die leierskap van die gemeente, en uiteraard ook baie van die gemeentelede, het as ontwortelde mense in die soeke na identiteit so betrokke geraak by die opkomende Afrikanerkultuur en die bevordering van die saak van die Afrikaner, dat hulle nie altyd daarin geslaag het om hulle missionale roeping te onderskei nie.

Die navorser neem waar dat die leierskap geweldige simpatie gehad het met die nood van die blanke Afrikaner en veral vir die lidmate van die gemeente. Hierdie simpatie

[200] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 28

en meelewing kan nie sonder meer gekritiseer word nie. Robert Schreiter verwys ook hierna as *walk with them in their struggle*.[201] Die feit dat hierdie simpatie nie oor die grense van lidmaatskap gereik het nie, toon die gebrek aan die onderskeiding van die *missio Dei*.

Makrokonteks

Tydens die verkiesing van 26 Mei 1948 kom die Herenigde Nasionale Party aan bewind. Dit was 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika. Nie alleen het Afrikaner-nasionalisme getriomfeer nie, maar segregasie of apartheid in plaas van integrasie is as oplossing gekies vir die kleurvraagstuk van die land.[202]

1949 tot 1950 – Die parlement verwyder Kleurlinge van die kieserslys; gemengde huwelike word verbied en die Wet op Groepsgebiede word aanvaar.[203]

Afstigting in die Ned. Geref. Kerk is in die jare na die Tweede Wêreldoorlog aan die orde van die dag. Baie nuwe kleiner gemeentes kom tot stand en kerkgboue verrys oral in die land. Gedurende die veertiger jare, sedert die uitbreek van die oorlog, styg die N.G. Kerk se gemeentetal met 37%, vanaf 414 in 1939 tot 667 in 1953.[204]

Mesokonteks

Sedert die 1933 depressie en veral na die Tweede Wêreldoorlog begin ontwrigte en ontwortelde mense na Stellenbosch stroom. Dit is veral arm blankes wat 'n nuwe heenkome op die dorp kom soek. Hulle het hulle veral in die noordelike deel van Stellenbosch gevestig waar baie nie-blankes gebly het en waar later sub-ekonomiese behuising verskaf is.

Dit bied groot uitdagings vir Moederkerk. Baie van die inwoners noord van die Krommerivier het geen vervoer nie en kan nie die dienste gereeld bywoon nie. Die gemeente bou toe 'n saal in daardie omgewing. Later, in 1944, word dit in 'n

[201] Schreiter. *Liberation and reconciliation*, 6
[202] Muller. *500 jaar SA geskiedenis*,389
[203] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story* 368
[204] Möller. *Gedenkbrosjure*, 3

laerskool omskep (Laerskool AF Louw). Daar sou 'n lang verbintenis tussen die skool en die latergestigte N.G. Kerk Stellenbosch-Noord wees. In' n sekere mate het die veranderende omgewing later op albei 'n beslissende uitwerking gehad.

Moederkerk is op hierdie stadium die grootste gemeente in die land met 'n sieletal van 7,577.[205] *Sedert 1940 en veral na 1947 word baie sub-ekonomiese huise in die omgewing noord van die Krommerivier (ook genoem die Noordwyk) gebou.*

In hierdie tyd begin die Rooms-Katolieke Kerk hulle al sterker in hierdie omgewing vestig.

Op 21 September 1953 stig die noordelike wyke van Moederkerk af as volwaardige gemeente.[206] Die notules van die Ring van Stellenbosch meld dat hierdie vergadering in die Krommerivier-saal gehou is en dat 130 lidmate van die Krommerivierwyk teenwoordig was. Efesiërs 3:14-21 word gelees: *Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen."*

Die navorser vermoed dat die bemoedigende inhoud van hierdie Skrifgedeelte goed verstaan is, veral die gedeelte *krag sal gee om innerlik sterk te word*. Hierdie ontwortelde mense het dit baie nodig gehad en die kerk het hulle met troos en hoop bedien, maar die *missio Dei* wat in hierdie teks na vore kom, is waarskynlik nie

[205] Möller. *Gedenkbrosjure*, 3
[206] Ringskommissienotule : 21 September 1953

verstaan nie, altans nie met betrekking tot die nie-blankes in hulle omgewing nie. In vers 18 bid Paulus juis dat hulle *saam met al die gelowiges [sal] begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek*. Teen die agtergrond van die groeiende denke van aparte ontwikkeling wonder die navorser of die woorde *al die gelowiges* vir hulle nie afgegrensde woorde was nie. Almal het beteken 'almal soos ons', dit wil sê blanke N.G.-lidmate. Die hele gedagte dat die gelowiges 'n alternatiewe gemeenskap moet vorm waar dit nie meer saak maak aan watter groepering mense behoort nie, maar waar Christus alles in almal is, is nie verstaan nie. Dat die gemeente tot seën moet wees vir die 'neighbourhood' is nie onderskei nie. Verhoudings is verstaan as verhoudings met ander soos ons. Vandaar die onvermoeide ywer om die 'ander' uit die omgewing te verwyder om sodoende in die 'eendersheid' die liefde van Christus te probeer vind. Van meelewingsliefde was daar weinig sprake.

Makrokonteks

Uitsprake en publikasies van vooraanstaande leiers en organisasies soos die FAK, ATKV, Reddingsdaadbond en Mynwerkersunie het hulle ook nie op ander spore gehelp nie. So skryf dr. Diederichs:

In die eerste plek moet nasies beskou word, nie as menslike maaksels nie, maar as skeppinge en instelling van God self. God het gewil dat daar nasies sal wees om daardeur die rykdom en die skoonheid van Sy skepping te verhoog ...

Elke nasie is 'n sytakkie wat sy deel moet bydra tot die groot stroom van die geskiedenis wat volgens God-gestelde wet heenvloei na 'n God-bepaalde doel. En in hierdie ewige verloop van die geskiedenis het elke klein nasie net so 'n taak, plig en roeping as enige groot nasie ...

'n Poging om nasionale onderskeide weg te vee, beteken dus meer as botsing met Gods natuurwet. Dit beteken ook poging tot ontduiking van 'n God-gestelde taak of plig ...

... Nasionalisme [stel] die nasie self as absoluut ... In hierdie menslike wêreld is daar niks hoër as die nasie nie. Die enkelmens ... is 'n abstraksie. Daar is nie so iets as 'n alleenstaande, onafhanklike, selfgenoegsame mens nie. Die mens is eers iets in sy samelewe met ander mense en veral eers as lid van 'n nasie. Die sogenaamde mensdom is ook 'n abstraksie ... Die mensdom as geheel, as 'n organiese groep bestaan glad nie ...

Sonder die lidmaatskap van 'n nasie kan die mens sy volle wese ook nooit verwesenlik nie. Eers in en deur die nasie word die mens werklik homself ...

> Die finale en hoogste kenmerk van die nasional lewensbeskouing is dat dit religieus gefundeerd is. Sonder die verankering in 'n diepe godsdiensbesef word elke nasionalisme leeg, sinloos en opgeblase ...
> Nasionalisme is noodwendig godsdienstig omdat dit elke nasie beskou as maaksel van die Hoogste Skepper, bestemd om 'n roeping te vervul en 'n deel by te dra tot verwesenliking van die God-bepaalde doel van die heelal ... Meewerk tot vervulling van die nasie-roeping is meewerk tot verwesenliking van die plan van God. Diens aan my nasie is dus deel van die diene van God.
> Maar ook my nasieliefde is deel van my liefde tot God, want nasieliefde is nie in die eerste plek liefde tot mense of lande of state, ens. nie, maar liefde tot die ewig-geldende waardes waarop die nasie berus.[207]
>
> *Hierdie skrywe verwoord die God- en wêreld-beskouing van die blanke Afrikaner van daardie tyd. Iets van die* missio Dei *word wel onder woord gebring, maar die praktiese uitleef daarvan word beperk gesien.* Diens aan my nasie is dus deel van my diene van God. *Ons vind hier die ondertone van nasionalisme en die regverdiging van segregasie.*

Die navorser wil tog pleit dat daar ingesien moet word dat die makrokonteks van die tyd so 'n geweldige invloed op mense toe en nou het dat as daar nie dringend gesoek word na die onderskeiding van die *missio Dei* nie, gelowiges wat dit goed bedoel, juis die uitdaging van die liefde kan mis.

Die tyd wat die afstigting voorafgegaan het, is belangrik vir die verstaan van die karakter van die gemeente in die vroeë jare van sy bestaan.

Moederkerk het 'n groterwordende probleem op hande gehad. Nie net was daar 'n groeiende getal verarmde blankes in die noordelike wyke nie, maar daar het ook heelwat bruin mense in hierdie area gewoon. Die studentegetalle in hierdie area het ook gegroei.

Die kerkraad van Moederkerk het gevoel dat die noordelike wyke moet afstig tot 'n volwaardige gemeente, maar daar was sterk teenkanting. Daar is ook besluit dat die westelike wyke moet afstig en is sonder teenkanting aanvaar. Veral die plaaswyke

[207] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 67

was sterk teen afstigting gekant. Die Bottelary-wyk en Elsenburg het afstigting ten sterkste teengestaan en by die vergadering op Elsenburg om afstigting te bespreek het niemand van Elsenburg opgedaag nie.[208] Daar was heelwat redes hiervoor, maar een van die grootste was dat hulle nie geassosieer het met die dorpswyke noord van die Krommerivier nie en dat hulle nie die las van die armes alleen wou dra nie.

Daar was ook ʼn aantal vroue uit die dorpswyke Dennesig-, Paul Kruger- en Latskystraat wat ʼn brief aan die Kerkraad van Moederkerk geskryf het om ernstig teen die afstigting beswaar te maak. Hulle het dit veral teen die grenslyne, die omgewing (die navorser vermoed dat daar verwys word na die bruin gemeenskap wat in hierdie area gewoon het en dat die toepassing van die groepsgebiedewet nie afgehandel was nie.) en die finansiële drakrag van die voorgestelde gemeente gehad.[209] Hierdie besware is nie werklik hanteer nie, want op die vergadering van 10 Augustus 1953 is die brief van die hand gewys.

Die navorser wonder wat sou gebeur het as Moederkerk nie die afstigting geforseer het nie. Die vraag in die navorser se gemoed is: Waarom wou Moederkerk so graag van die noordelike wyke 'ontslae' raak?

Ander argumente teen die afstigting was die volgende:

- Daar was onsekerheid of hierdie gebied onder die nuwe groepsgebiedewet as blanke gebied verklaar sou word.
- Die lidmate van hierdie gebied is as 'vlottend' beskou en die vrees was dat die nuwe gemeente nie hierdie hoë wisseling van mense sal kan hanteer nie.
- Die groot finansiële en sosiale verskille wat daar in hierdie deel van die gemeente was, het veroorsaak dat daar nie eenstemmigheid was nie.
- Die noordelike wyke was besorg dat hulle nie in staat sou wees om ʼn kerkgebou op te rig nie. Die "samestelling van die gemeente" was volgens ʼn kerkraadslid "van so ʼn aard dat hulle nie in staat sal wees om ʼn **waardige** kerkgebou binne afsienbare tyd op te rig nie."
- Daar is ook verwys na ʼn groep in die voorgestelde gemeente se grense wat nie met die mense van die sub-ekonomiese skema geassosieer wou wees nie.

[208] Möller. *Gedenkbrosjure*, 7
[209] Notule van die Kerkraadsvergadering van Stellenbosch-Moedergemeente, 11 Mei 1953

- Die mening was dat daar as gevolg van die *Kleurlinge* in die gebied en ook die *Bantoe* wat die Du Toit-stasie gebruik, nie ’n waardige “*Godshuis* “ in die area opgerig sal kan word nie.
- ’n Ander het gesê dat die *geïsoleerde groepe* in die noordelike wyke hom bang maak om ten gunste van afstigting te besluit.[210]

Die behoeftiges was meer geneë om af te stig, maar die gegoedes was daarteen gekant. Dit was in daardie tyd die verwagting dat ’n gemeente ’n kerkgebou en pastorie en leraar moet hê. In die beginjare van Stellenbosch-Noord was dit hoofsaaklik die boufonds en die orrelfonds waarop gefokus is. Die navorser het vanuit al hierdie notules ’n algemene ondertoon van pessimisme bespeur.

Die navorser wonder of Moederkerk die noordelike wyke tot afstigting sou beweeg het as daar ’n missionale onderskeiding was.

Op 21 September 1953[211] is daar ten gunste van die afstigting van die noordelike wyke besluit – daar is aangehaal dat die Ring van Stellenbosch en die Sinode afstigting bepleit. Hierdie besluit is geneem ten spyte van al die besware.

Die navorser kry die gevoel dat dié wat teen die afstigting gekant was, nie meer lus was om daarteen te stry nie. Gevolglik het baie van die beswaardes na die stigting eenvoudig net nie die dienste van die nuutgestigte Stellenbosch-Noord bygewoon nie en aangehou om na Moederkerk toe te gaan. Later, onder leiding van die eerste leraar, het baie van hierdie lidmate tog maar by Stellenbosch-Noord ingeskakel.

Makrokonteks

1954 – Dr. D.F. Malan lê die tuig as Eerste Minister neer en adv. J.G. Strijdom volg hom op. Die Afrikaner-Nasionalisme groei sterk. Apartheidswette word sterker geïmplementeer. Die groepsgebiedewet (no.41 van 1950)[212] word ingestel. Die Kleurling word van die wit kieserslys verwyder (no. 46 van 1951)[213] en die Wet op die hervestiging van swartmense (no. 19 van 1954) word

[210] Notule van die Kerkraadsvergadering van Stellenbosch-Moedergemeente 20 Julie 1953
[211] Notule van die Kerkraadsvergadering van Stellenbosch-Moedergemeente 21 September 1953
[212] Muller. *500 jaar SA geskiedenis*, 482
[213] Muller. *500 jaar SA geskiedenis*, 485

aanvaar.[214] *In 1958 is Strijdom oorlede en H.F. Verwoerd neem oor as Eerste Minister.*[215]

<u>Mesokonteks</u>

Op Stellenbosch is die Stadsraad onseker oor watter gebiede vir watter groep geoormerk moes word. Oor die Krommerivier- en La Colline-area is daar nog geen duidelikheid nie. Dit bring groot onsekerheid vir die mense in daardie gebied, blankes sowel as nie-blankes. 'n Verskuiwing van mense is onafwendbaar. Die groot vraag is: Watter groep moet skuif?

Die grootste gedeelte van die jong gemeente se energie het noodwendig gegaan in die stryd om voortbestaan. Aan die een kant was daar die kerk en pastorie wat gebou moes word en die salaris van die leraar en amptenare wat betaal moes word, en aan die ander kant was daar die hele kwessie van die groepsgebiedewet. Gaan die gemeenskap waarbinne die nuwe gemeente geleë is, blank bly, was die vraag. Indien nie, wat word dan van die gemeente? Wat help dit hulle bekom grond om dan daarna uit te vind dat dit in 'n nie-blanke gebied geleë is? Dit was die vrae en uitdagings wat die eerste paar jaar die vergaderings oorheers het.

Om grond te bekom vir 'n kerkgebou en pastorie was vir die gemeente 'n groot prioriteit. Tydrowende onderhandelinge is gevoer oor die toekoms van die Krommerivier- en La Colline-gebied se sonering. Die voortdurende stryd om oorlewing en identiteit is in bykans elke notule te bespeur.

Daar was 'n ondertoon van verwagting dat hierdie arm gemeente nie selfstandig sal kan wees nie. Die navorser wonder of die leierskap nie so gefokus was om die ander gemeentes in die Ring verkeerde te bewys, dat hulle die *missio Dei* totaal uit die oog verloor het nie. Baie lidmate moes dit aan hulleself en ander bewys dat hulle nie 'n mislukking is nie en hulle sal dit ook in die kerklike kringe bewys. Was daar regtig 'n missionale onderskeiding by die leierskap? Of was die kerk vir hulle net geboue en strukture waarbinne hulle godsdiens beoefen sou word. Dit was 'n arm gemeenskap

[214] Muller. *500 jaar SA geskiedenis*, 482
[215] Muller. *500 jaar SA geskiedenis*, 467-469

wat elke pennie moes omdraai om al hulle verpligtinge na te kom en dan nog ŉ kerk en pastorie te bou.

Op die vergadering van 4 Oktober 1954 word ŉ brief van die stadsklerk voorgelees (presiese inhoud onbekend) waarin gemeld word dat die saak aangaande die sonering van die gebied binne die gemeentegrense nie bespreek is nie. Die gemeente en die gemeenskap moes in spanning bly wag om te hoor aan watter bevolkingsgroep die area toegeken sou word. Die spanning tussen die bevolkingsgroepe het stelselmatig groter geword. Op dieselfde vergadering spreek die kerkraad sy misnoeë uit teen die "Kleurlingorkeste" wat op Sondae onder kerktyd deur die strate marsjeer.

Op 23 April 1955 het die kerkraad van Stellenbosch-Noord ŉ beswaarskrif aan die munisipaliteit geskryf waarin hulle pleit dat die gebied waarin die gemeente geleë is, as blanke gebied verklaar moet word. In die tweede paragraaf van hierdie brief word die volgende insiggewende opmerking gemaak: *Die N.G. Gemeente, Stellenbosch-Noord, is onlangs afgestig op herhaalde aandrang van die Ring van Stellenbosch, en beslaan die gebied Noord van Banhoek.*[216]

Dit lyk vir die navorser asof daar te kenne gegee word dat dit nie die gemeente se skuld is dat hulle in daardie gebied van Stellenbosch bestaan nie, maar dat dit op hulle afgedwing is. Met ander woorde, hulle het gevoel dat hulle nie gekies het om in daardie omgewing gemeente te wees nie.

ŉ Ander paragraaf in die brief lui: *Die geestelike, opvoedkundige en morele skade wat die moontlike verklaring van die voorgestelde gebied G1 en B3 tot nie-blanke gebied, aan lidmate van die gemeente sal meebring, kan beswaarlik oordryf word.*[217] Die kerkraad verwys in dieselfde brief ook daarna dat die gemeente nie meer sal kan voortbestaan as die gemelde gebied tot nie-blanke gebied verklaar word nie.

Die gemeente het geen steen onaangeraak gelaat om te verseker dat die gebiede Krommerivier en La Colline blank verklaar moes word nie. Hierdie regte is verdedig ten koste van die nie-blankes wat in hierdie area gewoon het. Woorde soos *As*

[216] Notule van die Kerkraad 23 April 1955
[217] Notule van die Kerkraad 23 April 1955

gemeente sal ons ons stem teen die voorgestelde afbakening moet laat hoor[218] is opgeteken in die notules. Ook onder die Kleurling-gemeenskap was daar vermoedelik kommer oor hulle gemeente, *Die Volkskerk*. Die Stellenbosch Sending Gemeente (vandag VGK Stellenbosch) se pastorie was ook in hierdie area geleë en dit sou beteken dat hulle slegs ʼn blanke leraar sou kon beroep, of ʼn ander pastorie moes bekom.

Dit was duidelik dat die gemeente so vasgevang was in hulle stryd om te oorleef en dat hulle slagoffers was van die heersende politieke denke, tot so ʼn mate dat hulle nie vir een oomblik gedink het aan die gevolge wat die verskuiwing aan die nie-blankes sou doen nie. Die gemeente kon nie sy profetiese roeping sien om die onmenslikheid van die groepsgebiedewet uit te lig nie. Daar was geen sprake van verhoudingsliefde, ontfermingsgenade of meelewingsliefde teenoor die nie-blankes in die area nie. Hulle was so sterk deel van die Afrikaner-kultuur en sy politieke denke dat hulle dit nie maklik sou waag om daarteen te praat nie.

Die navorser is van mening dat dit moet dien as ʼn waarskuwing aan ons vandag. Ons is ook maar kinders van ons tyd en word ook beïnvloed deur die tendense en denke van ons tyd. Tendense, ideologieë, kulture en denke van ʼn bepaalde tyd is soos die strome in die see. Dit dryf jou aan, maar jy kom dit nie agter nie tensy daar een of ander verwysingspunt is waarteen jy jou beweging kan meet. In die onderskeiding van die missionale denke is die Skrif hierdie verwysingspunt.

Ons sal moet waak om nie in dieselfde slaggate as ons voorgangers te trap nie. ʼn Fyn onderskeidingsvermoë is nodig en die bereidheid om onverskrokke te luister na die wil van die Here. Die navorser glo nie dat dit onverskillige en hardvogtige leiers was wat in die gemeente gedien het nie. Daar is oral sprake van sending en evangelisasie, maar die navorser kry die gevoel dat die gemeente, die versorging en voortbestaan so prominent was dat daar alleen by die *missio Dei* uitgekom is as daar ekstra energie en geld was. Dit was ʼn gemeente wat wel iets van die *missio Dei* verstaan het, maar dit was nie ʼn *missio Dei*-gemeente nie.

[218] Notule van die Kerkraad 23 April 1955

Makrokonteks

Die N.G. Kerk het op die onderskeie Sinodale vlakke die konsep van apartheid en die gepaardgaande groepsgebiedewet goedgekeur, ten spyte van skerp verskille in die kerk oor hierdie aangeleentheid. Een van die prominentste argumente ten gunste van apartheid was die verklaring ten opsigte van die feit dat God die mens as verskeidenheid geskape het en die taalverwarring by Babel laat gebeur het. Hieroor skryf onder andere J. Kinghorn in Die NG Kerk en Apartheid.[219]

Vanaf 1960 het die toestand in die land al hoe meer gespanne begin raak. Die stryd tussen blank en nie-blank het hoë spanningsvlakke bereik. Suid-Afrika word 'n Republiek buite die Statebond en 'n noodtoestand word in die land aangekondig. Die Sharpeville-opstande skud die land. Die geldeenheid word desimaal.[220] *In 1961 kondig mnr Nelson Mandela aan dat die gewapende stryd moet begin.*[221] *Die N.G. Kerk onttrek van die Wêreldraad van Kerke.*

Mesokonteks

Tydens die vergadering van die Kerkraad van N.G. Kerk Stellenbosch-Noord op 18 April 1955 word met ontsteltenis verneem dat die gebiede La Colline en Krommerivier as blanke of kleurling-gebiede aangedui is, met ander woorde 'n grys gebied. Die adviesraad vir grondbesit het sitting geneem op 19 Oktober 1955 en die Kerkraad van Stellenbosch-Noord is ook uitgenooi om verteenwoordigers te stuur om die gemeente se saak te stel. Na 'n vergadering van drie dae was daar nog geen beslissing nie. Daar word verslag gedoen dat daar beplan word om die minister te nader om die gemelde gebied blank te verklaar.[222]

Op 21 Mei 1956 het die Raad weer op Stellenbosch gesit en het die leraar self die gemeente se saak gaan stel.[223] *Intussen het die gemeente ook die betrokke minister genader om sy invloed te gebruik om te verhoed dat die gebiede La Colline en Krommerivier as nie-blanke woongebied gesoneer word.*

[219] Kinghorn. *Die NG Kerk en Apartheid,* 179
[220] Muller. *500 jaar SA geskiedenis*,500
[221] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story,* 369
[222] Notule van die Kerkraad 7 Nov 1955
[223] Notule van die Kerkraad 7 Mei 1956

Die uitspaak oor hierdie aangeleentheid het gesloer tot 28 Augustus 1964 toe proklamasie No 211 uitgereik is. Dit het tot baie hartseer en trauma vir baie bruinmense gelei. In die omgewing van Stellenbosch-Noord moes baie bruinmense verhuis.

Oor hierdie tyd sê ouma Beatie Lawrence van Ryneveldstraat (toe dit nog almal se straat was): Glorious, glorious: Dis al wat ek kan sê. Dit was 'n heerlikheid, heerlike dae. Ek weet nie wat die wit man besiel het om ons skole en kerke te sluit nie.[224] *Hierdie roepstem het die gemeente Stellenbosch-Noord nie gehoor nie. Ook nie die krisis wat die NG Sendinggemeente in die gesig gestaar het nie. Hulle pastorie was in hierdie gebied en as dit blank verklaar word, sou hulle nie 'n bruin leraar kom beroep nie.*

Die sloerende uitspraak oor die toekoms van die gemelde gebiede in die dorp het 'n stremmende uitwerking op die gemeente gehad. In die notules van kerkraads-vergaderings word hierdie kwessie voortdurend bespreek. Dit was asof die leierskap hulle vasgestaar het teen hierdie 'struikelblok' en nie kon voortgaan voordat hulle dit nie opgelos het nie. Die kerkraad het die hulp van die Ring, wat tot dan belangeloos was oor die worsteling van die gemeente, ingeroep en die Ring het laat weet dat hulle die gemeente baie 'simpatiek' gesind is. Daar het egter nie veel meer gebeur nie. En die gemeente is maar weer skynbaar aan hulle eie lot oorgelaat. Dit is dus nie verbasend dat die gemeente geweldig moes konsentreer op oorlewing nie. Die gevoel het ontstaan dat hulle die probleem-gemeente van die Ring is.

Tussen dit alles deur word daar op 3 September 1956 verslag gedoen van 'n evangelisasie-kursus wat bygewoon is. Planne is gemaak om die lidmate beter te 'bearbei.' Tog sal daar op die volgende vergadering vermeld word dat daar geen evangelisasiekomitee bestaan nie.[225]

Die gemeente het baie betrokke geraak by die nood van die Afrikaner en by die Afrikaner-kultuur. Die kerkraad van Stellenbosch-Noord het organisasies wat die

[224] http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2007/02/26/SK/11/BB aboesakbiscombe.html. Laaste besoek op 26 Junie 2008
[225] Notule van die Kerkraad 1 Oktober 1956

Afrikaner-kultuur bevorder, begin ondersteun. Amptelike bande (affiliasie) met die F.A.K.[226] (afgevaardigdes is gestuur na F.A.K.-vergaderings) en die Stellenbosch Afrikaner Skakelkomitee (reeds vanaf 1954)[227] is aangegaan en gereelde bydraes is gemaak. Ander instansies soos die Maatskappy vir Europese Immigrante, die Nederlands Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap en die Hugenote Stigting is ook ondersteun.

Die navorser wonder soms of die gevoel van geïsoleerdheid en die behoefte aan identiteit nie die oorsaak was dat hulle by hierdie kultuurorganisasies betrokke geraak het nie. In ŉ poging om êrens ŉ verskil te maak, het hulle fondse en energie in hierdie sake belê. Die vraag wat die navorser vra is: kan dit vandag met ons ook gebeur? Die gevaar bestaan dat leiers eensydig met gemeentebou besig raak en nie by die wyer gemeenskap uitkom nie. Gemeentewees kan ontaard in ŉ geïsoleerde groepie mense wat net met mekaar assosieer, en so hulle missionale doel mis. In die geval van hierdie gemeente het hulle gekonsentreer op die belange van die Afrikaanssprekende blankes. Dit het van die gemeente ŉ homogene groep gemaak en almal wat deel wou wees van die gemeente, moes word of wees soos die status quo. Hierdie status quo is dan ook heftig verdedig. In plaas daarvan om die veranderinge in die omgewing te aanvaar het hulle aan die *accustomed modus operandi, their imagined status vis-à-vis the powerful*[228] vasgehou en so die missionale geleenthede wat die konteks van die tyd hulle gebied het laat verby gaan.

Die gemeente het werklik gepoog om die behoeftes van die blanke gemeenskap aan te spreek. Daar is gereeld verslag gedoen van barmhartigheidsdiens, hoofsaaklik aan gemeentelede. Daar kan aanvaar word dat hulle wel van mening was dat hulle die saak van die Koninkryk dien, maar dit lyk asof dit eerder gegaan het oor die behoeftes van ŉ spesifieke groep mense.

Die navorser is van mening dat ŉ gemeente wat ŉ bepaalde teikengroep wil bedien, maklik eksklusief kan raak en sekere ander mense in die wyer gemeenskap uitsluit. In Kolossense 3:11 staan daar met verwysing na die gemeentelike lewe: *Hier is dit nie*

[226] Notules van die Kerkraad 12 Augustus 1963 en 11 November 1963
[227] Notule van die Kerkraad 13 September 1954
[228] Hall *The end of Christendom* 2

van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.[229]

Die enigste ekumeniese betrokkenheid wat in hierdie tyd te bespeur is, was dat die gemeente deel was van die destydse Kerkhofkomitee[230] (alle gemeentes het daarby ingeskakel), asook die Sendingskakelkomitee.

4.2.2.3 Samevatting

Die navorser het baie simpatie met die lidmate van die beginjare van Stellenbosch-Noord, en kom opnuut onder die indruk van hoe die meesleurende makro- en mesokonteks die onderskeiding van die *missio Dei* kan teenwerk. Tog, as daar teruggekyk word, het hulle nie die *missio Dei* verstaan as die *salvific mission of God toward the world, centering in the sending of the Son in Incarnation*[231] nie.

Die gemeente was in die eerste tien jaar van sy bestaan vasgevang in die greep van die apartheid en die politieke denke van die tyd. Die eenheid in die Koninkryk is gesien as eendersheid. Die eenheid te midde van die verskeidenheid is nie verstaan nie. Die Drie-enige God, wat ŉ God van verhoudings is en in sy verskeidenheid saamgebind word deur liefde, is nie oorgedra na die diversiteit van die omgewing waarbinne die gemeente bestaan het nie. Die gemeente het nie daarin geslaag om werklik tot seën te wees vir die gemeenskap waarbinne sy haarself bevind het nie. Sy was nie die alternatiewe gemeenskap wat in die omgewing inbeweeg het nie. Slegs ŉ bepaalde groepering van die samelewing is bedien.

Die gemeente sal moet waak dat die huidige stryd om oorlewing hulle nie ook beroof van hulle potensiaal as gestuurdes van God nie. Hulle sal moet waak dat hulle nie meegesleur word deur die gees van die tyd nie. Die vermoë om te onderskei is noodsaaklik om te help om die *munis Dei* (roeping) te hoor en die *missio Dei* (sending) te gehoorsaam. Die verstaan van God as die God van verhoudings wat stuur en roep na verhoudingsliefde met mekaar en ander is ankers wat verhoed dat

---

[229] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. Kol 3:11
[230] Daar word in baie notules vanaf 1953 tot 9 Oktober 1962 melding gemaak van die "Kerkhofkomitee" – in 1962 het die munisipaliteit alle skakeling oorgeneem.
[231] *The New Bible Dictionary*, 560

daar ’n ons-en-hulle-denke vestig. Die begrip dat die kerk die voortsetting is van die vleeswording van Christus wat tussen die mense en in die skepping kom woon het, is noodsaaklik om die missionale identiteit van die gemeente voortdurend te vorm.

Die gemeente was ’n slagoffer van die modegier van afstigting. Verder was hulle so gefokus op oorlewing dat hulle nie werklik die nood van die breë gemeenskap in daardie area raakgesien het nie. Dit het, soos blyk uit die notules, grotendeels daaroor gegaan dat die geboue opgerig word, die gemeentelede besoek word en dat die leraar versorg word.

Hulle het dit as reg beskou dat die bruinmense uit hierdie gebied verwyder moes word. Apartheid was Bybels en geregverdig en aparte ontwikkeling was volgens hulle dus nodig. Dit was die denke van die tyd en die gemeente het nie daarin geslaag om dit te deurbreek nie. Dit was veilig om nie teen die strome van die tyd te swem nie. Die vraag is of ons dit anders sou doen? Doen ons dit hoegenaamd vandag anders?

Dit is egter ook so dat die gemeente nie baie meelewingsliefde en verhoudingsliefde van Moederkerk en die Ring ontvang het nie. Hulle was maar meestal aan hulleself oorgelaat en het so gefunksioneer. Dit is maklik om nou terug te kyk en hierdie gebrekkige missionale onderskeiding uit te wys, maar sonder om veroordelend te wees moet daar eerder in nederigheid uit hierdie verhaal geleer word.

Die gees van die tyd en die aanvaarding van die ideologie van apartheid as Bybels het veroorsaak dat lidmate en gemeenteleiers van Stellenbosch-Noord baie duidelik hulle gekompartementaliseerd was in hulle denke en verstaan van die *missio Dei*. Hulle was nie ’n *missio Dei*-gemeente nie, maar eerder ’n gemeente wat missionêre dinge gedoen het buite die grense van die gemeente. Dit kom voor asof hulle die *ander,* sou dit kleur of geloof wees, gesien het as gevaar (vergelyk die sogenaamde *swart* gevaar soos vroeër vermeld). Hulle het nie daarin geslaag om te onderskei dat die inkarnasie van Jesus (*moving into the neighbourhood*) juis alle grense oorgesteek het en ons as kerk roep (*munis Dei*) om dieselfde te doen nie. Die verhoudingsliefde, ontfermingsgenade en meelewingsliefde sou beleef word as gerig tot dié soos ons (‘ons’ word dan verstaan as dié wat soos ons lyk en dink en glo). Die ander is gesien

as objekte van sending en nie as mense waarmee daar ŉ verhouding in gehoorsaamheid aan God aangegaan moet word nie. Hulle het nie begryp dat die verhoudingsliefde die kerk roep tot ŉ liefde vir die naaste nie. Die navorser vermoed ŉnaaste' sou gedefinieer word as 'dié soos ons'.

Die kerk as instituut is nie gesien as instrument om die liefde van die Drie-Enige God aan die gemeenskap uit te leef nie, maar eerder as ŉ laer waarbinne hulleself kon skuil. Alles wat binne die *laer* was, is as objekte van die verhoudingsliefde van God gesien. Alles buite die *laer* was die opposisie, synde ras, politiek en denominasie. Hierdie *outsiders* was nie deel van hulle verhoudingsliefde nie. Hulle het nie daarin geslaag om hulle missionale taak teenoor die *ander,* onder andere die kleurlinge, te onderskei nie. Toe laasgenoemde volgens wetgewing uit die omgewing verskuif is, het die seer hulle nie geraak nie, inteendeel, daar was ŉ gevoel van tevredenheid omdat hulle vertoë tot hierdie verskuiwing geslaag het.

Die nood van veral die bruin mense in die omgewing is nie gesien as ŉ roepstem van God aan die gemeente om hulle te skaar aan die kant van die noodlydendes nie. Die nood was op hulle deurdrumpel, maar hulle was te verblind deur hulle eie agendas om dit raak te sien.

Evangelisasie was baie maal ŉ poging om die gemeente te laat groei en ander 'soos ons' by die gemeente te betrek. Die God van verhoudings wat die grense tussen mense afbreek en hulle tot nuwe en andersoortige gemeenskappe saamvoeg, was nie deel van hulle hermeneutiek nie.

4.2.3 1963 tot 1980

4.2.3.1 Inleiding

Die gemeente het in hierdie tyd gegroei van ŉ pastor grootte na ŉ program grootte gemeente met twee leraars.[232] Omdat daar nie ŉ missionale onderskeiding was nie en dit grotendeels gegaan het om die instandhouding van die gemeente het daar gereeld

[232] Sien Alice Mann op p 45 van hierdie skrywe.

konflik tussen die leraars ontstaan. Dit het die gemeente gepolariseer. Die verhoudingsliefde is weereens verstaan as die liefde met grense. Liefde vir dié wat aan ons kant is. So het elke leraar sy aanhang gehad wat sy opinie steun. Die besluitneming is uitsluitlik deur meerderheidstem geneem en daar is weinige pogings aangewend om na God, mekaar en die nood van die wêreld te luister. Dit het veroorsaak dat daar binne die gemeente ŉ subtiele magstryd ontstaan het. Goeie besluite is geneem, maar daar is min aanduiding dat die leierskap saam moeite gedoen het om na die wil van God te soek anders as om ŉ vergadering met Skriflesing en gebed te open. ŉ Sekulêre bestuurstyl was aan die orde van die dag.

Dit is ŉ tydperk van min dramatiese verandering. Dit is ŉ tyd van vestiging. Die gemeente was besig om hulleself te vind en die leraars het sterk leiding geneem. Die fokus was baie sterk op huisbesoek en gemeente-administrasie. Die gemeente was bevoorreg om uitstekende leiers op hierdie gebied te hê.

4.2.3.2 Die storie

Makrokonteks

1963 – Die Rivonia-hofsaak vind plaas. Mnr. Nelson Mandela en ander word tot lewenslange tronkstraf veroordeel en na Robbeneiland gestuur.[233]

1966 – Distrik Ses word tot eksklusiewe blanke gebied verklaar. Dr. H.F. Verwoerd word in die parlement se raadsaal vermoor.[234] *Adv. B.J. Vorster word Eerste Minister. J.D. (Koot) Vorster, broer van B.J. Vorster, is Moderator van die Algemene Sinode. Hierdie twee manne oefen ŉ enorme invloed uit in die grootste politieke party en kerk van die Afrikaner.*

Die verklaring van die gebied binne die gemeentegrense tot blanke area het tot gevolg gehad dat nie-blankes verskuif is en dat grond onteien is. Die Volkskerk in Banghoekweg sowel as die pastorie is onteien. Stellenbosch-Noord het die kerkgebou in 1973 vir R35,000 van die Departement van Gemeenskapsbou gekoop,[235] en in 1986

[233] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 415
[234] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 368
[235] Notule van die kerkraad 17 September 1973

aan die Church of England vir R150,000 verkoop. Ook die kleurling bioskoopsaal, wat ook as gevolg van die verskuiwing in die slag gebly het, is deur die gemeente aangekoop[236] en in 1989 is dit weer aan ’n ontwikkelaar verkoop. (Die verskuiwing van die nie-blankes uit hierdie area as gevolg van die groepsgebiedewet is iets waaraan die gemeente aandadig was in sy stryd om te probeer oorleef. Die gemeente is selfs daardeur bevoordeel en verryk. In die voortdurende stryd om finansieel te oorleef, sou die wins uit die verkope van die eiendom die gemeente meer as een maal van bankrotskap red.

Makrokonteks

Die SAP en die Weermag raak toenemend betrokke by die Grensoorlog. Militêre diensplig word tot twee jaar verleng.

1976 – Onrus en onluste oor die hele land in protes teen die instelling van verpligte onderrig in Afrikaans in nie-blanke skole. Baie sterf in die onluste. Steve Biko sterf in aanhouding.[237]

1978 – As gevolg van ’n inligtingskandaal bedank B.J. Vorster as Eerste Minister en P.W. Botha word verkies.[238] *Die NG Sendingkerk verwerp apartheid.*

1979 – Dr. Koot Vorster, broer van B.J. Vorster, tree uit as Moderator van die NGK. Ds G.S. Moller, leraar van NG Kerk Stellenbosch-Noord, word verkies as Moderator van die Sinode van Wes-Kaap.[239]

Gedurende hierdie tyd is daar van tyd tot tyd melding gemaak van ’n lening aan die N.G. Sendinggemeente Stellenbosch-Noord (vandag bekend as VGK Koelenhof), afgevaardigdes na ’n Ringskommissie vir Sending onder die Jode, en eredienste by die Heilsleër. Dit was ’n tyd van beheer en bestuur. Daar was vaste reëls oor

[236] Notule van die kerkraad 17 September 1973
[237] Reader’s Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 442
[238] Reader’s Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 442
[239] Notule van die kerkraad 29 Oktober 1979

kleredrag.[240] Besware teen ouderlinge en leraars is van die hand gewys – die aard van die besware word nie genoem nie.[241]

Dit blyk asof die gemeente tog moeite gedoen het om uit te reik na die ongetroudes en die studente in die omgewing. Opnames is voorgestel en Bybelstudiekringe is georganiseer.[242] Hierdie bediening het vrugte afgewerp, want daar word verslag gedoen van 93 lede wat by Bybelstudies inskakel.[243]

4.2.3.3 Samevatting

Die navorser vind dit ironies dat die situasie vandag die omgekeerde is. Meer en meer nie-blankes trek weer in hierdie area in en ʼn mens kan nie anders as om te wonder of die gemeente hierdie nuwe situasie missionaal gaan benader nie. Gaan hulle dit as ʼn uitdaging en roeping sien, of as ʼn bedreiging waarvan hulle eerder wil wegkom?

Verder wonder die navorser of die huidige leierskap nie die gemeente moet begelei om oor die verskuiwing van nie-blankes uit die area belydenis te doen nie. Die enigste manier om met die pyn van die verlede te handel sal wees deur belydenis en rekonsiliasie. *Reconciliation had to do with coming to terms with a painful past.*[244] Rekonsiliasie beteken nie dat die verlede herstel word nie, maar dat iets nuuts gebore word. *God makes of both the victim and the wrongdoer a ʼnew creationʼ.*[245] Weliswaar was baie van die leiers nie in daardie tyd deel van die gemeente nie, maar dit is ʼn deel van die geskiedenis van die gemeente wat nie weggeredeneer kan word nie. Nehemia bid en vra verskoning vir die sondes van die volk waarvan hy deel is (Neh 1:4-10), ook die sondes wat begaan is in die tyd voor die ballingskap,dit wil sê, voor sy geboorte. Moet Stellenbosch-Noord dit nie ook doen voor God en in die openbaar nie? Moet die VGK en die Volkskerk nie ook om verskoning gevra word nie? Moet die bruin gemeenskap nie ook die ‘jammer’ van die gemeente oor die verlede hoor nie? Moet die gemeente nie deur hulle ‘jammer’ die deur oopmaak vir die bruin gemeenskap om die verlede los te knoop deur te vergewe nie?

---

[240] Notule van die kerkraad 17 September 1979
[241] Notule van die kerkraad 19 November 1979
[242] Notule van die kerkraad 29 Oktober 1979
[243] Notule van die kerkraad 21 April 1980
[244] Schreiter. *Liberation and reconciliation*, 7
[245] Schreiter. *Liberation and reconciliation*, 18

Daar is wel in 2003 ʼn voorstel ingedien dat die gemeente hierdie onreg waarby hulle betrokke was moet bely. Die voorsteller het die volgende ter tafel gelê: *Ek is bly dat die wat die verhaal van Noordkerk opgeteken het, eerlik was en nie probeeer het om onreg, sonde en eiesinnigheid weg te steek nie. Ons gemeente wil soos Dawid nie swyg oor ons sonde nie, ons wil dit eerder voor God en voor mense bely. Ons glo dat waar sonde bely word, ontvang ons vergifnis*.[246] Die voorstel is op die vergadering van 17 November 2003 na ʼn lang bespreking verwerp.[247]

Daar was ʼn soeke na morele en sosiale stabiliteit. Godsdiens was belangrik en strukture en reëls was bykans onbuigbaar en het ʼn doel in sigself geword. Die kerk as instituut het nie in diens gestaan van die *missio Dei* nie. Dit was die tyd van vasgestelde reëls oor kleredrag, orde in die erediens, tipe liedere wat gesing en nie gesing mag word nie. Die *status quo* is gehandhaaf en verdedig.

Die apartheidsideologie was nog sterk deel van hulle denke, maar omdat die drama van die implimentering daarvan vir eers verby was vir die meeste blankes, het die gemeente rustig al haar aandag geskenk aan haar eie vestiging en versorging. Die wêreld anderkant die selfgedefinieerde grense was vir eers nie belangrik nie.

Weer eens is die inkarnasie van Christus, wat die basis vorm van God se sturende liefde vir die wêreld, beperk verstaan. Dit kom vir die navorser voor asof die gemeente die inkarnasie verstaan het as ʼn daad van God wat gerig is op hulle en dan afsonderlik en daar eenkant ook vir die ander. Dit is nie in hierdie tyd verstaan as ʼn missionale liefde wat alle gelowiges aan mekaar bind tot seën vir die wêreld nie.

Gedurende hierdie periode was die *missio Dei* nie deel van die identiteit van die gemeente nie.

---

[246] Notule 17 Nov. 2003 (die voorstel is ingedien met verwysing onder andere na die aandeel wat die gemeente in die verskuiwing van die bruinmense gehad het. Die gedagte was dat as die voorstel aanvaar word, daar dan besluit sal word watter vorm die belydenis sal aanneem. Die voorstel is deur die leraar van die gemeente ingedien.)
[247] Notule 17 November 2003

4.2.4 1980 tot 1988

4.2.4.1 Inleiding

Die leierskap funksioneer baie outoritêr. Die politieke situasie in die land het al hoe meer onstabiel geraak en dit veroorsaak dat die gemeente al hoe meer na binne gerig raak. Hulle voel bedreig en ondersteun alles wat die *status quo* kan verseker.

Van meelewingsliefde met dié wat verontreg voel, is daar weinig sprake. Die kerk as instituut moes vir hulle 'n hawe wees. Die kerk is nie gesien as die missionale gemeenskap wat God se genade en waarheid na die nood (hel) van die *ander* uit te dra nie. Vir hulle het God 'n verhouding met die *ander* gehad, maar dit was 'n saak tussen God en hulle en nie iets waarby hulle betrokke moes of wou raak nie.

4.2.4.2 Die storie

Makrokonteks

Duisende bruin- en swartmense neem deel aan wegbly-aksies van skole en universiteite. Die ANC breek met Mangosuthu Buthelezi. Die Sasol-aanleg word gesaboteer. Robert Mugabe se ZANU-PF wen die verkiesing in Zimbabwe.[248]

Mesokonteks

Die wegbly-aksie vind ook op Stellenbosch inslag. Die Kleurling-gemeenskap dien 'n beswaarskrif in by onder andere NG Kerk Stellenbosch-Noord, waarin die volgende sake geopper word:

** gebrek aan handboeke,*

** onvoldoende geboue,*

** diskriminerende optrede van blanke onderwysers,*

** dubbele skofte (as gevolg van te veel leerlinge moes onderwysers in die namiddag ook klasgee),*

[248] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 442

** hoewel die Kleurlingskool al jare lank wag vir 'n skoolsaal, word 'n nuwe skool vir blankes (Hoërskool Stellenbosch) met alle geriewe gebou,*
** Geskiedenis op skool word slegs vanuit 'n blanke standpunt aangebied.*

Op kerklike terrein word ook besware voor die gemeente gelê:
** lidmaatskap van die NGK is beperk tot wit Christene,*
** onderskeid word getref tussen bruin en wit Christene,*
** die terme 'moederkerk' en 'dogterkerk' word as paternalisties ervaar.*

'n Aanhaling uit 'n verslag wat voor die kerkraad van Stellenbosch-Noord gelê is, lui: Die jeug (met verwysing na die bruin gemeenskap) beskou die N.G. Kerk as sinoniem met apartheid en diskriminasie. Hulle vind dit moeilik om na 'n wit predikant te luister, omdat dit voel asof hy 'n ander God verkondig.

Die groepsgebiedewet skep ook vir die Sendinggemeente van Stellenbosch probleme, want hulle pastorie is in die blanke gebied geleë. Wat sal gebeur as hulle 'n bruin leraar beroep?

Verdere griewe was:
** permitte is nodig om funksies in hotelle en restaurante by te woon,*
** die Ontugwet is diskriminerend,*
** ekonomiese eksploitasie, en*
** die gebrek aan stemreg.*[249]

Die kerkraad spreek sy kommer uit oor die verslegtende verhouding tussen die lidmate van die NG Sendingkerk[250] en gemeentelede van Stellenbosch-Noord. Die besware soos bo genoem, het voor die kerkraad gedien, maar hulle het gevoel dat hierdie besware buite die 'terrein' van die kerkraad val. Die enigste deel van die klagtes wat op hulle 'terrein' val, was die sake rakende die kerklidmaatskap en diskriminerende optrede van blankes teenoor nie-blankes.

[249] Notule van die kerkraad 02 Junie 1980
[250] Vandag genoem : Verenigende Gereformeerde Kerk

Die kerkraad sien die situasie as die werk van aktiviste wat die Kleurlingkinders misbruik vir hulle eie doeleindes. Die kerkraad het begrip vir die N.G. Kerk-lidmate wat 'onder druk' geplaas word.

Daar word verwys na die Kleurlinge se groot 'sensitiwiteit' (*miskien 'oor-sensitief' bedoel?*) oor dinge soos 'natuurlike' differensiasie.[251]

Die kerkraad 'betreur' dit dat die N.G. Sendingkerk nie dankbaar genoeg is vir die finansiële hulp wat die Moederkerk verleen het nie. Hulle betreur dit dat die woorde 'moeder-' en 'dogterkerk' as paternalisties ervaar word. Die kerkraad 'betreur' verder die 'politieke teologie' wat in sommige sinodale besluite van die N.G. Sendingkerk vervat is.[252]

Die navorser kry die gevoel dat die kerkraad nie die besware van die Kleurlinge ernstig opgeneem het nie. Hoekom is dit so ligtelik gehanteer? Dit kan wees dat hulle nie werklik geweet het wat hulle aan die saak moet doen nie, of dat hulle so besig was om te oorleef dat hulle nie nog energie vir hierdie 'ingewikkelde' sake gehad het nie. 'n Ander gedagte is dat hulle neergesien het op die bruinmense en hulle besware gering geag het.

Die kerkraad erken dat daar lidmate is wat gesamentlike dienste afkeur, maar regverdig hulleself deur te meld dat daar geen 'kerkraadsbesluit' is wat 'gekleurdes' verbied om die dienste by te woon nie.

Die navorser neem waar dat die kerkraad hulle probeer verontskuldig het deur te verwys na die feit dat, alhoewel daar diskriminerende optrede teenoor Kleurlinge is, hulle darem nog nie 'n amptelike besluit geneem het dat Kleurlinge nie die eredienste mag bywoon nie. Verder is dié lidmate wat gesamentlike dienste afgekeur het, nooit vermaan nie.

[251] Notule van die kerkraad 02 Junie 1980
[252] Notule van die kerkraad 02 Junie 1980

Daar word melding gemaak dat 'vanaf die kansel' volledig oor rassediskriminasie gepraat is volgens die besluite van die Sinode, en dat daar 'vanaf die kansel' gereeld vir die regering en vir vrede in die land gebid word.[253]

Vir die navorser klink dit asof die kerkraad sy gewete sus dat daar by monde van die prediker oor diskriminasie gepraat is, en dat die gemeente nou genoeg gedoen het. Dit is duidelik dat die kerkraad nie gehoor het wat in hulle onmiddellike omgewing aan die gang is nie en so verstrengeld was in die 'wit' politiek dat hulle nie kon sien dat hulle hier 'n profetiese stem moes laat hoor nie. Hulle wou nie luister na die bruin gemeenskap nie en het alles afgemaak as verkeerd en ongegrond. Na hierdie vergadering is die saak nooit weer bespreek nie. Hulle het op 'n kerkraadsvergadering hulle sê gesê en dit was genoeg.

Die navorser meen dat hierdie optrede juis 'n bewys van paternalisme was (juis dit waarvan die Moederkerk beskuldig is).

Tot en met 16 November 1980 word daar op die kerkraadsvergaderings net die gewone gemeentesake bespreek, maar op hierdie vergadering besluit die gemeente om meer aandag aan kerkbywoning te gee. Daar word besluit om eredienste meer interessant te maak, en lidmate wat nie gereeld die dienste bywoon nie, moet onder sensuur geplaas word. Die gevolg was dat dié wat gedreig is met sensuur, eenvoudig hulle lidmaatskap beëindig het. 'n Pamflet oor kerkbesoek word opgestel en aan die 'ontrou' lidmate per hand afgelewer.

Die navorser bespeur weer' n bepaalde leierskapstyl van gesag en beheer. Dit het duidelik nie die *missio Dei* van die *hesed* en *emet* van God wat in Christus onder ons kom woon het, uitgeleef nie. Daar is slegs strafregtelik opgetree.

So is daar ook teen 'n lidmaat opgetree wat haar laat 'groot doop' het. Haar 'lidmaatsregte is by wyse van sensuur opgehef' en sy het die gemeente verlaat.[254] Later is daar teen nog 'n 'kerklos' lidmaat opgetree en ook hy het die gemeente

[253] Notule van die kerkraad 02 Junie 1980
[254] Notule van die kerkraad 18 Mei 1981

verlaat.[255] Hierna is daar kort-kort tydens vergaderings verslag gedoen van tugstappe teen lidmate, maar na 1982 is daar geen verdere tugsake aangeteken nie.

Die navorser wonder of dit net ʼn gier van ʼn bepaalde tyd was sonder enige missionale deernis. Of het ander sake nou die aandag van die kerkraad geëis? Soos in hoofstuk een bespreek, is waardes en moraliteit belangrik en ʼn gebrek daaraan is sonde. Sonde is egter ʼn *refused relationship with God* [256]en dit word sigbaar in ʼn verkeerde verhouding met ander en in verdraaide waardesisteme. Die leierskap het die spreekwoordelik splinter in die oog van ander gesien, maar nie die balk in hulle eie oë nie. Die gebroke en verdraaide verhouding met die *ander* is nie onderskei as sonde nie.

Twee erwe wat aan die gemeente behoort het, word verkoop. Dit is nie seker watter erwe dit was nie en of dit deel was van eiendomme wat na die verskuiwing van die nie-blankes uit die gebied gekoop is nie. Die verkoopsom help die gemeente om te oorleef en die uitgawes te dek. Die gemeente begin met ʼn ontwikkelingsprojek op die perseel van die ou Kleurling-bioskoopsaal, en die leraar en ʼn ouderling word as direkteure aangestel.[257]

Die oortrokke fasiliteit word vergroot. Min finansiële state is by die notules aangeheg.

Makrokonteks

1984 – ʼn Nuwe konstitusie word deur die regering aanvaar waarvolgens Kleurlinge in ʼn Huis van Afgevaardigdes verteenwoordig word in ʼn parlement van drie kamers. Die pos van die Eerste ministers word vervang met dié van ʼn uitvoerende Staatspresident. Mnr. PW Botha word die eerste Staatspresident. Die Wet op Gemengde Huwelike word herroep. ʼn Verdere noodtoestand word in die land aangekondig.[258]

[255] Notule van die kerkraad 17 Augustus 1981
[256] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 316
[257] Notule van die kerkraad 17 Oktober 1983
[258] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 442

1986 – Onluste in die land neem dramaties toe. Die Wet op Gemengde Huwelike, die Ontugwet en paswette word herroep.[259] *Die NG Sendingkerk aanvaar die Belydenis van Belhar op 26 September.*

Mesokonteks

1986 – Stellenbosch spring nie die onluste vry nie en oproerigheid kom veral voor in die omgewing van Stellenbosch-Noord.

Die Gemeentebou-kursus van Bybelkor word geïmplementeer.[260] Die doelwit is om na een jaar die helfte van die kerkraad betrokke te hê, en daarna die res van die gemeente. Hierdie inisiatief het egter nie werklik ʼn impak op die gemeente gehad nie.

Die navorser is van mening dat dit net nog ʼn program was, sonder dat die *missio Dei* werklik onderskei is. Die navorser wonder of dit nie maar net nog ʼn poging was om te oorleef nie.

Die gemeente ontvang ʼn klagte van die destydse N.G. Sendinggemeente Stellenbosch-Noord oor die liefdelose ontvangs tydens die erediens van 27 Julie 1986. Uit die notules word afgelei dat die besware ook te doen het met die inhoud van die boodskap soos gebring deur een van die leraars van Stellenbosch-Noord. Daar word nie werklik aan die saak aandag gegee nie, behalwe dat daar ʼn kommissie aangewys is om maniere te ondersoek om die onderlinge verhouding met die N.G. Sendinggemeente Stellenbosch-Noord te verbeter.

Die navorser vermoed dat hier na ʼn gesamentlike diens verwys word waar iets gebeur het en/of gesê is wat die lidmate van die Sendinggemeente erg ontstel het. Die navorser wonder of ʼn apologie nie noodsaaklik was nie, veral van die leraar wat die boodskap gebring het. Hoekom is daar nooit verskoning aangebied nie, en hoekom is saak so ligtelik hanteer? Is dit ook maar as politiekery afgemaak?

Die ou Volkskerk se gebou wat na die onteiening deur die gemeente gekoop is, word aan die Church of England verkoop. Daar word gemeld dat die verkope van die

[259] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 442
[260] Notule van die kerkraad 19 Augustus 1985

eiendom ’n welkome verligting bring vir die toenemende skuldlas. Finansiële oorlewing bly ’n refrein dwarsdeur die gemeente se bestaan.

Dramatiese verandering vind ook in hierdie tyd plaas. In 1988 verloor die gemeente albei sy leraars in een jaar: die een aanvaar ’n beroep en die ander een is oorlede. Twee nuwe leraars word in dieselfde jaar beroep.

4.2.4.3 Samevatting

Die navorser maak die afleiding dat die kerkraad hom só aan die kant van die blankes skaar dat hulle nie werklik die nood van die bruin gemeenskap hoor nie, maar hierdie besware afmaak as politiekery.

Die navorser vermoed dat God ’n meer teoretiese konsep was (*God is a more theoretic concept in the West*),[261] en nie soseer as werklik beleef is nie. Die soeke na God se leiding deur sy Gees ontbreek baie maal. Vanuit ordereëlings en besluite is daar gepoog om God se wil te doen, maar daar is weinig tekens van soekende afhanklikheid en brose afwagting.

Die strukture van die gemeente het ’n doel in sigself gebly. Hoe groter die bedreiging, hoe sterker het die leierskap daarna gestreef om vanuit die strukture gesag uit te oefen. As gevolg hiervan kon hulle nie werklik na God luister en ook nie die noodkreet van hulle medegelowiges vanuit die bruin gemeenskap hoor nie. Die noodkrete is as ondankbaarheid afgemaak. Van meelewingsliefde met die bruin gemeenskap was hier geen sprake nie.

Waardes was oorwegend gesien as morele sedelikheid en betrokkenheid by die gemeenteprogram. Tug was dan ook hoofsaaklik gerig op dié wat nie die eredienste gereeld bywoon nie, wat hulle laat groot doop het en wat buite-egtelike seksuele verhoudings gehad het. Sonde is nie gesien as ’n *refused relationship with God*[262] wat sigbaar word in ’n verkeerde verhouding met ander nie. Goeie verhoudings met die

[261] Hendriks. *Trauma and conflict*, 111
[262] Peterson. *Christ plays in ten thousand places,* 316

bruin gemeenskap is nooit as ʼn Christelike waarde gesien nie, ook nie die gebrek daaraan as sonde nie.

Binne die gemeentegrense het anderskleuriges in spesifiek gesoneerde groepsgebiede soos Cloetesville en Kayamandi gewoon, maar Stellenbosch-Noord het hulle nie beskou as deel van haar missionale roeping nie. Hulle was die 'ander' met wie dit nie nodig was om verhoudingsliefde te bou nie. Die bruin mense op die plase moes deur die gemeente VGK Koelenhof bedien word, afsonderlik. Daarom het Stellenbosch-Noord net finansiele hulp aan hulle verleen, maar ook met hulle nie verhoudings gebou nie.

Die *missio Dei* was nog steeds nie deel van die karakter van die gemeente nie.

4.2.5 1988 tot 1994

4.2.5.1 Inleiding

Dit was ʼn tyd wat die 1994 verkiesing voorafgegaan het. Die gemeente het in een jaar twee nuwe leraars gekry wat hulle voete in die gemeente moes vind. Die een moes veral na die seniors en ʼn deel van die gevestigde lidmate omsien, terwyl die ander een hoofsaaklik verantwoordelik was vir evangelisasie en jeugbediening, wat studentebediening ingesluit het.

In n vinnig veranderende wêreld waar sommiges laer wil trek en ander die tradisionele grense wou oorsteek en missionaal begin dink, was konflik onvermydelik.

4.2.5.2 Die storie

Makrokonteks

1989 – Mnr. P.W. Botha bedank as Staatspresident en mnr. F.W. de Klerk word op 14 September in sy plek verkies.[263] *Val van die muur van Berlyn – Sommige*

[263] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 442

Geskiedkundiges sien dait as die einde van die twintigste eeu. 'n Nuwe wereldmag was aan die opkom in die Moslem-wêreld.[264]

1990 – Mnr. F.J. de Klerk ontban die ANC en ander organisasies en mnr. Nelson Mandela word vrygelaat.[265] *Die NG Kerk bely by die Rustenburg beraad dat Apartheid sonde is. Vroue word tot alle ampte van die NG Kerk toegelaat.*

Vir die eerste keer word daar besin oor sigbare kerkeenheid.[266] 'n Kamp word gehou om lidmate toe te rus vir evangelisasiewerk.[267] 'n Evangelisasie-span vir die bediening van studente word geïnisieer, en voortvloeiend daaruit word selgroepe gestig. 'n Klub vir Seniorburgers word op die been gebring.

Vir die eerste keer in jare word 'n begroting opgestel en state word gereeld by vergaderings voorgelê sodat besteding binne hierdie begrotings kan bly.

'n Evangelisasiebediening, geskoei op die model van EEIII, word geloods om na die permanente inwoners van die omgewing uit te reik en dit het baie gou tot 'n sterk bediening gegroei. Op die vergadering van 13 April 1992 word verslag gedoen dat 14 lidmate opleiding voltooi het en dat 19 nuwes aangemeld het wat dan deur die 14 opgelei sal word.[268]

Die ou strukture van die gemeente was egter nie gereed om hierdie 'nuwe' mense te ontvang nie. Die eredienste was ook nie gestruktureer om hulle tuis te laat voel nie – die nuwelinge het ander behoeftes gehad, omdat hulle uit 'n ander sisteem gekom het. Die gemeente wou uitreike hê om die lidmaattal te vergroot. Kritzinger sluit hierby aan: too many of our evangelistic attempts 'push people into a corner' and try to persuade them through various means to switch allegiance and 'join our group.'[269]

---

[264] Bevans. *Constants in Context*, 241
[265] Reader's Digest. *Illustrated History of South Africa – The Real Story*, 442
[266] Notule van die kerkraad 10 April 1989
[267] Notule van die kerkraad 23 Oktober 1989
[268] Notule van die kerkraad 13 April 1992
[269] Kritzinger. *A Question of Mission,* 11

Die gemeente was nie bereid om na die nood van die ander in die omgewing te luister en iets van die genade van Christus vir hulle te bring nie. Die gemeente het nie daarin geslaag om in gehoorsaamheid in die 'neighbourhood' in te beweeg nie.

Stellenbosch-Noord se leierskap het verdeeld geraak omdat sommige leiers verstaan het dat vernuwing nodig was, maar ander leiers het die tradisionele styl van bediening heftig verdedig, ten spyte van baie besprekings en selfs konsultasie van buite die gemeente.

'n Aktiewe studentebediening groei vanuit die uitreikaksie. Die Sinode het op daardie stadium Stellenbosch-Noord gesubsidieer vir hierdie studentebediening op Elsenburg en binne die grense van die gemeente. Hierdie fondse is aangewend om drie kweekskool-studente deeltyds aan te stel om by die uitreikaksie in te skakel. 'n Groep studente word opgelei om veral die ander studente in die omgewing te besoek en selgroepe word gevorm. Die groot probleem is dat, alhoewel 'n beduidende groep studente by die selgroepe inskakel, woon hulle nie die eredienste by nie. Hulle het ook behoefte aan 'n meer vernuwende styl.

Die bediening onder die studente op Elsenburg is ook in hierdie tyd baie geseënd.[270] Elsenburg Landboukollege het 'n aktiewe VCSV en een van die kweekskool-studente word getaak om saam met sommige van die personeel van Elsenburg die studente daar te bedien.

Die eerste weerstand teen die evangelisasie-aksie word bespeur.[271] Van die lede van die kerkraad is gekant daarteen dat daar na die vreemdelinge in die omgewing uitgereik word en voel dat hulleself verwaarloos word. Huisbesoek aan die lidmate van die gemeente was vir baie die antwoord op die dalende kerkbywoning.

'n Bedieningsgroep vir enkellopendes in die gemeente word gestig (EMNA: 'Enkel Maar Nie Alleen').[272] Die Diens van Barmhartigheid brei uit en daar word gereeld kospakkies uitgedeel. Lidmate van ander gemeentes, ook uit die bruin gemeenskap, sluit by die evangelisasie-aksie van die gemeente aan. Teen Junie 1993 is 60 lidmate

[270] Notule van die kerkraad 27 Mei 1991
[271] Notule van die kerkraad 15 Junie 1992
[272] Notule van die kerkraad 17 Augustus 1992

(nie almal van die gemeente nie) toegerus en 215 huise en woonstelle besoek waarvan baie nie lidmate van die gemeente was nie. Baie studente is ook besoek en hieruit het 9 bybelstudiegroepe ontstaan.

4.2.5.3 Samevatting

Dit was toe alreeds duidelik dat hierdie oplossing vir die krisis van dalende lidmaatgetalle te simplisties was. Die leiers wou die ou strukture behou en daar is verwys na ander gemeentes wat groei alhoewel hulle nie vernuwe nie. Die probleem was dat die leierskap nie die andersheid van die omgewing van Stellenbosch-Noord verstaan het nie. Die doel was grootliks om die gemeente te laat oorleef en nie om die gemeenskap missionaal te dien nie. Die ou spook van die stryd om oorlewing was nog baie prominent deel van die gemeente se agenda.

Die makro- en mesokonteks was vinnig besig om te verander, maar die leierskap het dit moeilik gevind om aan te pas. Missionaal is verstaan as iets wat die kerk aan ander moet gaan doen. Die meelewingsliefde van God in Christus is nie te volle verstaan nie. Die meeste leiers was tevrede met die *status quo* en het vernuwing ten sterkste teengestaan. Daar was ŉ onwilligheid om nuwe groepe te verwelkom, veral as die verwelkoming sou beteken dat die gemeente moet aanpas en/of verander.

Hierdie weerstand teen verandering en die gepaardgaande konflik wat dit teweeggebring het onder die leierskap en in die gemeente, het veroorsaak dat sommige lidmate verdwyn het of onbetrokke geraak het. Dié wat wou verander en die *missio Dei* begin onderskei het, het eerder wegbeweeg as om in argumente betrokke te raak. In die leierskap het dié wat weerstand bied teen verandering dus die meerderheid gevorm.

Die onderskeiding van die verhoudingsliefde was baie beperk. Die gemeente se strukture het gefunksioneer op meerderheidsbesluite en daar is van die minderheid verwag om na die meerderheid te luister. Die missionale onderskeiding is gesien as ŉ uitvloeisel van die besluitnemingsproses van die gemeente en nie as refleksie van die Drie-Enige God in die lewens van die lidmate nie.

Die kerklike instituut is nie gesien as die alternatiewe gemeenskap wat deur verhouding met die omgewing mense met die meelewingsliefde van God bedien nie. Dit is eerder beskou as ’n aparte gemeenskap wat mekaar dien en versorg, en wat ook almal wat deel word van hulle groep, met ander woorde word soos hulle, sal versorg.

Die ontfermingsgenade wat die liefdesguns van God vir alle mense en die hele kosmos is, is beperk verstaan. Dit is waarskynlik verstaan as iets wat ontvang word, maar nie die gelowiges na die wêreld stuur nie. Dit is dus nie missionaal verstaan nie. Dit was nie deel van die karakter van die gemeente nie, maar eerder iets wat hulle van tyd tot tyd *gedoen* het. Die *missio Dei* was deel van hulle *doing* en nie deel van hulle *being* nie.

Theo Sundermeier sê: *Anyone who does not change is dominant and only tries to change the other they meet That has nothing to do with mission.*[273] Daniel Shaw beklemtoon dat gemeenskappe konstant aan die verander is en dat magte van binne en buite voortdurend inspeel op mense, *resulting in near constant adjustment to underlying beliefs and values as well as cultural manifestations of behavior.*[274]

Die verandering het hulle bedreig juis omdat hulle nie die *missio Dei* onderskei het nie.

4.2.6 1994 tot 2008

4.2.6.1 Inleiding

Na die bewindsverandering van 1994 en die totale afskaffing van apartheid, het die sosio-ekonomiese omstandighede van die land nie dramaties verbeter nie. Werkloosheid het hoog gebly en misdaad het toegeneem. Teen hierdie agtergrond was die natuurlike tendens van die tipiese blanke Afrikaanse gemeente *to keep their laager tightly closed in order to have at least one place “where you can be at home*

[273] Sundermeier. *Missio Dei today*, **566**
[274] Shaw. *Communicating God’s Word*, 217

with your own people, language and friends."[275] In Stellenbosch-Noord het hierdie ingesteldheid na 2002 begin verander.

In die weergawe van Stellenbosch-Noord se *storie* is dit nie moontlik om al die gebeure sedert 2002 kronologies weer te gee nie. Baie van hierdie gebeurtenisse het oorvleuelend plaasgevind en is in sommige gevalle nie so gedokumenteer dat die presiese begin bepaal kan word nie. Daar is in verslae na bedieninge en gebeure verwys, maar baie maal eers lank nadat dit of gebeur het, of gevestig is. Baie bedieninge het in hierdie tyd ontstaan as gevolg van die gemeente se reaksie van meelewingsliefde op nood en is nie vooraf beplan nie.

Die veranderinge in die land en die gepaardgaande verlies aan sekuriteit en die demografiese verandering in die omgewing van die gemeente het die leiers opnuut laat soek na God. Hulle het verstaan dat net God aan hulle koers en rigting kan gee. Hulle eie planne was uitgeput. Jurgens Hendriks maak ook melding van hierdie tendens by mense wat ontwrig is: *Now "the other" is viewed differently and is found to be a brother or sister.*[276]

Toe die leierskap na God gedraai het vir hulp, het hulle ontdek dat Hy op 'n misterieuse manier 'n nuwe begin vir hulle bewerkstellig het. *They are profoundly aware of their status as broken vessels, but rediscover the treasure that God, in his mercy, puts in clay jars.*[277]

Tog was dié wat verandering teengestaan het tot 2002 in die meerderheid en so het baie geleenthede om die *missio Dei* te hoor en te beleef, verlore gegaan.

Die gemeente begin weer terugkrimp na 'n pastor grootte en later na 'n familie-grootte gemeente.[278] In plaas daarvan om hierdie tendens te aanvaar en te fokus op die *missio Dei*, is alle aandag aanvanklik steeds gerig op die behoud van lidmate en die werwing van nuwes. Die gemeente het in 'n kompetisie met ander gemeentes beland in die

[275] Hendriks. *Trauma and conflict*, 110
[276] Hendriks. *Trauma and conflict*, 5-6
[277] Hendriks. *Trauma and conflict*, 6
[278] Sien Alice Mann op p. 45 in hierdie skrywe.

mededinging om lidmate. Veral na die afskaffing van grense tussen gemeentes in die Ring, is die gemeente meer markgedrewe as missionaal gedrewe.

Vanaf 2002 is daar ŉ verandering te bespeur. Dit gaan gepaard met die verandering in die leierskap. Nuwe leiers wat die noodsaaklikheid van die onderskeiding van die *missio Dei* beter begryp het, het inisiatief begin neem. Die *ander* in die omgewing is met nuwe oë bekyk. Die leiers het besef dat hulle nie meer antwoorde het nie, maar dit het hulle nie so ontstel soos in die verlede nie. Hulle het vrede gemaak daarmee dat hulle nie die *status quo* kan handhaaf nie en begin om te soek na die wil van God vir die gemeente.

Die stryd onder die leiers het verdwyn en ŉ nuwe ervaring van die verhoudingsliefde is beleef. Die kampvegters vir die behoud van die *status quo* het hulle lidmaatskap na ander gemeentes oorgeplaas. Gepaardgaande hiermee het inisiatiewe begin om in te beweeg in die gemeenskap en die meelewingsliefde van God met die *ander* te deel. Die leierskap beleef die ervaring dat God ŉ doel het met die gemeente in diens van sy Koninkryk. Hulle visie word dan ook omskryf as dat hulle Koninkryksbouers wil wees. Miskien is dit nog nie die regte onderskeiding nie, want die Koninkryk van God word deur Homself gebou en die kerk kan slegs medewerkers in sy diens wees, maar dit bevestig die groeiende missionale bewuswording.

Daar is wegbeweeg van meerderheids- na konsensusbesluite. Verhoudings was al hoe meer belangrik. Die instituut en struktuur van die kerk was nou die vertrekpunt vir diensbaarheid, en nie meer ŉ doel in sigself nie.

In 2006 begin die leraar met die goedkeuring van die kerkraad met ŉ M.Th. in Missionale Transformasie en dit help hom en die leierskap om die *missio Dei* al duideliker te onderskei en die demografiese verandering as ŉ geleentheid te sien om die verhoudingsliefde, ontfermingsgenade en meelewingsliefde uit te leef.

God het in hierdie tyd ook nuwe geleenthede vir die gemeente geskep waarby hulle die keer met groter entoesiasme betrokke geraak het. Hulle was selfs bereid om in hierdie proses te waag en aan te pas.

4.2.6.2 Die storie

Makrokonteks

Voor 1994 – orde word gehandhaaf deur outoritêre strukture. Die kerk en die staat is vennote.

Die eerste demokratiese verkiesing vind in 1994 plaas en mnr. Nelson Mandela word die President van die nuwe regering.

Na 1994 – nuwe strukture ontwikkel. ʼn Nuwe grondwet word geskryf. Die reg van die individu kom sterk na vore. Hierdie oorgang bring aanvanklik onstabiliteit op baie terreine van die samelewing.

1995 – die Waarheid- en Versoeningskommissie kom tot stand.

1996 – die N.G. Kerk maak ʼn voorlegging aan die Waarheid- en Versoeningskommissie.

Een van die leraars van Stellenbosch-Noord tree in 1996 af, maar help nog op kontrakbasis.[279]

Heelwat selgroepe ontstaan in die gemeente en gemeentekampe en jeugkampe word gereeld gehou. Die uitreikaksie na die omgewing beklemtoon weer eens die behoefte aan ʼn alternatiewe erediensstyl. Baie van dié wat deur die aksie bereik word, gee te kenne dat hulle graag deel van die gemeente wil wees, maar hulle voel nie tuis in die eredienste nie. Hierdie saak word weer voor die kerkraad gelê, maar steeds met teenstand begroet.[280]

Die argumente is dat die uitreikspanne die mense moet motiveer om die eredienste te aanvaar soos dit gehou word. Daar mag net Psalms en Gesange gesing word en slegs met orrelbegeleiding. Selfs ʼn voorstel dat ʼn 'alternatiewe' erediens Sondagaande gehou word, word met weerstand begroet.

[279] Notule van die kerkraad 15 April 1996
[280] Notule van die kerkraad 13 Mei 1996

Die navorser wonder of dit nie die groot veranderinge in die samelewing na 1994 was wat weerstand teen verandering in die kerk by die lidmate laat ontstaan het nie. Alles het rondom hulle verander, en die kerk was amper die enigste instansie waar sommige leiers nog gevoel het dat hulle beheer kan uitoefen en status quo kan handhaaf. Tog is dit jammer dat die leierskap nie hierdie geleenthede raakgesien het nie.

Die gemeente ondersoek die moontlikheid dat Stellenbosch-Noord en Stellenbosch-Sentraal saamsmelt.[281] Stellenbosch-Noord is te klein om twee erediensstyle te regverdig. In die geval van samesmelting kan die vernuwende, alternatiewe eredienste in Stellenbosch-Noord gehou word. Lidmate wat die tradisionele styl verkies, kan die eredienste in Stellenbosch-Sentraal bywoon, en nog steeds lidmate wees van die gesamentlike nuwe gemeente – hulle het dus nie nodig om hul lidmaatskap van Stellenbosch-Noord te beëindig nie.

Hierdie besprekings vind kort-kort plaas tot en met 2008 toe daar besluit is om nie met enige ander gemeente saam te smelt nie. Stellenbosch-Noord moet sy eie missionale roeping onderskei en uitleef. Die kerkraad voel dat Stellenbosch-Noord ŉ doel en ŉ roeping het in die samelewing waar hy geleë is.

Mesokonteks

In die groter Stellenbosch het daar ŉ behoefte aan ŉ alternatiewe gemeente gegroei. Op Ringsvlak is daar voorgestel dat daar met ŉ 'Abba'-gemeente begin moes word. Dit wil sê, ŉ sewende NG gemeente op Stellenbosch wat vir ŉ bepaalde tyd deur die ander gemeentes in die Ring gedra sou word. Die stigting van hierdie abba-gemeente is nie aanvaar nie, en daar is besluit dat Noordkerk moes eksperimenteer met ŉ alternatiewe gemeente-wees.

In 1998 versoek die Ring Stellenbosch-Noord om te poog om sy bedieningstyl so aan te pas dat hy kan voorsien in die behoefte aan ŉ alternatiewe gemeente. Die leierskap het egter nie kans gesien vir hierdie radikale verandering nie, en het besluit om slegs te eksperimenteer met ŉ alternatiewe erediens Sondagaande.[282] Alle inkomste uit

[281] Notule van die kerkraad 27 Mei 1997
[282] Notule van die kerkraad 18 November 1997 en 19 Mei 1998

hierdie bediening moes deur die Finansiële Kommissie hanteer word. Daar was geen ekstra fondse vir hierdie bediening begroot nie, en ook geen hulp vanuit die Ring nie.

'n Bediening wat aan 'vreemdelinge' seggenskap gee, was vir die konserwatiewe deel van die leierskap geheel en al onaanvaarbaar. Die konteks waarbinne die gemeente moes funksioneer, het verander, maar die leierskap was vasgevang in ou strukture wat nie hierdie veranderende konteks aangespreek het nie. Die vrees dat hulle beheer sal verloor, was so groot dat hulle nie die *missio Dei* duidelik kon onderskei nie. Wat sal dan van die gemeente word as 'die vreemdeling' oorneem? Die bywoning van die aanddienste het baie toegeneem, maar daar was steeds kerkraadslede wat daarteen gekant was. Besware soos dat daar 'geweldige veranderings op alle gebiede' is en dat gemeentelede 'moeg is vir veranderinge' in die kerk is op vergaderings geopper.[283]

Die bywoning van die aanddienste het baie vinnig gegroei van 20 in die tradisionele aanddiens tot ongeveer 300 per aand. Die kerkraad het egter nie verstaan dat hierdie mense nie net 'n alternatiewe erediens gesoek het nie, maar 'n nuwe styl van gemeente-wees. Die kerkraad het wel goedkeuring gegee dat 'n 'kommissie' uit hierdie 'nuwelinge' saamgestel kan word om die aanddienste te ontwikkel en te bestuur. Sterk leiers het hulleself beskikbaar gestel om op hierdie bestuur te dien. Die probleem was dat die leiers na hierdie mense gekyk het as potensiële lidmate, maar hulle nie verstaan het nie. *To love someone is not to look at that person, but to look in the same direction.*[284]

Tydens die eerste vergadering van hierdie bestuur is die volgende sake geopper:

- geestelike toerusting,
- kategese vir die kinders, anders as die tradisionele kategese tydens die oggenddiens,
- selgroepe,
- verskuiwing van hierdie erediens na die oggend, in die kerksaal,
- nuwe en ekstra musiekinstrumente en klanktoerusting,
- bestuur van eie begroting of self-ingesamelde fondse,ensovoorts.

[283] Notule van die kerkraad 23 Augustus 1999
[284] Kritzinger. *A Question of Mission,* 14

Hulle wou dus deel wees van ʼn parallelle 'gemeente' of bediening wat sy eie sake bestuur.

Hiervoor was die leierskap van Stellenbosch-Noord nie gereed nie:

- Geen fondse is vir hierdie bediening begroot nie.
- Kollektes wat tydens die aanddienste opgeneem is, moes in die kerkkas inbetaal word en is deur die Kerkraad bestuur.
- Nuwe/ander musiektoerusting kon dus ook nie aangekoop word nie.
- Toestemming vir aandkategese is geweier.
- ʼn Tweede oggenddiens was totaal onaanvaarbaar.

Frustrasie het die groep wat tydens die aanddienste leiding geneem het, lam gelê. Hulle wou iets nuut begin en daar was baie energie, maar as gevolg van teenstand en afsydigheid het hulle soos indringers gevoel en nie ervaar dat hulle deel is van die gemeente nie, maar eerder deel van ʼn projek van die gemeente. Hulle het gevoel dat die aanddienste maar net nog ʼn manier is om mense in te trek in die bestaande bediening en hulle bydraes te bekom. As sake nie verbeter nie, wil hulle nie meer deel van die gemeente wees nie. Die leiers het volstrek geweier om na hierdie lidmate en nuwe besoekers te luister en hulle gesien as mense wat die gemeente wil 'oorneem.'

Die navorser wonder of die drang om te beheer nie die kerkraad verblind het vir wat God aan die doen was in die gemeente nie. Verder is die navorser van mening dat die kerkraad van Stellenbosch-Noord en die Ring van Stellenbosch die geleentheid om deel te wees van ʼn wonderlike bediening op die dorp, deur hulle vingers laat glip het.

Volgens die webtuiste van Stellenbosch Gemeente[285] is dit duidelik dat hulle die missionale gemeente is waarvan ʼn kerngroepie van die leierskap van Stellenbosch-Noord in 1998 gedroom het om te wees, maar toe nie die onderskeiding gehad het om die om dit op hierdie pad van transformasie te waag nie.

[285] http://www.sg.org.za/ . Laaste besoek op 7 Oktober 2009.

Die verslaenheid van die gemeente en die gebrokenheid van die mense in die omgewing het hulle geestesoë stelselmatig verhelder en die gebed van Paulus is in Stellenbosch-Noord beantwoord: *Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo.*[286]

Die daaropvolgende tyd was gekenmerk deur ʼn hernude soeke na God se wil. Na aanleiding van ʼn reeks preke oor die inkarnasie van Christus, die verhoudingsliefde, ontfermingsgenade en meelewingsliefde, en die daaropvolgende besinning oor die tekste, het die leierskap al hoe meer missionaal begin dink. Dit was ʼn gemeente waarin die *ou planne* nie meer wou werk nie, en waar daar in die *missio Dei* nuwe hoop gevind is. Die *missio Dei* het stadigaan begin om die praksis van die gemeente te word. In die missionale praksis het hulle God opnuut ontdek.

Makrokonteks

1999 – Die N.G. Kerk word tot die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke hertoegelaat.

Die leierskap was ook moedeloos met die voortdurende stryd om die gemeente se boeke te laat klop, en met die gebrek aan fondse om te doen wat hulle voel hulle moet doen. Daar is ʼn voorstel op die tafel gelê dat die gemeente dit moet oorweeg om ʼn deel van die kerkgrond vir ontwikkeling af te staan om sodoende skuld te delg en fondse te genereer. Op 25 Mei 1999 is ʼn ooreenkoms met ʼn maatskappy aangegaan om die eiendom te ontwikkel. Van die leiers was baie ten gunste van die inisiatief en het die gemeente verteenwoordig op die bestuur van die maatskappy. ʼn Deel van die leierskap was egter teen die ontwikkeling gekant, omdat hulle graag ʼn skuiling vir straatkinders wou oprig op daardie stuk grond, maar hierdie voorstel is nie eers oorweeg nie.

Die navorser kan nie anders as om op die pad van die geskiedenis terug te kyk en te sien dat ʼn groot deel van die energie weer in die ontwikkeling van geboue, die opstel

[286] *Die Bybel Nuwe Vertaling*, Efes 1:18-19

van kontrakte, ens. gegaan het nie. Die bates moes weer eens in kontant omgesit word ter wille van oorlewing.

Die projek het aanvanklik nie verloop soos die inisieerders verwag het nie en die inkomste wat gegenereer sou word, het nie gerealiseer nie. Op die vergadering van 26 Februarie 2001 word vermeld dat daar op 12 Februarie van dieselfde jaar ŉ vergadering met die ontwikkelaars gehou is en dat verneem is dat alhoewel daar reeds met die ontwikkeling begin is, ŉ ontwikklingsmaatskappy nog nie gestig is nie. Drie kerkraadslede is as direkteure aangewys om die gemeente te verteenwoordig.[287] Tog het die gemeente sonder hierdie fondse oorleef – hulle moes leer dat hulle op God kan staatmaak.

Die navorser wonder of die gemeente mooi geluister het na God. Miskien het die verandering in die demografie van die omgewing en die dalende lidmaattal, met gepaardgaande finansiële druk, weer daartoe bygedra dat die leierskap van die gemeente hulle missionale visie uit die oog verloor het. Dit het weer grotendeels daaroor gegaan dat daar fondse gegenereer moet word om die gemeente aan die gang te hou. Was die gemeente werklik met God se plan besig? Het hulle gesien waar God aan die werk is? Het die Ring van Stellenbosch die gemeente weer eens aan hulle eie lot oorgelaat? Het die Ring ook die geleentheid misgekyk om in Stellenbosch-Noord ŉ nuwe manier van gemeente-wees te begin? Was die gemeentes van die Ring nie ook maar in hulle eie oorlewingstryd vasgevang nie?

Dit is ŉ tyd waarin die ontwikkeling van ŉ deel van die kerkperseel baie aandag geverg het. Tydens die kerkraadsvergadering van 19 Februarie 2000 is die kommer uitgespreek dat die gemeente nie meer kan bekostig om ŉ voltydse leraar in diens te hê nie.[288] Daar is gevoel dat die gemeente nou dringend nuwe lidmate moet werf in die nuwe en meer gegoede uitbreidings binne die tradisionele grense van Stellenbosch-Noord. Die probleem was dat die nuwe intrekkers in daardie areas baie meer was as die handjievol lidmate wat daar gewoon het. Hierdie lidmate was nie bereid om na die vreemdelinge uit te reik nie. Die leierskap het toe besluit om ŉ

[287] Notule van die kerkraad 26 Feb 2001
[288] Notule van die kerkraad 19 Feb 2000

bekendstellingspamflet saam te stel om in hierdie woongebiede uit te deel. Die hoop was dat dit mense na die eredienste sal lok.

Die navorser meen dat die leierskap dalk juis die mense van die tyd mis deur hierdie benadering. Daar was geen waarneembare reaksie op die pamflette nie.

Nog ’n terugslag het die gemeente getref toe die Sinode op versoek van die Ring van Stellenbosch alle hulp aan die gemeente onttrek en besluit dat alle bediening aan studente (insluitende Elsenburg met wie daar ’n jarelange verbintenis was) nou deur Studentekerk behartig moes word. Die dienswerkers (Kweekskoolstudente), wat waardevolle bydraes gelewer het en grootliks gehelp het met die uitreike, kon nie meer bekostig word nie. (In die begroting van 2001 is die Sinodale bydrae reeds uitgelaat.[289])

Lidmate en ander wat die alternatiewe eredienste in die saal bygewoon het, begin aansluit by die nuutgestigte Stellenbosch Gemeente (AGS). Die alternatiewe dienste sterf ’n stadige dood.

> ***Mesokonteks***
>
> *Vanuit die AGS geledere kom nuwe inisiatief vir ’n alternatiewe gemeente om die postmoderne inwoners van Stellenbosch te akkommodeer, en die Stellenbosch Gemeente van die AGS word in 1999 gestig.*

Op hierdie stadium het die AGS-gemeente slegs 37 lidmate gehad.[290] Die gemeente groei radikaal – *in church-size terminology, from a family church to a pastor-, to a programme-, to a corporate-sized church in less than 18 months*.[291] 95% van die lidmate van hierdie nuwe gemeente kom uit die 6 Nederduits Gereformeerde gemeentes van Stellenbosch.[292] Hier was nou die lang verwagte tuiste waarna baie gesoek het, ook dié wat ontuis begin voel het in Stellenbosch-Noord omdat die kerkraad hulle nie wou toelaat om inisiatief te neem nie. Hier was die gemeente wat

[289] Notule 21 Mei 2001
[290] Hendriks. *Studying congregations*, 159.
[291] Hendriks. *Studying congregations*, 159.
[292] Hendriks. *Studying congregations*, 159.

sommige van die leiers van Stellenbosch-Noord graag wou wees, maar die gemeente self was nie gereed om die skuif te maak nie.

> *Vandag is Stellenbosch Gemeente die missionale kerk wat Stellenbosch-Noord of 'n ander abba-gemeente in die Ring van Stellenbosch kon wees as hulle net die* missio Dei *reg verstaan het en geluister het na die nood en die behoeftes van die mense in die omgewing.*[293] *Een van die sinne in die identiteitsverklaring van Stellenbosch Gemeente lui:* 'n Missionale gemeente is 'n geloofsgemeenskap wat alle mense uitnooi om God se liefdevolle sending na hierdie wêreld toe uit te leef.[294]
>
> *Nog 'n dramatiese verandering het die omgewing van Stellenbosch-Noord getref. Die opheffing van die groepsgebiedewet het nou 'n sigbare impak op die demografiese samestelling van die gemeenskap begin toon. Die drie groot munisipale woonstelblokke reg langs die kerk (elk met 72 wooneenhede), wat vroeër hoofsaaklik blanke Afrikaansprekendes was waarvan die meeste aan die NG Kerk behoort het, word in so 'n mate deur bruin en swart mense vervang dat slegs vandag (2008) ongeveer 10 lidmate oorbly. Baie lidmate van die VGK en 'n verskeidenheid ander kerkgenootskappe, asook ander gelowe, trek hier in. Daar is baie armoede en werkloosheid onder hierdie mense. Baie woonhuise in die omgewing word gesloop om plek te maak vir woonstelblokke, en ander eenhede word verkoop en in studentehuise verander. 'n Groot deel van die gevestigde lidmate van Stellenbosch-Noord trek weg uit die omgewing.*

Nie net kry die gemeente finansieel swaar nie, maar skielik verhuis baie lidmate, en meer armes en 'vreemdes' trek in – nie net in die munisipale woonstelblokke nie, maar ook in die ander nuwe woonstelblokke rondom die kerk. Die Welgevonden-woonbuurt brei vinnig uit. Die afskaffing van grense tussen gemeentes[295] veroorsaak dat Stellenbosch-Noord in hierdie buurtes moet kompeteer met ander gemeentes wat aktief daar uitreik. Die gemeente moes besluit of hulle gaan probeer om sy

[293] http://www.sg.org.za/ soos op 7 Oktober 2009
[294] http://www.sg.org.za/ soos op 7 Oktober 2009
[295] Notule van die kerkraad 31 Oktober 2000

‘markaandeel’ in hierdie meer welgestelde dele van die dorp te vergroot, of gaan hulle daarop konsentreer om die armes in die onmiddellike omgewing te bedien.

’n Tyd van besinning en soeke na die wil van God breek aan. Die leierskap het nie meer antwoorde vir sy bedieningsuitdagings nie. Algaande word meer tyd tydens vergaderings aan die bestudering van die Woord en aan gebed spandeer. Dit word al hoe dringender om die wil van God vir hierdie gemeente te onderskei.

Nog lidmate verlaat die gemeente omdat hulle voel dat hulle kinders saam met hulle maats kerk toe moet kan gaan, en ook omdat hulle deel wou wees van ’n groter aanbiddingsbyeenkoms. Dié wat in die gemeente aanbly, beleef ’n ernstige krisis: Wat doen ons verkeerd? Moet ons ook maar tou opgooi? Sal die gemeenskap agterkom as die gemeente nie meer bestaan nie?

Tog is daar dié wat voel dat die gemeente wel ’n bepaalde rol het om in die gemeenskap te speel. Die *missio Dei* word stadig maar seker onderskei. Vir die eerste keer in die bestaan van die gemeente is die vraag op die tafel: Wat is dit wat God van ons in hierdie omgewing verwag?

Geestelike toerusting in die gemeente begin meer aandag geniet. Besinning oor die doel en roeping van die gemeente vind gereeld plaas. Daar word ’n beplannings-kommissie benoem om ’n strategie vir die gemeente uit te werk en voor te lê. Die hoop is dat dit die leierskap nader sal bring aan die onderskeiding van die *missio Dei*.[296]

Baie tyd word aan hierdie opdrag spandeer en ’n strategie word netjies uiteengesit en so aan die kerkraad voorgelê. Die navorser gee ’n weergawe van die voorstel aangesien dit perspektief gee aan die leierskap se soeke na nuwe identiteit en die onderskeiding van die *missio Dei*.

Ons visie:

Jesus se opdrag ons strewe

[296] Notule van die Kerkraad 31 Oktober 2000

Ons missie

Om 'n dinamiese gemeente van Geesvervulde gelowiges te wees, wat op 'n Bybelse wyse die Drie-Enige God dien tot seën vir die wêreld.

Ons doelstelling

Verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar. Mekaar lief te hê. Mekaar te bemoedig. Mekaar toe te rus volgens die gawes van die Heilige Gees, tot seën vir die nasies.

Strategie

- **Geestelike versorging**

Selgroepe, wyke, groepe vir geestelike, emosionele en fisiese ondersteuning. Pastorale ondersteuning

- **Eredienste**

Lofprysing, aanbidding, getuienisse en Woordbediening.

- **Evangelisasie**

Toerusting van die gemeente deur dienswerk en groei

- **Sending**

Die uitdra van die Evangelie aan die onbereiktes, afgedwaaldes en soekendes. Die ondersteuning van sendelinge.

Uit hierdie voorstel kan afgelei word dat die leiers stadig maar seker besig was om die paradigmaskuif te maak van'n gemeente wat gerig is op voortbestaan, na ' gemeente wat die missio Dei *onderskei het. Tog is dit duidelik dat daar nog 'n sterk gerigtheid na binne was en die missionale opdrag is nog steeds verstaan as iets wat die gemeente aan ander doen. Die koninkryk van God is verstaan as die verantwoordelikheid van die gemeente en nie 'n werking van die Drie-Enige God nie. Die leierskap was hier aan die transformeer, maar hulle was nog nie die geloofsgemeenskap wat die vreemdeling verwelkom en hulleself sien as arbeiders in God se Koninkryk wat hulle nie self kan bou nie.*

In hierdie tyd kanselleer die gemeente hulle oortrokke bankfasiliteit. Dit is ŉ geloofstap en God is getrou. Skielik kan die gemeente sy verpligtinge nakom sonder om skuld te maak. Dit is asof die lidmate besef dat, as hulle nie hulle deel doen nie, die gemeente nie kan bestaan nie. Dit het tot gevolg dat die leierskap groter verantwoordelikheid aanvaar.

Baie moeite word gedoen om die oggenddienste meer interessant, aanskoulik en gasvry in te rig. Al hoe meer simboliek word gebruik, en lidmate word betrek in die orde van die erediens. Meer vernuwende liedere, selfs Engelse liedere, word gesing. Anders as in die verlede, is die gemeente nou baie ontvanklik vir hierdie nuwe styl.

Die navorser merk op dat die leierskap nou meer en meer bereid was om te waag. Die vraag is al hoe meer gevra: Wat kan ons doen om in diens van die Koninkryk te staan? Wat is ons missionale taak? Waarom is ons hier en wat is ons roeping?

Dit word duidelik dat God die gemeente roep om uit te reik na die mense en die geweldige nood in die onmiddellike omgewing, ongeag ras of kleur of nasionaliteit. Nuwe leiers tree na vore. Maar sonder die nodige surplusfondse en sonder lidmate wat die tyd het om hierdie dinge te doen, is die leierskap raadop. Baie van die leiers en lidmate is werkendes wat van vroeg tot laat besig is net om die pot aan die kook te hou in ŉ veeleisende wêreld. Uitreike na die woonstelle in die omgewing word aangepak, maar omdat die opvolgwerk nie gedoen kan word nie, is dit minder suksesvol. Die nood in die omgewing is eenvoudig te oorweldigend.

ŉ Groepie boere stig ŉ fonds en stel voor dat ŉ lid van die organisasie Free-to-Serve in diens geneem word om die leraar te help met uitreike in die omgewing – hierdie persoon sou deur die fonds vergoed word, en nie uit die kerkkas nie. Hierdie tweede rondte van uitreike bring ander struikelblokke aan die lig. Onder die bruin inwoners is daar nog baie weerstand om by ŉ blanke gemeente in te skakel. Verder is die styl van Stellenbosch-Noord se eredienste vir hulle vreemd – hulle behoefte is aan ŉ meer formele erediens waar daar ook VGK-liedere gesing word.

Die navorser neem waar dat die styl van die erediens van Stellenbosch-Noord weer eens nie aan die behoeftes van die omgewing beantwoord het nie. Aan die een kant

was daar die bruin gemeenskap wat op soek was na ʼn meer konserwatiewe erediens, en aan die ander kant was daar die postmoderne mense wat groter vernuwing wou hê. Dit was by verre nie genoeg om net te sê dat die gemeente se deure oopstaan vir almal nie, dat mense uit enige ras/kultuur lidmaat mag word nie, dat ons graag ʼn interkulturele gemeente wil wees nie.

Die uitreike na die bruinmense in die omgewing bou brûe en ʼn paar mense sluit aan by die gemeente, omdat dit vir hulle gerieflik is met ʼn kerk so naby aan hulle woonplek. Aanvanklik is dit ʼn nuwe ervaring vir die gemeenskap. Twee vroue uit die bruin gemeenskap word as diakens voorgestel.

Maar met verloop van tyd ontstaan daar probleme as gevolg van botsende kulture en behoeftes. Toe die bruin kinders na die Kategese begin kom, wil sommige van die blanke kinders nie meer die klasse bywoon nie. Die nuwe bruin lidmate vra dat daar tydens die eredienste ook VGK liedere gesing moet word. Hierdie liedere word van tyd tot tyd in die liturgie ingesluit, maar die sommige lidmate vind dit baie vreemd en selfs onaanvaarbaar. Verder het hulle ʼn behoefte aan bedieninge soos Manne- en Vrouebonde, wyksbidure, jeugligas, ens. waaraan hulle in die VGK gewoond was. Die bruin lidmaattal is te klein om sulke bedieninge op die been te bring, en die blanke lidmate stel nie daarin belang nie.

Die probleme tussen die bruin en wit kinders in die Kategese was nie net as gevolg van rassisme nie, maar het ook te doen gehad met botsende kulture en verskille in opvoeding, lewenswyse en dissipline.

Daar word nie genoegsame pogings aangewend om hierdie mense deel te laat voel van die gemeente nie. Van die bruin mense begin ontuis voel en woon nie meer die eredienste by nie.

Die navorser is van mening dat die gemeente weer eens ʼn gulde geleentheid om ʼn alternatiewe geloofsgemeenskap te wees, laat verbygaan het.

Dit is nie net die bruin mense wat nie meer die eredienste bywoon nie, maar ook baie van die wit lidmate verlaat die gemeente om hulle kinders by ander Kategesegroepe te

laat inskakel. Dit plaas verdere druk op die gemeente. Onsekerheid bring die leierskap weer by die vraag: Is Stellenbosch-Noord se voortbestaan nog sinvol?

Stemme begin opgaan dat die gemeente moet ontbind. Ander voel dat die hulp van die Ring ingeroep moet word. Samesmelting met ander gemeentes word weer voorgestel. Tog is die meerderheid van die leierskap van mening dat God nog ŉ plan met die gemeente het. Hierdie onderskeiding en aanvoeling van die *missio Dei* veroorsaak dat die gemeente nie ontbind nie. ŉ Sterk en samehorige leierskap gee die res van die lidmate moed.

Te midde van al hierdie woelinge is daar ŉ oplewing in die gebedslewe van die gemeente. Baie lidmate raak betrokke by Stellenbosch Gebedswag en ander aanbiddingsgeleenthede. Die Gebedswag is ŉ bediening wat vanuit die gemeente geïnisieer word ná ŉ moord in Pinestraat, Cloetesville. Hierdie Gebedswag lei tot een van die eerste versoeningsbyeenkomste op Stellenbosch, waar wit en bruin en swart mekaar om verskoning vra vir rassisme en onverdraagsaamheid. Vanuit alle denominasies trek mense saam om vir die dorp te bid.

Die gemeente raak toenemend betrokke by die Muldersvlei Rehabilitasiesentrum vir alkoholiste en dwelmverslaafdes. ŉ Sendelingpaar in Indië word ondersteun. Intussen bly die nood op die gemeente se deurdrumpel nog onaangespreek.

Die *missio Dei* begin sterker gestalte kry na 2002:

Die finansiële selfstandigheid van die gemeente is nie meer die leierskap se grootste besorgdheid nie. Hulle aandag is nou gevestig op die demografiese veranderinge soos reeds hierbo verduidelik, en hoe hulle by God se Koninkryk betrokke kan raak. Hulle besef dat dit ŉ saak is wat Goddelike insig en wysheid sal verg.

Die houding van die mense teenoor die kerk het ook verander, en die kerk se invloed op die gemeenskap was nie meer so groot soos in die verlede nie. Baie mense voel dat hulle nie meer die kerk nodig het nie. Die leierskap is raadop, omdat hulle nie meer weet hoe om op ŉ relevante manier kerk van Christus te wees nie. Sommige gevestigde lidmate voel sterk dat die leiers net meer huisbesoeke moet doen, dan sal

alles weer regkom. Die leierskap weet dat huisbesoeke belangrik is, maar dat dit nie die enigste antwoord is nie.

'n Paar lidmate probeer om die evangelisasie-program, wat in die verlede so goed gewerk het, weer te implementeer, maar met ontnugterende gevolge. Eerstens is die groepie wat kans gesien het om hierdie werk te doen, te klein om werklik 'n impak te maak. Tweedens is die ontvangs by die deure van vreemdelinge nie baie positief nie. Die mense is skepties oor hierdie uitreik en beskou dit as net nog 'n poging om lidmate vir die gemeente te werf. Hulle is soms selfs aggressief omdat hulle by die huis gesteur word.

Die leuse van die gemeente is dat hulle 'n beweging van koninkryksbouers wil wees, maar hulle het steeds probeer om die gemeente en sy programme te handhaaf. Mense en hulle fondse was nodig om hierdie strukture in stand te hou. Was dit onderliggend die motief vir die uitreike na ander?

Die verlede kan 'n struikelblok vir die hede wees, veral as daar momente van sukses was waar dit ervaar is dat God geseën het. Leiers gryp maklik terug na die suksesresepte van die verlede en redeneer dat die ou dinge net weer goed gedoen moet word, dan sal God weer seën, in plaas daarvan om te probeer onderskei wat God se wil vir die hede is.[297] *Hierdie teruggrype is baie maal pogings van die leiers om weer gesag en beheer te kry in die hede.*[298]

Die leierskap begin opnuut dink oor die dieperliggende motiewe agter die uitreikpogings. Hulle wou, soos die 72 wat Jesus in Lukas 10 uitstuur, in gehoorsaamheid na die mense toe gaan, maar ontdek dat hulle nie ter wille van die mense en hulle nood gegaan het nie, maar ter wille van die voortbestaan van die gemeente.

Hoewel die bestaan van die gemeente belangrik is, besef die leiers dat dit nooit die fokus moet wees nie. Mense wil graag deel wees van 'n lewendige gemeente met 'n groot getal lidmate wat die eredienste bywoon, en bedieninge wat die verbeelding

[297] Keel. *Intuitive Leadership*, 97
[298] Keel. *Intuitive Leadership*, 99

aangryp – iets waarop hulle trots kan wees. Stellenbosch-Noord het na die groot gemeentes op die dorp gekyk en besef dat daar nie met sulke bedieninge meegeding kan word nie.

Die groot vraag van die leierskap is: wat nou? Hulle het nie geweet hoe om op ʼn ander manier by die gemeenskap betrokke te raak nie. As hulle dan uitreik na mense ter wille van die mense, sal daar mooi na hulle geluister moet word om te hoor wat hulle behoeftes is – maar hoe? Hulle kan nie maar net aan ʼn deur gaan klop en sê: *Ons besoek julle om te hoor wat julle behoeftes is sodat ons julle kan help* nie. Die leierskap besef dat so ʼn benadering baie arrogant kan voorkom, asof die mense in nood is en die kerk al die antwoorde het. Miskien moet die eredienste verander word om mense te lok, maar wat moet anders aangebied word wat nie reeds in die dorp gedoen word nie? Wat moet gedoen word om mense te oortuig om by die gemeente aan te sluit? Op die ou end is die gevaar dat Stellenbosch-Noord deel raak van bloot ʼn wedywering om lidmate. Wat sal die Koninkryk van God dan hierby baat? Kan hierdie wedywering om lidmate ʼn *missio Dei* wees? Die leierskap bevind hulleself maar weer in ʼn woestyn.

Al wat die leierskap kon doen, is om hulle voor God te verootmoedig en om leiding te vra. ʼn Nuwe fase breek nou aan – tydens vergaderings word eers langer tyd aan besinning oor die Bybel en gebed afgestaan, en daarna is daar ʼn groter bereidwilligheid om na mekaar te luister. Hulle luister na die Woord, na die omgewing en dan na mekaar.

Elke eerste Sondag van die maand word die tradisionele aanddiens vervang deur ʼn interkerklike diens waarby vier ander gemeentes van die dorp inskakel - drie VGK-gemeentes en ʼn charismatiese gemeente.[299] Elke gemeente kry ʼn beurt om die diens te lei, en daardie gemeente rig dan die liturgie in volgens sy gewoonte en styl. Dit is ʼn groot sukses, en baie getuig dat hulle die besondere teenwoordigheid van die Here ervaar. Hierdie dienste word vandag nog gehou.

[299] Op die vergadering van 3 Mei 2004 word vermeld dat die dienste geslaagd is.

Hierdie interkerklike dienste bring mee dat mense uit die bruin gemeenskap stelselmatig weer meer vrymoedigheid kry om die eredienste van Stellenbosch-Noord by te woon. Baie is egter steeds onseker en skakel dan die leraar om uit te vind of hulle daar welkom sal wees. Hulle word met ope arms aanvaar. Die uitdaging bly steeds om sinvol kerk te wees vir mense uit verskillende dele van die samelewing.

Hoe duideliker Stellenbosch-Noord na die armes en die vreemdeling in hierdie omgewing geroep word, hoe meer raak die leierskap bewus van die benarde finansiële situasie van die gemeente. Hoe kan die armes gehelp word as die gemeente die armste gemeente in die Ring is? Selfs ŉ versoek aan die Ring om te help met hierdie nuwe uitdagings het nie vrugte afgewerp nie.

Die navorser wonder of die leierskap in daardie stadium in staat was om hulle behoefte duidelik te omskryf – wat presies het hulle van die Ring verwag?

Toe nie een van die leierskap se planne wou werk nie (samesmelting met een of meer van die ander NGK-gemeentes in Stellenbosch, samewerkingsooreenkomste, hulp vanaf die Ring van Stellenbosch, ens.), besluit hulle om op God te wag, Hy, die God van wonders, sal voorsien. *Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel*[300] word gereeld in die eredienste as riglyne uit die Woord voorgelees.

Kort hierna kom ŉ ou boemelaar hulp soek by die gemeente. Na gereelde gesprekke en die verloop van ŉ paar weke kom die man dramaties tot bekering, en los dadelik sy drankmisbruik. Die gemeente borg hom om elke aand in die Nagskuiling te slaap (waar hy nie toegelaat was toe hy nog ŉ alkoholis was nie). Hy begin die eredienste bywoon, en verwelkom selfs die kerkgangers by die deur en deel die erediens-programme uit. Eers is die lidmate afsydig en agterdogtig, maar later ken almal vir ou Mike.

Teen hierdie tyd eet Mike en die leraar elke Donderdagoggend saam ontbyt en daarna doen hulle Bybelstudie. So begin hulle saam ŉ geestelike pad stap. Nie lank na die

[300] *Die Bybel Nuwe Vertaling*. Matt 5:3

eerste ontbyt nie, bring Mike ’n vriend saam wat ook ‘van die Here moet hoor.’ So bring hy al meer haweloses na die kerk toe. Lidmate uit die gemeente raak betrokke deur finansiële bydraes vir hierdie bediening, of deur beurte te maak om ontbyt voor te berei. Stadigaan groei die groep tot 45 mense wat elke week saam eet. ’n Paar van hulle kom tot bekering, en heelwat los die drankmisbruik. Party kry selfs werk en begin selfstandig raak. Enkeles van hulle woon die eredienste by.[301]

Een aand sterf een van hierdie haweloses in die Nagskuiling na ’n asma-aanval. Die res van die groep is baie ontsteld hieroor. Die gesprekke tydens die ontbyt handel hierna gereeld oor die tydelikheid van die lewe en die gawe van die ewige lewe.

Marius, ’n jongman van 30, begin met ’n ouderling (wat deel is van hierdie bediening) gesels oor sy lewe en oor God. Die ouderling deel die evangelie met hom, en hy gee sy lewe vir die Here. Voorheen was sy klere is verslete en vuil, en hy was gereeld onder die invloed van drank. Hy het nog nooit ’n vaste werk gehad nie. Vir die eerste keer begin hy droom om ’n skoonmaker wees. Die groep en die gemeente begin vir hom bid en vra dat God sy droom sal verwesenlik. Kort hierna kry hy werk as skoonmaker by een van die groot winkelsentrums in Stellenbosch. Hy word ’n diaken in sy kerk, en vaar so goed dat hy as bestuurder van die skoonmakers aangestel word. Hy kan selfs sy eie verblyf bekostig. Hy bemoedig op sy beurt ander haweloses en word gereeld deur gemeentes en Bybelstudiegroepe genooi om sy getuienis te deel.

Die navorser vermeld dat Marius nie by Stellenbosch-Noord ingeskakel het nie bloot omdat die kerk ver van sy blyplek af is. Hierdie bediening het van die gemeente geld en tyd en energie gevra, maar die leierskap het besef dat hulle in die Koninkryk van God werk, en nie net om die lidmaattal van die gemeente te vergroot of om die finansies te verbeter nie. Die vraag is nie meer soos in die verlede: Wat kry ons hieruit? nie, maar: Hoe baat dit die Koninkryk? Dit op sigself was die begin van ’n totaal nuwe benadering tot gemeente-wees. Gasvryheid en liefde het hulle op nuwe spore begin plaas, en die leierskap het besef dat daar ander maniere is om uit te reik as die ou evangelisasie-styl.

[301] Op 1 November 2004 word daar tydens ’n Getuieniskommissie-vergadering vir die eerste keer in ’n notule van hierdie bediening melding gemaak.

Uitreike na die sub-ekonomiese woonstelblokke langs die kerk word weer aangepak deur bloot aan huis van die mense te gaan en te luister na hulle nood. Dit is verbasend hoe maklik hierdie mense oor hulle behoeftes praat, maar die nood is so oorweldigend dat die leierskap weer eens gesoek het na maniere om dit aan te spreek.

Planne word beraam om die kerksaal se kombuis in te rig om die voorbereiding van groot hoeveelhede kos moontlik te maak. 'n Instansie buite die gemeente skenk 'n groot bedrag vir hierdie projek, en die nodige toerusting word aangekoop en die bouwerk gedoen. Op die stadium toe besluite geneem moet word oor die bedryf van die kombuis, maak die leierskap kontak met 'n aksie wat reeds daagliks voedsel verskaf by verskillende verspreidingspunte in die dorp. Stellenbosch-Noord gaan 'n vennootskap aan met hierdie aksie en die kombuisprojek word 'n florerende bediening. Die kos, wat aan 3 500 mense verskaf word, word wel nie alles in hierdie kombuis voorberei nie, maar die verspreiding daarvan word hiervandaan gekoördineer. Nou besef die leierskap dat die vennootskap wat God vir hulle in gedagte gehad het, nie met 'n ander gemeente moes wees nie, maar met 'n ander, reeds gevestigde bediening.

Die navorser merk dat iets van die menswording van Jesus nou begin inslag kry. Die Jesus wat in die 'neighbourhood' ingetrek het en wat sy kerk roep om Hom te volg. Die roeping na die armes in die omgewing word duidelik gehoor. *Poverty is the most important sign of the missionary church, because Jesus' mission was fulfilled by his becoming poor. Living together with the poor, or with others on the cultural or political margins, is seen as the key to the promise of God's missionary presence.*[302]

Vroeër is gemeld van 'n groepie boere wat 'n fonds gestig het om iemand in diens te neem om in die arm gemeenskappe rondom die gemeente te werk. Dieselfde boere stig nou 'n Artikel 21-maatskappy sodat meer fondse van buite die gemeente nou gekanaliseer kan word aan maatskaplike bedieninge om die nood in die omgewing te probeer aanspreek. Op hierdie manier word kospakkies uitgedeel en aktiwiteite gereël vir die kinders en jongmense van die munisipale woonstelblokke.

[302] Richebacher. *Missio Dei*, 594

ʼn Vrou in die gemeente was vir jare ʼn verpleegsuster by ʼn provinsiale hospitaal, maar sy moes op vroeë pensioen gaan as gevolg van ernstige depressie en angstigheid. Talle beradingsessies het geen verligting gebring nie – sy het steeds waardeloos gevoel. In ʼn poging om die nood aan te spreek wat tydens uitreike vasgestel is, het hierdie dame begin om bejaardes se voete te versorg. Toegerus met ʼn plastiek-kommetjie, seep, rome en ʼn naelknipper stap sy van die een na die ander woonstel en dien die mense. Terwyl sy met die ouma werk, vertel sy Bybelstories vir die kleinkinders wat bedags by die ouma bly. Hieruit groei ʼn kleuterklub, wat sy die Kameelperdjies noem. Gaandeweg wen sy mense se vertroue en selfs jonger dames bring hulle kwelvrae na haar toe. Sy help gestremde kinders en verwys mense na klinieke waar nodig.

Sy praat openlik met hulle oor Jesus. Selfs mense van ander godsdienste laat haar in hul huis toe, en sy praat met hulle oor haar 'God Jesus' sonder dat hulle aanstoot neem. Die depressie is iets van die verlede, en sy praat met groot vrymoedigheid voor gehore. Sy en die leraar ontmoet mekaar tweeweekliks om oor haar bediening te gesels. Die leierskap probeer haar nie beheer nie, maar vra eerder wat sy nodig het en hoe hulle haar kan help.

Die gemeente word in 2005 uitgenooi om deel te word van die Suid-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes, maar besluit in 2006 om nie meer daarmee voort te gaan nie. Die leraar (navorser) begin op voorstel van die SAVGG met ʼn M.Th. in Missionale Transformasie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die leierskap moes aan hulself erken dat hulle liefde vir die gemeente groter was as hulle liefde vir die Koninkryk. Daar is weer gekyk na die betekenis van Joh 1:14 – *die Woord het vlees geword en onder ons kom woon.* Gedurende die eerste kwartaal van 2007[303] het die leraar vier keer oor Johannes 1:1-14 gepreek met die temas: die inkarnasie van Christus; die voortvloeiende verhoudingsliefde, ontfermingsgenade, en meelewingsliefde. Dit, saam met ander besprekings, gebeurtenisse en preke, het waarskynlik aanleiding gegee tot ʼn dieper onderskeiding van die *missio Dei*.

[303] Konsistorieboek van 2007

Die gehoorsaamheid aan die *missio Dei* bring ŉ verandering in die leierskap. Hulle besef dat hulle nie alles kan en moet beheer nie, maar eerder saam moet luister na wat God besig is om te doen.

Voorheen is verskillende projekte aangepak om lidmate te werf en fondse in te samel sodat die gemeente kan oorleef, en as daar surplusfondse was, is na die gemeenskap uitgereik. Nou is dit nie meer die voortbestaan van die gemeente wat die hoofsaak is nie, maar die bedieninge wat God aan haar toevertrou het.

Die leierskap weet nou dat dit nie help om slim besluite te neem nie, maar dat wysheid nodig is om die hede te verstaan (waar is ons?), uit die verlede te leer (waar kom ons vandaan?) en dan Jesus te volg (waarheen is ons op pad?).

*Wanneer Jesus mense roep om sy volgelinge te wees, impliseer dit dat Hy nie op een plek gaan bly nie – Hy beweeg voortdurend en vra dat mense saam met Hom moet beweeg, dit wil sê volg. Gestuurdheid is in wese volgelingskap. Die 'gaan' (*missio Dei*) is om gehoorsaam te wees aan die roepstem vanaf die plek waarheen die volgeling op pad is (*munis Dei*). God is alomteenwoordig en nie gebonde aan plek of tyd nie. Hy is saam met die een wat Hy stuur, en Hy stuur na waar Hy reeds aan die werk is. Die volgeling gaan nie alleen nie.*

Volgelingskap roep die gemeente om te waag en met risiko's te leef. Dit het Stellenbosch-Noord ervaar toe lidmate wat groot bydraes gegee het, die gemeente verlaat het omdat hulle nie meer saamstem met die rigting waarin die leierskap beweeg nie, en ook nie deel wil wees van ŉ gemeente waar boemelaars hulle tuisvind nie. Omdat daar geen oortrokke bankfasiliteite is nie, is die leierskap benoud oor die finansiële situasie – selfs die leraar se salaris elke maand is nie eers gewaarborg nie. Tog voorsien God in so ŉ mate dat die gemeente se fondse steeds groei. Die maandelikse dankoffers het aansienlik verbeter.[304]

Die bestuur van die Noordeindklub (ŉ bediening aan senior burgers wat jare gelede in Stellenbosch-Noord begin is) voel dat die perseel nie meer geskik is vir hulle

[304] Notule van die kerkraad 15 Feb 2002

tweeweeklikse byeenkomste nie – die haweloses 'ruik nie lekker nie', en die werksaamhede in die kombuis veroorsaak ongerief. Sonder om die leierskap van Stellenbosch-Noord in hierdie saak te ken, word die hele bediening na 'n ander gemeente se perseel verskuif. Die gemeente wat hul perseel beskikbaar gestel het, wend ook nie 'n poging aan om met die leierskap van Stellenbosch-Noord te skakel oor hierdie verskuiwing nie. Dit bring mee dat die gemeente nie meer 'n spesifieke bediening onder die seniors het nie.

Die navorser neem waar dat die wedywering om lidmate en bedieninge van so 'n aard is dat gemeentes nou kompeteer teen mekaar soos besighede – die een se verlies is die ander se wins.

Die leierskap van Stellenbosch-Noord is ontsteld oor hierdie gebeure, maar besluit om nie verduidelikings te vra van die ander gemeente of van die bestuur van die Klub nie. Hulle wil eerder stil word en probeer onderskei wat God se plan hiermee is. 'n Verdere groot nood wat aan die lig gekom het tydens die uitreike, is dat baie seniors (veral op die plase en in minder gegoede woonbuurtes) in hulle huise 'sit en wag vir die dood.' Die leierskap sien toe 'n geleentheid raak om hierdie mense op 'n gereelde basis bymekaar te bring vir 'n kuier-oggend. Busse word gereël om die mense na die kerk toe te bring, en hulle word bederf met verversings en ligte vermaak. So word 'n nuwe Seniors-klub gestig, en hierdie kuier-oggende word deur tot 80 mense bygewoon.

Die navorser wonder of die leierskap werklik die dringendheid van hierdie tyd in die geskiedenis ten volle besef. Dit lyk asof die Here 'n klein venstertjie van geleenthede en sinvolheid vir die gemeente oopmaak waarin sy haar voortbestaan en haar roeping moet vind. Indien die leierskap hierdie geleenthede miskyk, kan die gemeente dalk 'n stadige dood sterf.

'n Belangrike vaardigheid wat die leierskap in hierdie tyd ontwikkel, is om voortdurend vir mekaar te sê dat die tradisionele manier van doen nie meer werk in 'n veranderende samelewing nie. Die verlede is wel belangrik sodat eie foute en God se genade raakgesien kan word. Voordat onderskei kan word waarheen God die gemeente roep, moet daar vasgestel word waar die gemeente haar tans bevind.

Hierdie onderskeiding is nooit ’n afgehandelde proses nie, maar ’n deurlopende oefening.

Die omgewing word verken deur met lidmate te gesels en ook met ander mense in die gemeenskap. So word vasgestel wat in die dorp aan die gang is, en wat beplan die stadsraad in terme van uitbreidings, sentrums, opvoeding, ens. Gesprekke word gevoer met die ACVV, die SAPS en ADT om te hoor hoe hulle die gemeenskap sien en ervaar. ’n Etnografiese studie word ook gedoen.[305] Hieruit wil die gemeente onderskei waar God aan die werk is, en waarheen Hy die gemeente roep.

As die navorser na die geskiedenis kyk, sien hy hoe die gebeure van die tyd ’n belangrike rol gespeel het in die stand wat die gemeente in die gemeenskap ingeneem het. Het die leiers van die verlede die insig gehad om die *missio Dei* te onderskei? Is die huidige leierskap paraat genoeg om self te onderskei of is hulle maar ook soos die golwe in die see wat deur die winde van die tyd heen en weer gewaai word? Is hulle in hierdie tyd wat God aan hulle gee, in staat daartoe om mense te lei om Christus te volg deur kerk te wees binne die gemeenskap waar God hulle geplaas het? Kan hulle werklik die alternatiewe geloofsgemeenskap wees? Het hulle die waagmoed om by die nood van die gemeenskap betrokke te raak? Of is hulle koersloos en maar tevrede om te bly waar hulle is? Het hulle die moed om die foute van die verlede te erken en te bely en sodoende die paaie van vergifnis oop te maak en die seer van die verlede finaal te begrawe?

Die gemeente kan nie meer bly ronddwaal op die oewer van die drif waardeur hy getrek het nie. Die *missio Dei* het te doen met die hede en lei die gemeente die toekoms in. Die hele gemeente, oud en jonk, leef op die regte tyd en is die regte ouderdom, want dit is God wat bepaal wie wanneer leef. Dit is dus elke lidmaat se taak om sy/haar geloof in gehoorsaamheid uit te leef. Nie net binne die strukture van die gemeente nie, maar ook in elkeen se persoonlike lewe, waar die Here hom/haar ook al geplaas het.

[305] Sien hoofstuk 7

Wat die leierskap by die lidmate gehoor het, is dat hulle by bedieninge betrokke wil wees wat hulle help om hulle geloof binne die gemeente uit te leef – hulle wil dus graag sinvol wees. Dit gee hulle hoop as hulle sien dat bedieninge bestaan soos die kombuisprojek, die bediening aan haweloses, die nuwe Seniors-klub, die jeugklubs, Bybellering en ander toerustingsgeleenthede, ens.

4.2.6.3 Samevatting

Dit is bemoedigend om te sien dat die huidige leierskap hierdie geskiedenis onthou en sensitief is om nie dieselfde foute te maak nie.

Die gemeente het al meer by bedieninge betrokke geraak, maar die navorser het die vermoede dat dit aanvanklik baie mark-georiënteerd was en nie soseer missionaal nie. Die volgelingskap van die geinkarneerde Christus was nie gesien as ʼn diens aan mense in hulle nood nie, maar eerder as bedieninge met die hoop om die aansien van die gemeente te verhoog en sodoende meer mense na die gemeente te lok. *Churches cannot stand apart from society and invite people to come to them on their terms.*[306]

In ʼn markgeoriënteerde benadering word moeite gedoen om die behoeftes van die mense in die omgewing na te vors en dan die bediening aan te pas daarby om sodoende mense na die kerk te lok. Met Jesus is dit anders. Sy agenda was nie bepaal deur die skare of dissipels of die godsdienstige leiers nie. Sy agenda is bepaal deur die wil van die Vader wat Hy onderskei het. Jesus het na die wêreld gekom om iets vir mense te bied wat hulle nie eens geweet het hulle nodig het nie. *Central to the gospel is the news that God has graciously provided something that humanity didn't even know it needed.*[307] Dit was die missionale ingesteldheid van die vleesgeworde Jesus. Die Kerk is die volgelinge van Jesus. Dissipels wat die meester volg om die meester na te doen. Daarom kan die kerk nie markgeoriënteerd wees nie. ʼn Missionale kerk verstaan dat Jesus se vleeswording hulle roep om mense in hulle lewensomgewing met hulle saam te neem.

---

[306] Gibbs. *Church next*, 45
[307] Gibbs. *Church next*, 51

Die onderskeiding van die *missio Dei* word al meer sigbaar na 2002. Dit was ’n tyd waarin die gemeente kort na mekaar prominente leiers aan kanker verloor het. Ds. Gilmour is in 2001 oorlede en die navorser se eggenote in 2002. Die gemeente was broos en die leierskap sonder antwoorde. Dit het hulle meer en meer na God gedryf. Vergaderings het al meer ’n geestelike karakter gekry. Die genade van God in Christus is al meer uitgeleef. Die armes en die noodlydendes en die vreemdeling is met die meelewingsliefde bedien. Nuwe verhoudings is met bruin gemeentes en self ander denominasies geknoop. So het die verhoudingsliefde ook gestalte gekry.

Die nagraadse studie van die leraar het die leierskap verder gehelp om dit op hierdie pad te waag. Die *missio Dei* het nou deel geword van die karakter van die gemeente soos uit die etnografiese ondersoek blyk.

4.3 Samevatting van die hoofstuk

Deur na die tydlyn te kyk, word die invloed van die ideologie van apartheid duidelik onderskei. Dit, gepaardgaande met die maatskaplike en ekonomiese krisis waarin baie gemeentelede hulle bevind het, het die gemeente na ’n na-binne-gerigtheid geforseer. Op vergaderings en tydens besluitnemingsprosesse is daar nie werklik tyd gemaak vir die luister na die Heilige Gees om sodoende die *missio Dei* te onderskei nie. Die leierskap het die *status quo* heftig verdedig, want dit het vir hulle die illusie geskep van veiligheid en beheer.

Toe die makro- en mesokontekste in die land en op Stellenbosch dramaties begin verander, kon die gemeente nie vinnig genoeg daarby aanpas nie. Dit was eers toe daar ’n verskuiwing in die leierskap gekom het dat hulle besef het dat die ou paradigma van kerkwees nie meer relevant en/of lewensvatbaar is nie. ’n Groeiende bereidheid om op God te wag en risiko’s te neem in die gehoorsaamheid aan die *missio Dei* het kenmerkend geword van die leierskap se bestuur en besluitnemingsprosesse.

HOOFSTUK 5

HOE LYK DIE GEMEENTE AAN DIE EINDE VAN 2007?

5.1 Inleiding

Die leraar het met die goedkeuring van die kerkraad ingeskryf vir M.Th. in Missionale Transformasie omdat hy besef het dat transformasie reeds in die gemeente aan die gebeur is. Hy wou die prosesse beter verstaan en aanmoedig. As deel van die studie-opdrag is daar ʼn etnografiese ondersoek gedoen om die identiteit van die gemeente te bepaal. Die resultaat van hierdie ondersoek het die missionale transformasie in Stellenbosch-Noord bevestig.

Die tipe etnografie wat hier gebruik is, staan bekend as *toegepaste etnografie*[308] *(to put a culture into writing*[309]*).* Hierdie navorsingsmetodologie poog om ʼn kultuurgroep te beskryf vanuit die oogpunt van diegene wat in daardie kultuur leef.[310] Etnografie is ʼn kwalitatiewe navorsingsmetode wat gebruik word om hipoteses te toets wat nie deur kwantitatiewe metodes (wat gebruik maak van statistiese analises[311]) gedoen kan word nie.

Hierdie etnografiese ondersoek het behels dat daar aan 24 individue agt vrae gevra is (die vrae word later in hierdie hoofstuk gestel). Die 24 het bestaan uit 6 aktiewe en invloedryke *family members*[312]; 6 *outside members* (persone wat die kerk besoek na gelang van hulle behoefte) en 12 *inside members* (persone wat die eredienste gereeld bywoon, maar nie baie betrokke is nie).

ʼn Verdere doel van die etnografiese ondersoek is om vas te stel hoe die lidmate die gemeente ervaar. Die antwoorde op die vrae word dan in ʼn leesverslag geformuleer wat tot ʼn mate die 24 persone se respons opsom.

---

[308] Keifert. *Ons is nou hier*, 152
[309] Marais. *Pushing through the pain*, 5
[310] Keifert. *Ons is nou hier*, 152
[311] Marais. *Pushing through the pain*, 5
[312] Hendriks. *Trauma and conflict*, 14

Die bevindinge van die leesverslag het metodologies konstruktiewe replikasie binne die tydlyn verskaf wat die hipotese verder as waar bewys.

Die simbole wat in die verslag gebruik word, verteenwoordig die volgende:

Geslag	M = Manlik / V = Vroulik
Ouderdom	bv. 4 = in die veertigs
Taal	A = Afrikaans / E = Engels
Inskakeling	I = Binnekring / F = Familie / O = Buitestaander/Besoeker
Aantal jare in die gemeente	

Profiel van die 24 lidmate:

1.	M	4	AF	F	10+
2.	V	5	AF	F	10+
3.	V	3	AF	F	5-10
4.	V	2	EN	I	2-
5.	V	5	AF	F	10
6.	M	7	AF	I	2-5
7.	M	5	AF	F	2-5
8.	V	6	AF	I	10+
9.	V	6	AF	F	10+
10.	V	1	AF	O	2-5
11.	V	3	AF	I	2-5
12.	V	4	AF	I	10+
13.	V	3	AF	O	2-5
14.	M	4	AF	I	2-5
15.	V	4	AF	I	2-5
16.	M	3	AF	I	5-10
17.	V	3	AF	I	5-10
18.	M	3	AF	I	5-10
19.	V	7	AF	O	10+
20.	M	7	AF	I	10+
21.	V	4	AF	I	2-5
22.	M	5	AF	O	10+

23.	V	3	AF	O	2-5
24.	M	2	AF	O	10+

Die volgende agt vrae is gevra waarop hulle in hulle eie woorde kon antwoord:

1. Beskryf die gemeente aan ŉ nuwe persoon
2. Hoe leer gemeentelede wat dit beteken om ŉ volgeling (dissipel) van Jesus te wees?
3. Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.
4. Beskryf ŉ ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.
5. Vertel van ŉ situasie waarin jy en/of ander mense by ŉ probleem of konflik by die kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.
6. Wat maak jou angstig oor die toekoms van die gemeente en wat gee jou hoop?
7. Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die gemeente plaasgevind het.
8. Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het?

Die respons is aan die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes deurgestuur en hulle het die volgende leesverslag saamgestel.

5.2 Stellenbosch-Noord: Leesverslag

<u>Vraag 1: Beskryf die gemeente aan ŉ nuwe persoon.</u>

Die opvallendste kenmerk van die gemeente is die vriendelikheid en warmte ("soos ŉ familie") van egte omgeeliefde waarmee julle mense laat tuis voel (13 respondente noem dit spesifiek). Dit word ook as "gasvryheid" beskryf. Selfs die buitestaanders voel "altyd tuis daar", en sê dis "lekker om aan die gemeente te behoort." ŉ Uitstaande kenmerk is dat julle "ŉ besonder gemengde groep mense (is) met betrekking tot die sosio-ekonomiese diversiteit."

Daarby is julle bekend as ŉ gemeente wat gerig is op diens en praktiese hulp aan die nabye gemeenskap (5) en word julle as "hulpvaardig" bestempel (3). Respondente sê bv. "Gelowiges wat trag om Jesusliefde uit te leef, ander daarmee te seën en tot hulp te wees tot eer van God"; "reik uit na agtergeblewenes", en noem werkskeppingsprojekte, voorsiening van etes, ens.

Hoewel die respondente die gemeente as klein beskou, beskik julle oor ŉ gesonde kerngroep lidmate (4) wat probeer vasstel wat die wil van God is, en dit probeer uitleef. Hierdie instelling en gesindheid skep ŉ gees van "onopgesmuktheid", nie geïnteresseerd wees in prestige, "ŉ gemeente wat nie erg het aan vertoon of beïndruk nie" (3). Hierdie instelling word beide deur die leraar en deur baie lidmate gereflekteer (20+jr.).

Daar is groot waardering vir die persoon en werk van die leraar: "ŉ oop, eerlike man met ŉ hart om ander te bereik vir die evangelie"; "baie suiwer Woordverkondiging".

- Omgeeliefde is tans een van die opvallende gawes wat in julle gemeentekultuur uitdrukking vind. Dit word bevestig deur die vrug van hulpvaardigheid en diensbaarheid wat daaruit voortvloei. **"Waar daar liefde is, en deernis, waar daar liefde is, daar is God die Heer."** Ons het gewonder of julle dié lied (no. 526 in die Liedboek) gereeld sing wanneer julle byeen is, want dit sou maklik julle gemeente se leuse kon wees.

<u>Vraag 2: Hoe leer gemeentelede wat dit beteken om ŉ volgeling (dissipel) van Jesus Christus te wees?</u>

Dis duidelik dat die Bybel ŉ sentrale plek inneem in die vorming van gehoorsame dissipels. Die plek waar dit hoofsaaklik gebeur, is in die erediens/prediking (14), maar ook kursusse en Bybellering (11) dra grootliks by; ook selgroepe (5). Respondente verstaan dat dit gaan om die uitlewing van Jesus se voorbeeld (3), en in die leerproses is ander mense (ook die leraar) se voorbeeld ŉ belangrike hulpmiddel (4). Die rol van die Heilige Gees en sy werking word ook erken.

Wat die praktiese uitleef van dissipelskap betref, word lidmate aangemoedig om by uitreike en ander aktiwiteite van die gemeente betrokke te raak (5). Dit gaan ook om "lewenswyse, manier van optrede" (30+).

Vraag 3: Vertel iets wat illustreer hoe jy ervaar dat God teenwoordig is en hoe Hy werk in hierdie gemeente.

Die voorbeelde wat genoem word, gee blyke van 'n deurleefde bewussyn van die teenwoordigheid van God deur sy Gees in die gemeente. Voorbeelde sluit in: uitreike en bedieninge, o.a. aan haweloses en straatkinders, en die tyd, energie en finansiële steun wat daaraan bestee word (7); erediens/prediking – "vrede in die kerkgebou" (5), veral tydens nagmaal (1), Pinkster (1) en jeugdienste (1); die omgee vir mekaar (5) – 3 tieners ervaar "die liefde van God voelbaar en sigbaar in die omgee van gemeentelede vir mekaar" en "band van liefde en omgee." Drie persone (een buitestaander) getuig dat God op 'n besondere manier deur sy Gees werk om antwoorde op hulle lewensvrae te gee.

Ander voorbeelde van God se teenwoordigheid en werk word ervaar in gebedsverhoring (4), in persoonlike hulp en omgee wat van die gemeente ontvang is in moeilike omstandighede (3), in die feit dat almal kan tuis voel in die gemeente (2) – "dat almal, ryk en arm, blank, bruin en swart tuis kan voel, met mekaar omgaan en min of geen vooroordele sigbaar" (F 50+).

Vraag 4: Beskryf 'n ervaring van betekenisvolle aanbidding van God wat jy in die gemeente gehad het.

Nog meer voorbeelde van besondere ervarings in die teenwoordigheid van God word verstrek, bv. tydens Week van gebed, Pinkster (3), Toewydingsdiens (2), Nagmaal (2), jeugdienste (2). Sang en meditasie dra by tot die ervaring van aanbidding (3), so ook getuienisse, preke en gebede. Vir nog ander was belydenisaflegging sinvol (2), en 2 persone noem die interkerklike dienste saam met ander gemeentes een maal per maand. Iemand sê ook: "Afwisseling in tipe erediens bring dinamika – meer as een manier waarop God aanbid kan word." (30+)
Twee vertel van voorbidding wat hulle in moeilike tye gedra het.

- Hoewel alle respondente nie spesifiek oor ’n ervaring van *aanbidding* gepraat het nie, is daar genoeg tekens van ’n diepe respek en afhanklikheid van God. Dit wil voorkom of gemeentelede die Here veral as Helper, Voorsiener en Versorger ervaar. Met die nodige leiding en bewusmaking deur die liturg glo ons dat die gemeente tot ’n nog dieper vlak van aanbidding begelei kan word, deur bv. bewustelik te fokus op meer fasette van die “karakter” van die Drie-enige God soos Hy Homself in Jesus Christus aan julle openbaar deur die Heilige Gees.

Vraag 5: Vertel van ’n situasie waarin jy en/of ander mense by ’n probleem of konflik by die kerk betrokke was en hoe dit hanteer is.

Hier is nie baie tekens van konflik nie, en in elk geval nie ernstige konflik nie. Dit lyk nie asof julle konflik probeer vermy of ontken nie, maar eerder asof julle moeite doen om onenigheid wat opduik, op te los “op die Bybel se manier en nie die wêreld s’n nie (10+), d.w.s. “met kalmte en vriendelikheid”, “baie sensitief” en met baie gebed.

Vraag 6: Wat maak jou *angstig* oor die toekoms van die gemeente, en wat gee jou *hoop*?

Angstigheid bestaan oor die oorlewing van die gemeente: kwynende getalle, swakker erediensbywoning, veral deur kinders en jongmense, die finansiële implikasies daarvan, en selfs die moontlikheid dat die gemeente op ’n dag sy deure sal moet sluit (9). Dat die jeug nie meer betrokke is/wil wees nie, is ’n bron van kommer (2).

Daarteenoor is die vlakke van hoop beduidend hoër. Die hoop berus veral op die feit dat daar vertroue in die “goeie leierskap” is wat op ’n geloofsonderskeidende manier die wil van God te wete probeer kom voordat hulle besluite neem, en op die lidmate wat bereid is om “die pad te loop soos wat dit gelei sal word”, en in “gebed, volharding en afhanklikheid van God”, “kalm en rustig voortgaan en werk” – hulle hoop op God gevestig (6). Nog 5 vestig hulle vertroue op God self wat in beheer is. Ses persone put hoop uit die uitreik- en hulpprojekte van die gemeente (voedselaksie, Voetspore, Kombuisprojek, bediening aan haweloses, skaak vir woonstelkinders). Laaste, maar nie die minste nie, skep die suiwer Woordverkondiging ook hoop (2).

- Die kommer oor kwynende getalle is tipies van die meeste gemeentes wie se oorlewing op die spel is. Dit dui gewoonlik op ʼn blik na binne, en na die drang tot instandhouding van die bestaande strukture. Dit is volkome begryplik as ʼn gemeente baie van sy vroeëre steunpilare aan ander gemeentes moes afstaan. By julle het ons egter reeds van vraag 1 af ʼn gerigtheid en fokus na buite, na liefde en dienslewering oor grense heen waargeneem, wat eintlik ʼn bietjie in stryd is met hierdie terugblik na binne. Ons glo dat God julle reeds deur sy Gees gelei het op ʼn uitwaartse pad, en dat julle nie moet toelaat dat die sentiment oor lidmate wat julle verloor het, julle gedagtes oorheers of julle energie tap nie.

Vraag 7: Vertel hoe jy en ander voel oor die veranderinge wat in die afgelope 3–5 jaar in die gemeente plaasgevind het.

Die veranderinge wat oor die laaste paar jaar plaasgevind het, is reeds so geïntegreer met die gemeente se hele bestaan en bedieningswyse, dat dit nie eers meer vermeld word nie. Daarby is baie van die respondente mense wat nog nie baie lank daar woon nie, en dus nie die gemeente van vroeër geken het nie.

Naas die hartseer oor al die lidmate wat die gemeente verlaat het, is daar ook in dieselfde asem die besef dat die "sendingveld" nader gekom het. Ander rasse wat eredienste bywoon, word positief ervaar en verwelkom (4). Daar is ʼn roepingsbesef onder die respondente: "Ons is verteenwoordigers van Jesus. Ons moet omgee soos hy. Mekaar bedien, geestelik sowel as liggaamlik. Samewerking met ander gemeentes is ook nodig. Ten spyte van kommer oor die gebrekkige inskakeling van nuwe intrekkers soos studente, is daar ʼn waarneming dat erediensbywoning aan die verbeter is – "dit lyk of die Here begin beweeg in die gemeente" (40+).

Vraag 8: Hoe voel jy en ander oor die veranderinge wat in die afgelope 3-5 jaar in die samelewing rondom julle plaasgevind het?

Die gemeente is daagliks bewus van die realiteite van ʼn veranderde samelewing: agteruitgang, geweld, morele verval, toenemende armoede, werkloosheid, dwelm-

misbruik, drankmisbruik, gejaagde lewenstempo, toename in hooploosheid. Terselfdertyd is daar ʼn verantwoordelikheids- en roepingsbesef wat sê, ons is verteenwoordigers van God; ons gee om; ons moet biddend na die situasie kyk; ons wil ʼn verskil maak.

5.3 Samevatting

Die resultaat van die etnografiese ondersoek het bewys dat die identiteit van die gemeente wel geskuif het. Die gemeente was in die verlede ideologies gedrewe en gerig op ʼn bepaalde bevolkingsgroep. Die nuwe verstaan, vanuit die Woord, van wie God is en die ervaring van Hom deur die Gees het die leierskap nuut laat dink oor die kerk en haar roeping. Dit het daartoe gelei dat die gemeente al meer betrokke geraak het by die *ander* in die omgewing en sodoende het die missionale roeping al duideliker geraak.

HOOFSTUK 6
SAMEVATTING

Die NG Kerk Stellenbosch-Noord het deur ʼn moeisame en pynlike proses van missionale transformasie gegaan om stelselmatig iets van die *missio Dei* te onderskei. Die etnografiese studie van die gemeente bevestig dat die identiteit van die gemeente geskuif het van ideologiese gedrewenheid na ʼn missionaal gedrewe gemeente wat die *ander* insluit. Hierdie transformasie is aangehelp deur die veranderinge in makro- en mesokontekste, die demografiese verskuiwing, die herbesinning oor die Woord, veral Johannes 1, en die verandering in die leierskap self.

Naas bogenoemde besinning toon die oorsig oor die gemeente se geskiedenis duidelik aan hoe die transformasieproses ontwikkel het. Dit wat die hipotese vermoed het, kon duidelik bewys word. Die gemeente was gerig op haar voortbestaan as ʼn ideologies-gedrewe gemeenskap binne ʼn bepaalde bevolkingsgroep. Die tydlyn lig dit verder uit dat die groeiende onderskeiding van die *missio Dei* die gemeente gehelp het om die *missiones ecclesiae* te vorm.

ʼn Paradigmaskuif het plaasgevind, maar die groot vraag is of die leierskap en die gemeente ʼn duidelike prentjie het waarheen hulle op pad moet wees. Die gemeente het ʼn oorgangstyd beleef met die gepaardgaande drama en pyn. Die ou *societas* is afgebreek deur makro- en meso-faktore, wat die leierskap daartoe gebring het dat hulle die *missio Dei* begin onderskei het. Die gemeente is tans ʼn nuwe dog klein *communitas* binne ʼn groter apatiese *societas*.[313] *We know, as it were, what we are beyond; but we still do not have a clear idea of what will take its place*.[314]

Die gemeente kan nie teruggaan na waar hulle voorheen was nie. *The doorway to the* status quo ante *has been forever blocked.*[315] As die leiers nie die vaardigheid bemeester om die *munis* en *missio Dei* voortdurend te onderskei nie, vermoed die navorser dat die gemeente, wat reeds kwesbaar en klein is, sal disintegreer en oplos in die omringende gemeentes.

---

[313] Burger. *Gemeentes in transito*, 28-29
[314] Schreiter. *Liberation and reconciliation*, 12
[315] Schreiter. *Liberation and reconciliation*, 13

BRONNELYS

Babbie, E. and J. Mouton. 2001. *The practice of social research.* Oxford: Oxford University Press.

Barrett, LY (Ed). 2004. *Treasures in clay jars: patterns in missional faithfulness.* Grand Rapids: William B. Eerdmans.

Bell, R. 2005. *Velvet Elvis: repainting the Christian faith.* Michigan: Zondervan.

Bevans, SB. and P. Schroeder. 2004. *Constants in context: a theology of mission for today.* Eugene: Wipf and Stock.

Bosch, DJ. 1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission.* Maryknoll: Orbis.

Burger, C. 1995. *Gemeentes in transito: vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd.* Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C. 2005. *Ontmoetings met die lewende God: hoe God ons roep, nuut maak – en stuur.* Wellington: Bybelkor.

Die Burger. http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2007/02/26/SK/11/BBaboesakbiscombe.html. - Laaste besoek op 26 Junie 2008.

Douglas, JD. (ed.) 1974, c1962. *The new Bible dictionary.* London: Inter-varsity Press.

Du Toit, B. 2000[2002]. *God?: Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Easton, MG. 1996, c1897. *Easton's Bible Dictionary*. Oak Harbor, WA : Logos Research Systems, Inc.

Els, JM. 2001. *Grieks-Afrikaanse Woordeboek Met Strong Se Numering*. Johannesburg : Logos Information Systems.

Engelsviken, T. 2003. Missio Dei: the understanding and misunderstanding of a theological concept in European churches and missiology. In: *International Review of Mission.* Oct 2003, 92(367), p481-497.

Fourie, L en JP Landman. 2002. *"Hoe lyk dit, Suid-Afrika?"* [Geen uitgewer]

Frost, M. 2006[2007]. *Exiles: living missionally in a post-Christian culture.* Peabody: Hendrickson.

Gibbs, E. and I Coffey. 2001. *Church next: quantum changes in Christian ministry.* Leicester: IVP.

Gittins, AJ. 2002. *Ministry at the margins: strategy and spirituality for mission.* Maryknoll, New York: Orbis Books.

Groenewald, EP. 1980. *Die Evangelie van Johannes.* Kaapstad, NG Kerk Uitgewers.

Hall, DJ. 2002. *The end of Christendom and the future of Christianity.* Eugene: Wipf and Stock.

Hendriks, HJ. 2004. *Studying congregations in Africa.* Wellington: Lux Verbi.

Hendriks, HJ. [to be published in 2009]. A change of heart: Missional theology and social development. In: **Swart, I. (ed.).** *Religion and social development in post-apartheid South Africa: Perspectives for critical engagement.* [?]: Sun Media.

Hendriks, HJ. 2009. Trauma and conflict as prerequisites for identity transformation: lessons from the South African Partnership for Missional Churches. In: *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 50(1&2):109-119.

Jamieson, R. et al. 1997. *A Commentary, Critical and Explanatory, on the Old and New Testaments*. Oak Harbor, WA : Logos Research Systems, Inc.

Jansen, G. *Western Medicine – secularised and secularising.* http://www.geocities.com/missionalia/westmed1.htm - Laaste besoek op 5 Junie 2008.

Keel, T. 2007. *Intuitive leadership: embracing a paradigm of narrative, metaphor, and chaos.* Grand Rapids: Baker Books.

Keifert, P. 1992. *Welcoming the stranger: a public theology of worship and evangelism.* Minneapolis: Augsberg Fortress.

Keifert, P. 2007. *Ons is nou hiér: 'n nuwe era van gestuur-wees.* Wellington: Bybel-Media.

Kinghorn, J. (red.) 1986. *Die NG Kerk en apartheid.* Johannesburg: Macmillan.

Kritzinger, JNJ (Klippies). *A question of mission – a mission of questions.* http://www.cwmnote.org/klippies.php. - Laaste besoek op 5 Junie 2008.

Kurian, GT. 2001. *Nelson's New Christian Dictionary: The Authoritative Resource on the Christian World*. Nashville, Tenn. : Thomas Nelson Pubs.

Mann, A. 1998. *The in-between church: navigating size transitions in congregations.* Herndon, VA: Alban Institute. http://www.congregationalresources.com. - Laaste besoek op 25 Augustus 2009.

Marais, F. 2007. *God praat: leef luisterryk vir vergaderings.* Wellington: Bybelkor.

Marais, F. and PT Ellison. [Unpublished]. *Pushing through the pain: the spirit transforming churches across the world – a draft of early reflections on a narrative/ethnographic contextual model for the research of congregations in conversation with a missional vision for the church.*

Media Club. http://www.mediaclubsouthafrica.com - 2001-sensus. - Laaste besoek op 24 Augustus 2009.

Möller, GSJ. 1963. *Ned. Geref. Gemeente Stellenbosch-Noord: Gedenkbrosjure 1953-1963.* [Geen uitgewer].

Muller, CFJ. (red.). 1968. *500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis.* Pretoria: Academica.

Nussbaum, S. 2005[2008]. *A reader's guide to Transforming missions.* Maryknoll: Orbis.

Ned Geref Gemeente Stellenbosch-Noord. 1963. *Gedenkbrosjure.* Stellenbosch.

Peterson, EH. 2005. *Christ plays in ten thousand places: a conversation in spiritual theology.* London: Hodder & Stoughton.

Reader's Digest. 1989. Illustrated History of South Africa: The real story.

Richebacher, W. *Missio Dei: the basis of mission theology or a wrong path?*

Roxburgh, AJ. 2005. *The sky is falling!?! Leaders lost in transition.* Eagle, Idaho: ACI.

Schreiter, R. 2003. *Liberation and reconciliation as paradigms of mission.* Swedish Mission Council.

Schreiter, R. 1997. Reconciliation. In: Karl Müller et al. *Dictionary of mission: theology, history, perspectives*. Maryknoll: Orbis, pp379-381.

Shaw, DR. and Charles E van Engen 2003. *Communicating God's Word in a complex world.* Lanham: Rowman and Littlefield.

Social Survey 2005: Stellenbosch Municipality (WC 24) Compiled by: Common Ground Holdings, Unit for Religion and Development Research and Mr. Neville Naidoo and Associates Commissioned by: Stellenbosch Municipality, November 2005, Provincial Government Western Cape Provincial Treasury Socio-Economic Profile: Cape Winelands District.

Spier Sustainability Report 2007 – www.spier.co.za. - Laaste besoek op 24 Augustus 2009.

Stellenbosch Gemeente - http://www.sg.org.za/. - Laaste besoek op 7 Oktober 2009.

Strong, J. 1996. *The Exhaustive Concordance of the Bible: Showing Every Word of the Text of the Common English Version of the Canonical Books, and Every Occurrence of Each Word in Regular Order*. Electronic ed. Ontario: Woodside Bible Fellowship.

Sundermeier, T. *Missio Dei today: on the identity of Christian mission.*

Volf, M. 1998. *After our likeness: the church as the image of the Trinity.* Grand Rapids: Wiiliam B. Eerdmans.

Zietsman, HL. 2007. *Recent changes in the population structure of Stellenbosch Municipality.* Geographical Systems Research Bureau Stellenbosch.